

Rokende Houtstomp

Volume 8

Uit die ewige vuur geruk

(Is dit dalk jy?)



Joas Natan

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

**Skryfaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld
nie.**

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

**Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige
manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in
enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die
uitdruklike toestemming van die skrywer nie.**

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

Oorsig

Jaar Een

Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.

Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.

Volume 3: 19 April tot 9 Junie

Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie

Volume 5: 1 Augustus tot 21 September

Volume 6: 22 September tot 12 November

Volume 7: 13 November tot 31 Desember

Jaar Twee

Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie (Huidige boek)

Volume 9: 22 Februarie tot 10 April

Volume 10: 11 April tot 31 Mei

Inhoudsopgawe (Volume 8)

Inleiding	Bladys 7
1 Januarie. Afgode	11
2 Januarie. Angs	17
3 Januarie. Bedink	21
4 Januarie. Bekering	26
5 Januarie. Besluitneming	29
6 Januarie. Bevra	31
7 Januarie. Biegbrief	33
8 Januarie. Bloed en ore	36
9 Januarie. Boeke	38
10 Januarie. Bybelse sielkunde	44
11 Januarie. Dertig teen een	47
12 Januarie. Die dieper doel	50
13 Januarie. Die groot wegbreek	53
14 Januarie. Die groter plan	56
15 Januarie. Die heerlikheid van God	60

16 Januarie. Die lyding van Jeshua	61
17 Januarie. Die mooiste dood	65
18 Januarie. Die prys	68
19 Januarie. Die vloek van ken	70
20 Januarie. Die wet	74
21 Januarie. Dilemma van gehoorsaamheid	79
22 Januarie. Doen iets	87
23 Januarie. Domein van satan	90
24 Januarie. Dood of lewe	93
25 Januarie. Doping van Petrus	96
26 Januarie. Dorings. 1	98
27 Januarie. Dorings. 2	101
28 Januarie. Drie dae	103
29 Januarie. Dodelike suiker	112
30 Januarie. Drie rykes	115
31 Januarie. Drie werklikhede. 1	118
1 Februarie. Drie werklikhede. 2	122

2 Februarie. Een sonde	127
3 Februarue. Een van twee	128
4 Februarie. Ek kan nie	132
5 Februarie. Ek	134
6 Februarie. Essensie van essensies	135
7 Februarie. Evangelie van verdoemenis	138
8 Februarie. Ewige waarheid	147
9 Februarie. Gebroke kommunikasie	149
10 Februarie. Gee my geloof	152
11 Februarie. Gees, siel en liggaam.	156
12 Februarie. Gehoorsaamheid	162
13 Februarie. Geld en kontraste	164
14 Februarie. Genesing	170
15 Februarie. Glo. 1	175
16 Februarie. Glo. 2	178
17 Februarie. God is goed	180
18 Februarie. God of satan	183

19 Februarie. God se goedheid en genade. 1	186
20 Februarie. God se goedheid en genade. 2	189
21 Februarie. Goeie gedagtes	192

Inleiding

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

Waaroor?

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.
3. **Gelowiges wat teruggeval het**. Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.

4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik 'n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik 'n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal 'n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Oor die outeur en finansies.

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as 'n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)

Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.

Joas Natan

Besaliël: God is beskerming.

‘n Afgod is enigiets wat God se plek in die gelowige se lewe inneem. Enigiets wat hoër aangeslaan word of belangriker as God geag word, word ‘n afgod. Enigiets waarop ‘n mens eerder vertrou as op God, is ‘n afgod.

Sommige afgode is maklik herkenbaar. Kom ons noem dit sekulêre afgode. Dit is afgode soos geld, status, geleerdheid, posisie, woonplek, motor, die self, leeftydsefase, ouderdom, fisiese krag, intellek, polisse, pensioen, salaris, beleggings, regering en omstandighede. Hierdie afgode is minder gevaarlik omdat hulle so ooglopend is.

Daar is egter afgode wat baie gevaarliker as die sekulêre afgode is. Kom ons noem hulle godsdienstige afgode. Hulle is juis gevaarlik omdat hulle nie so maklik herkenbaar is nie. Die gevaar van hierdie afgode lê in die feit dat hulle so mooi klink, skynbaar goed is, so godsdienstig is. Kom ons kyk na sommige van hierdie gevaarlike subtiele afgode:

1. Die afgod van die Bybel.

Daar is mense wat vertrou op die feit dat hulle ‘n Bybel het en dat hulle die Bybel lees. Vir hierdie mense is dit ondenkbaar dat ‘n bybelleser verlore kan gaan. Satan is egter by uitstek ‘n bybelleser en nie net ‘n leser nie maar ook ‘n kenner. Hy het Jesus probeer versoek deur uit die Bybel

aan te haal. Jy mag die Bybel elke jaar tweemaal deurlees en indien jy daarop vertrou om jou te red het bybellees vir jou 'n afgod geword.

2. Die afgod van geloof.

Daar is mense wat dink dat as hulle net glo sal alles regkom en sal hulle enigiets kan doen, enige siekte kan genees, materiële besittings kan bekom en voorspoedig sal wees. Geloof op sigself is 'n afgod. Dit het slegs waarde indien die geloof in Jesus veranker is, wanneer Hy die Een is waarin geglo word.

3. Die afgod van gebed.

Gebed kan 'n lang lys van versoeke aan God word. Dit kan ook iets wees waarmee mense hulle heiligheid probeer openbaar soos die Fariseërs. Dit kan ook iets wees waarop mense vertrou eerder as die Een waarop die gebed gefokus moet wees. Ontleed die gebed van baie sogenaamde gelowiges en kyk of die gebed aan die kriteria van God se vereistes voldoen, naamlik dat die gebed primêr oor God se eer, God se Koninkryk en God se wil behoort te gaan, dat ons eers God se Koninkryk en Sy Geregtigheid moet soek voordat al die ander dinge vir ons bygevoeg sal word.

4. Die afgod van die mond.

Tans is een van die mees aangehaalde bybelversies die van Spreuke 18:21-die tong het mag oor dood en lewe, die wat lief is om te praat sal die gevolge dra. Die mag van die tong word dikwels gebruik om seën of vloek

oor jouself te bring, of so word geglo. Daarom is mense versigtig vir wat hulle sê, want hulle glo die tong het magiese krag wat dinge laat gebeur of nie laat gebeur nie. Die Een wat in beheer is van alles word buite rekening gelaat en die mens word sy eie God wat kan beheer deur te spreek of nie te spreek nie.

5. Die afgod van gevoel.

Om staat te maak op jou gevoel kan 'n afgod word. Indien jy glo dat jy gered is omdat jy goed voel het jou gevoel jou afgod geword. Dikwels is mens soos die golwe van die see waarvan Jakobus praat (Jakobus 1: 8) omdat hulle hulle redding vasmaak aan hoe hulle voel; of hulle gered voel en of hulle nie gered voel nie.

6. Die afgod van die denke

Eva was die eerste slagoffer van die denkafgod. Satan het die reggekry om haar te laat glo dat sy soos God kan wees deur alles te ken. Baie mense maak vandag op hulle intellek staat om hulle 'n veilige en voorspoedige deurgang deur die lewe te waarborg. Daar word geglo dat niemand jou geleerdheid van jou kan wegneem nie. Die onbeperkte toegang tot inligting deur die internet laat die mens soos 'n god voel wat in volkome beheer van sy omgewing is. Is kennis mag? Is die misbruik van die gedagte dat kennis mag is, juis die oorsaak vir die bestaan van die afgod van die denke?

7. Die doengod

Soos met die meeste van satan se misleiding is daar in die doenaafgod iets Bybels en iets goed in opgesluit. In Jakobus staan dat geloof sonder daade dood is (Jakobus 2:17). Paulus skryf in die brief aan die mense in Galate dat al wat van belang is, geloof is wat deur liefde tot daade oorgaan (Gal. 5:6). Bybelse uitsprake word 'n afgod wanneer die daade verhef word tot reddende aksies.

8. Die kiesgod.

Die geweldige klem wat op die mens se vermoë om te kan kies, geplaas word, kan menslike keuses tot afgod verhef. Daar word in hierdie instansie geglo dat die mens net reg moet kies om gered te word. Die klem op kies kan 'n mens nie red nie, maar wel die keuse om Jesus as Verlosser te kies en te aanvaar.

9. Die kerkgod

Baie mense glo hulle kerk sal hulle in die hemel bring. Hulle glo kerkbywoning, onderskrywing van die kerk se dogma en die navolging van die dogma sal hulle ewige heil verseker. Sommige kerkaanbidders glo selfs dat hulle dogma alleen die hemelpoorte oopmaak en dat ander kerke se dogma hulle in die hel sal laat beland.

10. Die ritueelgod

Afgode wat hier algemeen voorkom is die tipe musiek, die erediensrituele, die doping, die geestesgawes, die liggaamsbewegings of gebrek aan liggaamsbewegings, die kleredrag, die sit en staan tydens die erediens, die preekstoel of gebrek aan 'n preekstoel, die toga of gebrek aan 'n toga, die das of sonder 'n das, die hoed of hoedloosheid ens. Hoeveel siele het nie al die ewigheid by God misgeloop deur die ritueelgod nie?

11. Die selfgod

Die eerste afgod wat God se eer probeer steel het was die selfgod. Satan het dit reggekry om Eva op die self, in plaas van God, te laat fokus. In haar selfbewuswording is die kiem van haar selfverafgoding geplant. Sedertdien is die self die mens se grootste struikeling. Om self iemand en iets te word het die sekulêre mens se hoogste god geword. Daarom dat 'n mens net agter Jesus kan aankom indien jy jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg (Mat.15:24). Uit die selfgod word die afgod van die menslike denke gebore. Die Humanisme is vandag een van die grootste verleiers en die meeste mense buig voor hom. So glo die mens dat hy enigiets kan doen, dat sy verstandelike vermoëns onbeperk is, dat hy God nie nodig het nie en dat hy sy eie moraliteit kan skep sonder die ouderwetse idees van die Christelike fundamentaliste.

Dit is opmerklik dat die subtiële versluierdheid van die afgod 'n al groter probleem word namate die hart en kern van die ware Godsdiens naamlik Jesus alleen, al meer en meer tevoorskyn tree. Dit is asof satan sy pogings tot misleiding al meer vervolmaak hoe nader die siel aan redding in Jesus alleen beweeg.

Ware Godsdiens

Ware Godsdiens is alleen in Jesus te vinde. Al die ander dinge wat van Jesus se eer as Redder en Verlosser, as Seun van God, die gestorwe en opgestane Heiland, steel, is afgode. Moontlik is dit daarom dat Jesus teen die agtergrond van 'n kruis gekruisig is. Die horisontale dwarsbalk kan op die afgode van die aarde dui. Die vertikale paal kan op die afgode van godsdiens dui. Jesus aan die kruis oorheers hierdie afgode en die klem val op Hom en nie die houtkruis nie. Die kruis trek 'n streep deur alles wat nie Jesus is nie, horisontaal-sekulêr en vertikaal-godsdienstig. Tot net Jesus oorbly. Net Jesus alleen.

Dankie Here Jesus!

Bigtan: Gawe van God.

(Samevatting en interpretasie van praatjie deur Dr. Charles Stanley: In Touch.org)

Die grondbetekenis van Angs is om uit mekaar te trek. Hierteenoor staan die vrede van eenheid, om een te word. Reeds hier aan die begin is dit duidelik dat ang met satan te make het en die teenpool vorm van eenheid wat met God te make het.

Volgens Dr. Stanley is Angs: *Fear of not being able to control*. Die grondessensie van Vrees en Angs is dus onsekerheid. Juis daarom ly so baie mense vandag aan ang. Daar is net eenvoudig te veel onsekerheid oor vandag, môre en die toekoms. Dan is daar natuurlik nog die vrees gebore uit onsekerheid oor die verlede en dinge wat in die verlede gedoen is.

Dr. Stanley noem tien redes waarom 'n mens vrees met vrede in jou lewe behoort te vervang:

- 1. Om te vrees is onskriftuurlik. Jesus moedig ons aan om nie te vrees nie en om nie bekommerd te wees nie.*
- 2. Dit is teen wat God vir ons lewens bedoel het naamlik dat ons 'n lewe vry van vrees kan lewe.*

3. *Vrees het 'n negatiewe invloed op baie aspekte van jou lewe, soos jou gesondheid. Oor die 70% van siektes wat by 'n mediese dokter aanmeld is psigosomaties van aard.*
4. *Angs verdeel jou gedagtes (trek uit mekaar uit). Dit is 'n' distraction.'*
5. *Angs breek jou spoed. Dit maak dat jy stadig en oneffektief reageer, dink en praat.*
6. *Angs ondermyn jou verhouding met jouself en ander mense. Jy kan nie jouself wees nie, jy beoordeel ander verkeerd, jy wantrou, jy vertrou nie op God nie, jy is in stryd met jouself.*
7. *Angs laat jou verkeerde besluite neem. Dikwels lei angs tot oorhaastige besluitneming om weer 'n gevoel van beheer te herwin.*
8. *Angs steel jou vrede en jou vreugde.*
9. *Angs mors jou tyd en energie.*
10. *Angs haal nie die beste uit jou uit nie. Inteendeel.*

Hoe raak 'n mens van angs in jou lewe ontslae:

Die antwoord is in Fil. 4: 4 tot 7 te vinde:

Rejoice in the Lord always (delight, gladden yourselves in Him). Again I say rejoice!

Let all men know, perceive, recognize your unselfishness (your considerate and forbearing spirit). The Lord is near. He is coming soon.

Do not fret or have anxiety about anything, but in every circumstance and in everything by prayer and petition (definite requests), with thanksgiving, continue to make your wants known to God.

And God's peace (shall be yours, that tranquil state of a soul assured of its salvation through Christ, and so fearing nothing from God and being content with its earthly lot of whatever sort that is, that peace) which transcends all understanding shall garrison and mount guard over your hearts and minds in Christ Jesus.

Samevattend:

- 1. Erken jou vreesagtigheid voor God. Wees eerlik.**
- 2. Onthou om altyd in dankbaarheid na God toe te kom vir Sy liefde, dat Hy God is van jou lewe, dat Hy lief is vir jou, dat Hy begrip het en dat Hy verstaan.**
- 3. Erken voor God dat jy nie meer in staat is om iets aan jou probleem te doen nie.**
- 4. Daar is 'n drievoudige oortuiging wanneer 'n oplossing vir vrees gesoek word:**
Lê jou angs voor Hom neer.
Kom sê dankie.
Kom in geloof in die wete dat Hy jou liefhet, dat Hy uitkoms vir jou wil gee. Hy bou 'n skuiling om jou (Garrison)

Gee oor, vertrou Hom, laat Hom toe, gee dit vir Hom, surrender!

Onthou: Anxiety is always a faith battle and ultimately anxiety is a choice.

3 Januarie

Bedink

Bigwai: Gelukkig.

In die King James Bybel staan Spreuke 23:7 soos volg opgeteken:

As he (a man) thinketh in his heart, so is he. Of

As a man thinks in his heart, so does he become.

Dit wat 'n mens bedink het 'n groot invloed op dit wat die mens is en word.

In Romeine 12:2 staan:

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.

Hierdie gedeelte in Romeine 12 begin Paulus deur die broers aan te spreek. Dit wil sê dit is medegelowiges. Ons as medegelowiges kan ook hierdie woorde ter harte neem. God het immers alles nuut gemaak toe ons wedergebore is. Ook ons gedagtes word nuut. Daarom moet ons nie die gedagtes van die ou mens, wat afgesterf het, bedink nie. Die gedeelte in Spreuke 23:7 spel juis die gevaar uit om met ou gedagtes te dink. Ons word wat ons dink en is soos dit waarmee ons ons gedagtes besig hou. Die gedagte-wêreld is 'n duidelike tweekantige saak; of jy word soos God deur die dinge van God te bedink of jy word soos satan deur die dinge van satan te bedink. Hoe kan die invloed van 'n 20 minute preek op 'n Sondagoggend opweeg teen die 120 minute of meer wat aan die Sondagkoerant bestee word in die vorming van neuronbane in die brein? Om te toets of jy die

dinge van God bedink is heel eenvoudig. Dit staan vir ons opgeteken in Fil. 4:8 en word beantwoord deur die volgende vraag uit te spreek oor dit wat in jou gedagtes is:

Is dit waar?

Is dit eerbaar?

Is dit reg? (regverdig)

Is dit rein?

Is dit lieflik –mooi?

Verdien dit lof?

Indien hierdie toets van die nuwe gedagtes aangelê word sal 'n mens weet watter soort mens hy besig is om te word; 'n Mens na God se hart of 'n mens na satan se hart.

Dit bring ons dan by die subtile verleiding van satan in die tyd wat ons leef. Nog nooit in die mens se geskiedenis was daar soveel om te weet, wat net met die druk van 'n knoppie op die internet, beskikbaar gestel kan word nie. Behalwe die internet is daar 24 uur 'n dag deur nuusberigte, nuus van oor die hele wêreld beskikbaar, oor televisie, die internet, die nuusblaaie en radio-uitsendings. Die eeu-oue boodskap van satan klink vandag nog steeds in die mens se ore, uit Gen. 3:5b. *Dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.* Soos gewoonlik kom satan deur halwe waarhede na die mens toe soos ook in hierdie woorde. Dit

is waar dat die mens alles kan ken maar dit is onwaar dat hy dan soos God sal wees. Tog glo die moderne mens hierdie leuen van satan en soek hy onafhanklikheid, selfbeheer en eie vergoddeliking, in die weet van alles. In die weet van so veel as moontlik, is daar dikwels 'n blootstelling van die mens aan die vieslikhede van die wêreld. Die perferse genot wat die sinlike en sondige prikkelling bring lei dikwels tot adrenalienafskeiding. Vandaar dan ook dat daar by die meeste nuusfundies 'n totale verslawing aan inligting en nuwe inligting intree. Sonde is werklik verslawend.

Die grootste misleiding van satan kom egter daarin dat hy dit reggekry het om die mens te oortuig dat dit nodig is om soveel as moontlik van die slegte te weet. Dit wil voorkom of daar 'n duiwelse bekoring is in die meer weet van die slegte. Hoe meer die mens sy gedagtes met die slegte vul, onder die voorwensel dat hy sy vyand moet ken, hoe meer word die mens dit waarmee hy sy gedagtes vul. In hierdie verband word die mens oorspoel met artikels en boeke oor die verkeerde, die slegte en die onGoddelike soos die baie inligting ten opsigte van die okkulte, die Moslems, die Mormone, die Katolieke, die Jesuïte, misdaad, die korrupte, die onsedelike en vele meer. Die leuen van satan dat, in alles 'n balans gehandhaaf moet word, word vandag nog ywerig nagevolg veral ten opsigte van die Godsdiens. Satan word geglo eerder as God wanneer God sê dat Hy ons uit Sy mond sal spuug as ons lou is en nie warm vir Hom nie. In hierdie verband kan die omgekeerde van Fil. 4: 8 as norm aangelê word:

Is dit onwaar?

Of halfwaar? Kon dit maar net die skrywer of verslaggewer se persepsie wees?

Is die konteks van dit wat beoordeel word bevestigend? Probeer die skrywer jou doelbewus mislei soos vir politieke voordeel? Is die skrywer betroubaar of weet jy niks van die skrywer af nie?

Is dit veragtelik, sleg, sondig, onrein en onsedelik?

Byvoorbeeld: propageer dit wat jy hoor, lees en sien buitehuwelikse seks, bevorder dit saamwoonverhoudings, gaan dit oor roof, moord, verkragting, molestering, korrupsie, bedrog, homoseksualisme en aborsie?

Is dit onregverdig?

Word die skelm beskerm, kry mense te ligte vonnisse, word skelms dikwels beskerm en met bevordering beloon, word misdadig verdra en verskoon, kry mense parool om politieke redes, word persone as bo die wet verhewe beskou?

Is dit onrein en onsedelik?

Is dit lelik?

In hierdie verband veral grafiese beelde soos onthoofding, ongelukstonele, menslike ellende en dieremishandeling?

Sal jy dit verdoem?

Sal jy jou minderjarige kinders daaraan blootstel, of jou vrou in detail vertel wat jy in detail gelees, gehoor of gesien het, of dit bespreek waar jou dominee of pastoor teenwoordig is. Sal jy 'n grap van die slegte maak en so vir satan 'n sterk ingang tot beïnvloeding bied? Indien satan jou die aanvaarbaarheid van die slegte in die komiese daarvan kan laat beleef, het hy toegang tot jou siel gekry.

Wanneer jy soos jou leermeester geword het of besig is om te word, kan jy verwag dat dit waarmee jou leermeester jou leer en jou gedagtes vul, jou behoefte sal word. Jy sal of meer van die goeie begeer of meer van die slegte. So sal die wat het nog bykry en die wat nie het nie dit wat hulle het verloor.

Is dit dan nog snaaks dat die wêreld teen 'n ontsettende spoed in 'n afgrond van sedelike verwording wegtuimel? Wat bedink jy? Soos wie word jy?

Wat gaan jy met die Goddelike waarhede, wat jou nou aanspreek, doen?

Jy het 'n keuse.

Hoe gaan jy jou keuse uitoefen?

Bilga: Glans.

Daaglikse of gereelde bekering is vir die meeste gelowiges 'n vreemde gedagte. Dit is egter nodig om die Heilige Gees toe te laat, om dinge wat verkeerd is in jou lewe, aan jou te openbaar. So 'n openbaring maak dit moontlik om die fout gelowig te bely met die voorneme om dit nie weer te doen nie, met ander woorde om jou daarvan te bekeer.

Perfeksionisme, sê die geleerdes, is gebore uit die behoefte om in beheer te wees. Wanneer jy onseker of bedreigd voel, en voel dat jy besig is om beheer te verloor laat perfeksionisme jou veilig voel. Wanneer alles perfek is, voel ek in beheer en het ek niemand en niks anders nodig nie. Dalk is in ons strewe na perfeksionisme 'n stuk ongeloof teenwoordig. Indien ekself alles onder beheer het en alles perfek om my is het ek nie nodig om op die Here te vertrou nie en ook nie op ander nie. *Ek sal alles sommer self doen dankie, dan weet ek dit is goed gedoen.* In my lewe, en ek dink soms in jou lewe, is hierdie probleem dalk een van die grootste aanduidings van die noodsaaklikheid van gereelde bekering. 'n Wegkeer van jouself na Jesus toe in diepe afhanklikheid van wat Hy vir jou lewe beplan en hoe Hy hierdie groot plan vir jou lewe laat verloop.

Die toets of jy in diepe afhanklikheid van God lewe, en of jy waarlik Sy wil vir jou lewe soek, kan in drie eenvoudige selfondersoeke gevind word naamlik:

1. Is jy **tevrede** met jou omstandighede? Is jy soos die Bybel sê vergenoegd?
2. Is jy in alle omstandighede **dankbaar** teenoor God vir wat ookal op jou lewenspad kom?
3. Is jou erfenis vir jou **mooi**? Kan jy waarlik sê dat dit wat God vir jou gee, vir jou mooi is?

Perfeksionisme kring ook uit om ander te onderwerp aan dieselfde eise wat ons aan onself stel. Die probleem is dat nie net op die self gesteun word om alles perfek te doen nie, maar dat verwag word dat wat ander mense doen ook perfek moet wees. Hierin is een van die grootste bronne van konflik en frustrasie opgesluit. Moenie verwag ander sal eerlik wees nie. Die sekulêre wêreld werk met ander standaarde en uitgangspunte. Moenie verwag dat sekulêre mense betroubaar, opreg, eerlik, getrou, en perfek sal wees nie. Oppas ook vir verwagtings ten opsigte van sogenaamde gelowiges en kerkmense. Dikwels word 'n skyn van godsaligheid vertoon soos die Bybel vir ons uitwys. Verder is gelowiges ook maar net mense wat in hulle daaglikste stryd met onperfektheid te make het. Oppas om nie na God toe te gaan en jou behoeftes voor Hom bloot te lê net om daarna om te draai en jou hoop op mense te plaas nie. Vertrou God en moenie op mense steun nie. God kan jou nie help as jy Hom wil gebruik om jou eie sin te kry nie. Vertrou Hom vir Sy wil. Woon en werk jy maar net rustig voort om Sy wil te doen en Sy koninkryk te soek. Hy sal al die ander dinge vir jou gee (Psalm 37: 3 tot 5).

Dikwels is jy besig met die bou van aardse strukture terwyl God dit, wat Hy tydens die bou van die aardse strukture in jou lewe toelaat, gebruik om Goddelike strukture in jou op te bou. So kan geduld geleer word wanneer jy moet wag dat God in Sy tyd dinge sal laat gebeur, nie wanneer jy ongeduldig dinge nou wil laat gebeur nie. Wanneer jy jou wil aan Sy wil onderwerp is jy besig om selfverloëning te leer. Wanneer jy leer om te aanvaar dat daar net een Perfekte is, kom jy nader aan die oplossing vir jou probleem om perfeksonisme. Wanneer mense jou teleurstel en onbetroubaar is, leer jy om op God te vertrou in plaas van op mense. Wanneer jou geld min raak leer jy om op Hom te vertrou vir die bou van die struktuur waarmee jy besig is. Wanneer jy skuldig voel oor die foute wat jy maak, wanneer jy bou aan jou lewenshuis, weet jy dat dit Sy genade is, wat in jou werk om jou tot bekering te lei. So kan jy leer om **vergenoeg** te wees, in alles **dankbaar** te wees omdat jou **erfenis vir jou mooi is**.

Bilhan: Skugter.

Charles Stanley (God TV. Sondagprogram) gee die volgende riglyne ten opsigte van besluitneming:

1. **Maak eerstens jou hart skoon** van alle bekende sondes. (*Confess, agree with God regarding your sin, repent*).
2. **Bring jou begeertes voor God na 'n neutrale punt**, dit wil sê lê jou eie begeertes af voor God en vra wat is God se wil in hierdie saak? Wat wil U hê Here? Ek wil hê wat U wil hê. Ek benodig U. Help my asseblief.
3. **Beoefen geduld.** Wag op die Here. Hy kry ons reg vir Sy plan met ons lewens. *Live in confident expectation. Hy sal voorsien. Wees stil en weet dat Ek God is. Wag aktief in God- doen en bedink wat jy kan doen. God weet van jou noodgevalle. God weet wanneer jy gereed is vir die antwoord op jou gebed.*
4. **Verwag druk** en wees op jou hoede daarvoor. Druk kom van ander en van jouself. Druk kan uiterlik wees soos van vriende en innerlik soos vrese en wantroue.
5. **Volhard in gebed.** Tes. 5:17
6. Moenie **begin beweeg** voordat Hy nie die koers aandui nie.
7. **Rus in Sy beloftes.** Sy Woord filter jou gedagtes. Hy gee beloftes. Hy hoor en verhoor ons gebede.

8. *Wag vir Sy vrede binne- in jou. Kol. 3:15. Laat Sy vrede die deurslag in jou hart gee.*

Bimhal: Geduldig.

Heel moontlik is jy ook in jou opleiding geleer om wetenskaplik te dink. Deel van hierdie opleiding was moontlik om dinge te bevra, om empiriese bewyse te soek voordat jy iets aanvaar. Moontlik is dit daarom ook vir jou moeilik om gelowig, kinderlik net te glo en te vertrou sonder dat daar wetenskaplike bewyse is vir dit wat jy as waar aanvaar.

Die mens se wetenskaplike skoling het in die paradys begin toe satan vir Eva geleer het om wetenskaplik te dink. Hy vra haar in Genesis 3: 1, die volgende vraag: *Is dit regtig so? Het God regtig gesê julle mag niks van die vrugte in die tuin eet nie?* Die media gebruik 'n eenvoudige vraagstellingstegniek van *Maar is dit waar? Om 'n element van twyfel in menslike gemoedere plant.* Die oomblik as 'n mens begin twyfel bly jou geloof in die slag. In Jakobus 1:6 staan:

Iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

So kry satan dit dikwels reg om onder die dekmantel van wetenskap die hoeksteen van geloofsvertroue uit te ruk deur twyfel te saai onder mooi en regklinkende wetenskaplike bevraagtekening. So word die toets vir waarheid dan ook dikwels oorgedra na die Godsdienstige toe. So word Godsdienstige begrippe dan

bevraagteken en verdag gemaak omdat dit nie empiriese bewysvoering kan deurstaan nie. Die dimensie van Godsdienstbeoefening funksioneer egter by uitstek sonder bewyslewering, slegs op die vlak van geloof. Daar is dan ook honderde verwysings in die Bybel dat die mens slegs deur geloof gered sal word.

Een van Jesus se dissipels, Thomas, was ook een van die wetenskaplike denkers waarna ons verwys het. Hy verklaar dan ook dat hy nie sal glo dat Jesus uit die dood opgestaan het nie, indien hy nie die merke van die spykers in Jesus se hande kan sien en sy hand in Jesus se deurboorde sy kan steek nie. God kom hierdie ongelowige tegemoet en doen presies wat hy vra (Joh. 20:27). Daar is egter ook 'n wonderlike belofte van Jesus vir die wat bereid is om te glo sonder dat hulle empiriese bewyse gekry het: *Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo (Joh. 20:29)*. In ons geestesoog kan ons hierdie gebeurtenis sien afspeel. Hoe goed is God nie vir ons nie? So maak Hy, 2000 jaar nadat Sy heuglike opstanding plaasgevind het, dit vir selfs die skeptiese mense onder ons moontlik om ook te kan glo. *Jy kan mos nou sien my broer?*

7 Januarie

Biegbrief

Bislam: Seun van Vrede.

My jong vriend,

Vandag moet die ou oom biege. Verdra maar so 'n bietjie want eendag sal jy dalk ook moet doen wat die ou oom vandag doen.

Ek begin die jaar met die wonderlike woorde van Jes. 49:23 (Amplified Bible):

For they shall not be put to shame who

Wait for

Look for

Hope for

And expect Me.

Min wetende dat hierdie woorde vir 'n baie spesifieke doel vir my gegee word. In my geestelike arrogansie en geestelike meerderwaardigheid het ek nooit agtergekom dat ek geestelik baie veragter het nie. Ek het baie gehoor en geluister na boodskappe maar ek het nie gedoen nie. My lewe was soos op sand gebou en toe die eerste toetsie kom val die ou geestelike huisie jammerlik inmekaar. Kom ek vertel jou wat gebeur het.

In ons omgewing is daar 'n iemand wat gereeld met 'n brullende motorfiets op en af jaag. Ons het al probeer identifiseer wie dit is en waar hy so jaag. Gister

het ons uitgevind dit is iemand wat die meisies by die jeugbyeenkoms van die kerk, hier oorkant ons, kom beïndruk. Dit gebeur veral wanneer hy met die brullende veldfiets (ongelisensieerd) op een wiel verby die kerk jaag. Ons het hom gekonfronteer. Hy was 'n regte rammetjie uitnek en het meer aanvallend as verskonend voorgekom. Op die ou einde was ons in die beskuldigdebank omdat ons kwansuis so lelik met hom gepraat het. Hy het deurgaans sy humeur onder beheer gehou. Die ou oom het nie en het lelik uitgehaak. Jy weet mos hoe dit gaan met die dinge; spyt kom altyd te laat en o, die slegte skuldgevoelens wat later kom.

Later die aand het ek in my stiltetyd die Bybel oopgemaak en toe praat die Here met my uit die volgende gedeelte: Spreuke 25:8 (Amplified Bible):

Rush not forth soon to quarrel, lest you know not what to do in the end when your neighbour has put you to shame.

Dit is nou maar eers drie weke nadat die Here my belowe het dat ek nie sal *be put to shame*, indien ek op Hom wag, Hom soek, op Hom hoop en Hom verwag nie.

My skande was in my onvermoë om dit te gedoen het.

Daar is 'n aangrypende gelykenis in Lukas 8 van die saaiër wat saad saai en wat dan verder met die saad gebeur. In my geestelike arrogansie het ek gedink dat dit nie ek is wanneer die Here in die eerste instansie verwys na saad wat langs die pad val en deur die voëls opgepik word nie. Nee ek het my so 'n bietjie hoër geplaas, verby die tweede groep mense wat nie geestelike diepte het nie. Ek het

my geplaas by die derde groep wat die saad van die Woord ontvang, waar die saad groei en selfs vrug dra voordat dit deur die sorge van die lewe en die sug na geld verstrik word. Ek het net nie heeltemal ingeval by die goeie saad wat vrug dra nie. Met 'n skok het God my van my morele hoëgrond afgestoot en ek het besef dat ek maar nog steeds worstel hier by die eerste groep rond waar ek die woord hoor maar dit nie doen nie.

My medemens op die motorfiets, jy is vir my 'n voorbeeld van hoe dit lyk wanneer jy die vrug van selfbeheersing in jou lewe het. Ek vra om verskoning. Mag die Here jou seën en wonderlik gebruik om Sy vrug te dra.

Bista: Oorwinning.

My baas het my opdrag gegee om hom te verteenwoordig by die gevangening van 'n bekende profeet. Ons was baie wat gegaan het om die gevaarlike persoon te gaan vang. Gelukkig was een van die profeet se vriende bereid om hom aan ons uit te wys want die profeet het maar net soos sy vriende gelyk wat met hom saam getrek het; vaal, vol stof en arm. Toe ons hom gryp het een van die profeet se vriende skielik 'n swaard uitgepluk. Ek was heel voor en toe hy kap, dink ek hy kap my kop af. Gelukkig het die swaard langs my skedel af gegly en net my regteroor teen my kop afgekap. Dit was 'n vreeslike geskreeu en net bloed waar jy kyk. Net toe ek dink en gaan my dood bloei kom die einste profeet nader. Ek dink toe hy gaan iets ergers aan my doen maar toe ek sy oë sien toe weet ek, ek het 'n groot fout met hierdie man gemaak; hy was nie die gevaarlike misdadiger wat my baas gesê het, hy is nie. Sy oë was sag en vol liefde. Hy het met deernis na my gekyk en toe hy nader kom het hy die plek aangeraak waar my oor was. Skielik het die bloeding opgehou. Toe ek voel aan die plek waar my oor afgekap is was daar skielik 'n nuwe oor. Nog nooit kon ek so goed hoor nie. Ek het nie eers omgee vir my ou oor wat wat op die grond gelê het nie. Dadelik het ek onthou van al die bouse planne wat my baas en sy vriende teen hierdie man gesmee het en al die leuens wat hulle bedink het om hom skuldig te laat voorkom. Ek kon net nie anders nie, ek het hom baie lief gekry. Skielik was dit asof my ore

oopgegaan het vir alles wat ek gehoor het hy gesê het. Veral die een ding het ek nou geweet is waar: **Hy is die Messias, die Seun van God.** Hy het my ou oor, die een wat nie hierdie boodskap kon hoor nie, laat afkap en in die plek daarvan het Hy vir my 'n oor gegee wat Sy Blye Boodskap kon hoor. *Dankie vir die nuwe oor, my Meester en my God.*

Boas: In Hom is krag.

Boeke het nog altyd in die ou oom se lewe 'n groot rol gespeel. Hy was lief vir lees en het van kleintyd af in boeke goeie vriende gevind. Hy het nooit die Groot Boek van die Lewe, die Bybel, toe hy op skool was, deurgelees nie. Daarom kon hy nie sê dat die Bybel een van sy gunstelingboeke was nie. Daar het egter boeke op sy lewenspad gekom wat sy lewe verander het. Dit het gebeur toe hy universiteit toe is. Hy sê dat toe hy die eerste Sielkunde handboek in sy hande gehou het, hy geweet het dat dit is waarmee hy sy lewe wil vul. Hy moes egter baie boeke lees en baie studeer voordat hy op die ouderdom van 45 die titel van Sielkundige kon begin gebruik het. Die jaar toe hy sy skripsie vir die voltooiing van sy kwalifiserende eksamen ingehandig het, het daar 'n ander boek die lig gesien. Dit was 'n boek wat hy nie toe onder oë gehad het nie maar later in sy lewe 'n groot invloed op sy lewe sou uitoefen. Die boek se naam was **The Seduction of Christianity**. Nadat die ou oom sy lewensideaal bereik het en as Sielkundige gekwalifiseer het, het dit sy lewenstaak geword om as Sielkundige te praktiseer. Dit kon hy vir 30 jaar doen tot op die ouderdom van 73. In hierdie tyd het Hipnoterapie vir hom as spesialiseringstegniek ontwikkel. Na die ouderdom van 73 het die waarhede van Seduction of Christianity en die opvolgboek: **Beyond Seduction** in die ou oom se lewe regtig begin inskop. Dit sal op hierdie stadium eers nodig wees om na sekere uitsprake wat in hierdie twee

boeke ten opsigte van Sielkunde gemaak word, te kyk, voordat met die ou oom se geskiedenis voortgegaan kan word:

Die skrywer van hierdie twee boeke is Dave Hunt. Die volle titel van *The Seduction of Christianity* lui: **The Seduction of Christianity. Spiritual Discernment in the last days.**

Kom ons kyk na uitsprake ten opsigte van Sielkunde wat in hierdie boek gemaak word:

Bladsy 69: *In the mind science cults (Christian Science, Religious Science, Unity etc. the lie becomes a Christianized Science (Psychology) of the mind.*

Blady 73: *One place where science and religion have met is the growing practice of hypnosis. Though an integral part of occultism for thousands of years, hypnosis has now been accepted as “scientific”. William Kroger and William Fezler (two leading authorities in the field of hypnosis make the following statement: The reader should not be confused by the supposed differences between hypnosis, Zen, Yoga and other Eastern healing methodologies. Although the ritual for each differs, they are fundamentally the same.*

Bladsy 74: *---in the name of science, hypnosis is being called increasingly to support psychology`s belief in such things as “ infinite potential residing in the subconscious, the conscious direction of humanities evolution to a so called higher consciousness involving godlike mind powers and lately even incarnation.*

Psychiatrists are now regressing patients under hypnosis back through the womb to experiences alleged to prior lives. In one study involving 6000 hypnotically regressed subjects, about 20% experienced earlier existences on other planets. Evolution plays an extremely important part in the merger of so-called science with religion. Evolution is a theory that did not originate with science, but has been at the heart of the occult for thousands of years. Hinduism with its evil caste system is based upon a cosmic evolution to godhood that works through karma and reincarnation.

*Bladsy 78: Bruce Larson, a well respected Presbyterian leader---author of 15 books --- in his book, **The whole Christian** --- lauds a school in Boston for offering Yoga and belly dancing. He quotes favourably numerous questionable sources from Sigmund Freud, C.G. Jung and Abraham Maslow to Fritz Perls, Tom Harris and Eric Berne and declares that Carl Jung, an occultist and antichristian is one of his heroes. Nevertheless this book is highly acclaimed by a number of respected Christian leaders.*

Bladsy 88: Arnold Toynbe, after studying civilizations across the whole span of history concluded that self worship was the paramount religion of mankind. Man (i.e. Self) is the God of the atheistic humanism.

The entire smorgasboard of therapies being encouraged by some Christian leaders is being sampled by Christians in one form or other, either out of the

secular world or inside the church. Much of this influence has come into the church through Christian psychology and pseudopsychologies of inner healing and healing of memories. The common denominator is self.

Bladsy 114: However, at this point it should be clearly understood that the whole idea of visualization (a very important part of hypnotism) ----is present in all occultic literature. 123: Visualization and guided imagery have long been recognized by scorcerers of all kind as the most powerful and effective methodology for contacting the spirit world in order to acquire supernatural power, knowledge and healing

Die meeste grondslae van die sielkunde het met die demoniese, die humanistiese verafgoding van die mens, die okkultisme, die anti-Christelike en mens self, selfbeeld en menslike selfaktualisering te make. Die twee genoemde boeke het in 500 bladsye talle voorbeelde wat hierdie stellings staaf.

Noudat die grondslag van sielkunde, as demoniese werktuig, gevestig is, kan ons na die ou oom se geskiedenis terugkeer.

Die ou oom was sy hele lewe baie gelowig gewees. Hy het self as gemiddelde mens nie uitstaande kenmerke en bekwaamhede gehad nie. Omdat hy aan bogemiddelde werkseise en studies blootgestel was, was hy altyd op hulp vanuit sy Vader se hand aangewese. Dit was dan ook sy geestelike behoud tydens die baie jare wat hy in 'n anti-christelike studieveld gewerk en studeer het. Tydens die kwalifiserende opleiding as sielkundige het hy dan ook dikwels van sy

opleiers verskil. So was daar bepaalde essensies waarop die studies gebaseer is. Nodeloos om te sê was die essensies sekulêr. In desperaatheid het die ou oom die stelsel van opleiding uitgedaag deur sy eie essensie by te voeg en dit die Essensiële Essensie te noem wat dan as die geloofsessensie gedefinieer is. Blykbaar het die professore besluit om die eksentrieke ou student te verdra met sy oordrewe Godsdienstigheid. So het die ou oom gekwalifiseer. Sy opleiding as hipnoterapeut het ook maar stamperig verloop. Dit was dikwels vir die ou oom nodig om stil sy oë te sluit en met sy Hemelse Vader te praat terwyl die res van die groep met demoniese egostate deurmekaar was. Die ou oom se wroeging na 30, as sielkundige en hipnoterapeut, het nie gelê in sy opleiding nie maar in die invloed wat hy oor soveel jare in mense se lewens uitgeoefen het. Dit bring ons dan nou by die huidige tyd in die ou oom se lewe.

Ou oom het so pas afgetree. Die boeke en die sielkundige toetse is tot niet gemaak. Die Beroepsraad vir Sielkunde is in kennis gestel dat die ou oom om deregistrasie as sielkundige aansoek doen en dat hy nie meer sal praktiseer nie. Hier het die ou oom se probleme egter nie geëindig nie. Die lees van die genoemde twee boeke het ernstige vrae by die ou oom laat ontstaan ten opsigte van die invloed wat hy op die 5000 mense uitgeoefen het wat deur die jare sy praktyk besoek het. Watter geestelike skade het hy nie in mense se lewens aangerig met die duiwelse terapieë wat hy gebruik het nie? Hoeveel demoniese toegang het hy nie dalk gefasiliteer nie? Hoeveel mense is nie in

visualiseringstegnieke ingelei deur sy toedoen nie? Diepe berou en jammerte oor wat hy gedoen het, het sy daaglikse lot geword. In die tyd wat hy vrede moes ervaar en moes terugkyk op 'n suksesvolle lewe van dienslewering het 'n wroeging vir hom geword. Hy het diep skuldig voor sy Hemelse Vader met sy las gekom. Goddank dit is nog die *vandag* van Hebr. 3: 13 tot 15. Dit is nog die tyd van genade. So het die ou oom met die belofte van Rom. 10: 13 voor sy Hemelse Vader kom staan. Sy enigste hoop was in die getrouheid van God wat deur Sy Seun die volgende vir ons laat opteken het:

Elkeen wat uitroep:

Here Help my!

Sal gered word.

Bogru: Eersgeborene.

Vir 'n honderd jaar of meer probeer die mens die menslike psige vanuit 'n sekulêre hoek verklaar. In die proses is daar duisende boeke geskryf, miljoene woorde opgeteken, honderde terapieë uitprobeer en selfs 'n sogenaamde wetenskap, Sielkunde, op die been gebring. Al wat na soveel pogings van die mens gesê kan word, is dat die mens baie kompleks is en dat die enigste terapie wat belofte inhou reeds duisende jare gelede deur die Bybel vir die mens uitgewys is.

Die Bybel wys 5 noodsaaklike essensies ten opsigte van die mens se funksionering vir ons uit. Hierdie 5 essensies word in 7 versies in die Bybel vir ons omskryf. Merkwaardig! Maar tog nie ongewoon nie want Hy wat die mens en die mens se psige gemaak het weet immers hoe die mens funksioneer. Die 5 essensies waarvan gepraat word is die volgende:

1. *Die mens se verhouding met ander.*
2. *Die mens se verhouding met God.*
3. *Die mens se verhouding met homself wat uiteenval in die mens se: Emosies, sy intellek en sy gedrag.*

Die 5 essensies word in Fil. 4: 2 tot 9 (Nuwe Proefvertaling 1914), vir ons omskryf. Kom ons kyk wat die Bybel oor elkeen van hierdie essensies sê:

Die mens se verhouding met ander mense

Vers 2: Wees eensgesind

Vers 3: Help mekaar.

Vers 4: Wees welwillend teenoor mekaar.

Die mens se verhouding met God

Vers 6: Die Here is naby. Daarom moet jy in alles jou versoeke in gebed aan God bekend maak deur Hom te bid en Hom te smee. Jy kan jou geloof, dat Hy jou verhoor, openbaar deur Hom vir die uitkoms te dank al ervaar jy nog nie die uitkoms van jou gebed nie.

Vers 7: Indien jy dit doen sal jy 'n vredevolle verhouding met God ervaar.

Die mens se verhouding met homself

Die mens se emosies

Vers 4: Wees altyd bly omdat die Here in jou is en jy in die Here is.

Vers 6: Jy hoef oor niks bekommerd te wees wanneer jy jou behoeftes na God toe bring nie.

Vers 7: Die mens se grootste behoefte, naamlik vrede, word bevredig wanneer hy gelowig sy afhanklikheid van God erken en God vertrou.

Vir die sekulêre mens is die konsep van 'n *vrede van God* wat bo die mens se begripsvermoë val, bykans ondenkbaar. Alleen wanneer die Heilige Gees die mens se lewe beheer kan die drieledige wonderwerk Liefde, vrede en vreugde in die mens se hart plaasvind.

Die mens se intellek

Vers 8: God wat die mens se verstand gemaak het, het duidelike

Aanwysings gegee waarmee die mens se gedagtes besig moet bly: Dit

wat waar, eerbaar, rein en lieflik is, dinge wat loflik is, deugdelik en prysenswaardig is.

Vers 7: God se vrede sal by die mens, wat homself oorgee in gebed aan

God, so sterk teenwoordig wees dat dit bo sy emosies sal uitstyg.

Die mens se gedrag

Vers 9: Wanneer al hierdie dinge in plek is kan die mens sy gedrag

modelleer op die gedrag van navolgenswaardige voorbeelde. Dan

kan die mens verwag dat die God van vrede waarlik met hom

sal wees.

Bosra: Vesting.

In Mat. 18:21 kry ons die aangrypende gelykenis van die koning wat sy onderdane se boeke nagaan en op een onderdaan afkom wat hom die reuse bedrag van R60 biljoen skuld. Omdat hy die onderdaan jammer kry en die hom om kwytskelding smeek, skryf hy die skuld af. Dieselfde onderdaan gryp egter hierna sy mede-onderdaan aan die keel en eis die R10, 000 wat hy aan hom skuld. Toe die mede-onderdaan ook op sy knieë gaan en om kwytskelding pleit wyer hy om hom vry te stel en jammer te kry en laat hom in die tronk gooi. Toe die koning hiervan hoor was hy baie kwaad en het die eerste onderdaan laat haal en het hom ook in die tronk gegooi totdat hy al sy skuld betaal het.

In hierdie gelykenis is die koning verteenwoordigend van God wat vir ons jammer is wanneer ons in ons nood Hom soebat om ons sondeskuld af te skryf. Ons is dikwels soos die eerste onderdaan nie bereid om mense wat teen ons oortree het vry te spreek en te vergewe nie. Nee, ons wil hulle straf en laat boet vir wat hulle teen ons gedoen het en vergeet so maklik van die groot sondeskuld wat God vir ons afgeskryf het. ‘n Paar dinge in hierdie gelykenis staan sterk uit. Kom ons kyk na ‘n paar:

1. Dit was ‘n geweldige groot skuld wat vir die eerste amptenaar, wat ons verteenwoordig, afgeskryf is. Die skuld wat afgeskryf is was 10,000 talente. Een talent was omtrent wat 6000 dagloners vir een dag se werk sou

ontvang het. In vandag se geld sal dit omtrent R100 maal 6000 wees wat gelyk is aan R600,000. Tienduisend talente sou dan 10,000 maal R600,000 wees of te wel R 60,000,000,000. Makliker gestel is dit omtrent R60 biljoen. Gestel R1 verteenwoordig een sonde wat God vir ons afskryf omdat Hy ons daarvoor vergewe. Gestel 'n mens lewe 70 jaar. Dan beteken dit dat God ons elke sekonde van ons lewe 30 maal sal vergewe. Dit is vir 'n 24 uur dag.

2. Die skuld wat die eerste amptenaar vir sy mede-amptenaar moes afskryf, waarvoor hy hom moes vergewe wat R10, 000. Indien dit in 'n leeftyd van 70 jaar ingedeel word, is dit gelyk aan eenmaal vir 'n 12 uur dag.
3. God is in Sy wonderlike erbarming bereid om ons **30 maal elke sekonde** van ons lewe te vergewe. Al wat Hy van ons verwag is om ons skuldenaars net **1 maal per dag** te vergewe.
4. Waarom was die eerste amptenaar nie bereid om sy medeskuldenaar te vergewe nie? Die antwoord is moontlik opgesluit in die gelykenis self. Nadat die eerste amptenaar se massiewe skuld afgeskryf is toon hy geen dankbaarheid of erkenning aan die koning vir wat vir hom gedoen is nie. Dit is asof hy nie eers besef watter wonderlike ding met hom gebeur het nie. Dit is asof hy nie die kwytskelding van sy skuld aanvaar nie. Vandaar dan ook sy onverstaanbare optrede teenoor die mede-amptenaar. Is ons, wat nie bereid is om ander te vergewe nie, nie dalk dieselfde nie? Dalk besef ons nie hoe geweldig groot die skuld is wat vir ons afgeskryf is nie.

Dalk aanvaar ons nie werklik hierdie afskrywing van ons sondeskuld vir onself nie. Dalk wil ons nie God se liefde vir ons raaksien en dit vir onself persoonlik aanvaar nie.

5. Indien daar een oorheersende rede sal wees waarom mense wat gedink het hulle is gelowig, die ewigheid by Christus sal misloop, sal dit juis om hierdie rede wees. In Mat.6:12 leer Jesus ons om so te bid:

En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen het teenoor U, soos ons ook ander mense vergewe wat verkeerd gedoen het teenoor ons.

Jesus lewer net op hierdie een aspek van die Onse Vader kommentaar wanneer Hy in vers 14 en 15 van dieselfde gedeelte die volgende sê:

Wanneer ander mense verkeerd doen teen julle, moet julle hulle vergewe. Dan sal julle Vader in die hemel julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, dan sal julle Vader in die hemel julle ook nie vergewe wanneer julle verkeerd gedoen het nie.

12 Januarie

Die dieper doel

Buna: Verstand.

In die Amplified Bible word Mat. 1:21 soos volg weergegee:

She will bear a Son and you shall call His Name Jesus (the Greek form of the Hebrew Joshua, which means Saviour), for He will save His people from their sins(that is prevent them from failing and missing the true end and scope of life, which is God).

Hiervolgens is sonde die mis van die doel van die lewe. Die doel van die lewe is God. Wanneer jy die doel van jou lewe mis tref jy 'n afgod. Die meeste van die tyd sal die afgod die eie ek wees. So word die doel van jou lewe jouself in plaas van God en lewe jy sonde in sy ruuste vorm uit. Die ekstensiteite van die self word gewoonlik in hierdie geval die doel van jou lewe, dit waarop jy fokus, die ware *true end and scope of life*. Gewoonlik sal hierdie ekstensiteite maklik herkenbaar wees in dit wat jy hoog aanslaan ten opsigte van wat vir jou eer sal bring, dit wat jy hoog aanslaan in jou eie koninkryk en dit wat jy graag self wil doen. Duidelik word God se eer, Sy koninkryk en Sy wil deur jou eie vervang. Gewoonlik is hierdie mens met die skewe fokus op die lewe so gefokus op hierdie dinge langs God dat hy dit telkens met sy lewe tref. So word die fokus dan geld, status, geleerdheid, erkenning, beroep ens.

Die eerste drie bedes van die Onse Vader dui telkens die perfekte doel van die lewe aan:

1. Laat U Naam geheilig word
2. Laat U koninkryk kom
3. Laat U wil geskied.

In die eerste bede word God, Sy eer, Sy Naam bo alles gestel.

In die tweede bede word Jesus betrek om God se koninkryk deur Sy soenverdienste na die mens toe uit te brei.

In die derde bede word verwys na Jesus se Gees wat kom om die mens te lei en in staat te stel om God se wil te doen, met ander woorde om lief te hê. So dui die eerste drie bedes die Goddelike Drie-eenheid aan.

Die uiteinde van die sinvolle Godgefokuste lewe is pragtig opgeteken in die Bergpredikasie waar die openingswoorde, van die grootste preek wat ooit gelewer is, die saligspreekinge is. Wie is dan hierdie mense wat uitgesonder word vir besondere vermelding as mense wat die *Blessing* van God ontvang? Wie is hierdie mense wat die volgende is: *happy, to be envied and spiritually prosperous –with live joy and satisfaction in God's favour and salvation, regardless of their outward condition (Mat. 4:3)?*

In die gedeelte van Matt. 5:3 tot 11 word die mense met die regte lewensfokus vir ons aangedui:

1. Nederige mense

2. Mense wat hartseer is.
3. Sagmoedige geduldige mense
4. Mense vir wie reg en geregtigheid belangrik is.
5. Mense vol genade vir ander mense se swakhede.
6. Opregte mense
7. Mense wat vrede najaag.
8. Mense wat ly omdat hulle vir God lief is.
9. Mense wat vervolg word ter wille van Christus.

Hierdie mense se *true end and scope of life* is God. Hulle het die dieper doel van die lewe ontdek.

13 Januarie

Die Groot Wegbreek

Cefas: Rots.

Kan jy saamvoel met die wegbrekers? Jy weet mos die ouens wat net eenvoudig genoeg moed het om alles vir 'n tydjie, of permanent, op te skop om hulle eie ding te doen. Dit is nou ouens wat sommer vir 'n jaar met 'n rugsak op sy of haar rug in Europa gaan rondstap en hier en daar 'n werkie doen, soos om vrugte te pluk, om aan die lewe te bly.

Dalk is jy nie 'n wegbreker in die ware sin van die woord nie en verkies jy om in die fantasiewêreld van identifikasie met ander, weg te breek. Jy sal jou byvoorbeeld verdiep in die avonture van 'n held in 'n spanningsroman.

Maak nie saak hoe jy jou wegbreek kies nie, feit bly staan in elkeen van ons is daar iewers iets van 'n wegbreker opgesluit. Dalk is jy net deel van die oerwegbrekers. Jy weet mos die Adamiete en Evaiete. Dit is nou, vir die wat nie mooi verstaan nie, die eerste mense wat gekies het om weg te breek van God se gebod en hulle eie ding te doen. Hulle keuse het ons, ons keuse in hierdie verband, ontnem want hulle het ons, hulle nageslag, permanent wegbrekers gemaak.

Omdat God ons so oneindig lief het, kon Hy net nie toesien dat die kroon van Sy skepping vir altyd verlore moet gaan nie. Hy het toe 'n wonderlike plan gemaak om vir al die wegbrekers 'n geleentheid te gee om in te breek, in te kom in dit waaruit hulle weggebreek het, naamlik om een met Hom te wees.

Hierdie plan het behels dat God Sy Seun, Jesus Christus, soos 'n wegbreker moes behandel, al het Jesus nooit van God af weggebreek nie. Dit was sodat God kon toelaat dat Sy Seun die straf van wegbrekers kon dra en in die wegbrekers se plek gestraf kon word. Die gevolg was dat Jesus wreed geslaan, gespoeg, geklap en kaal uitgetrek op 'n kruis vasgespyker is. Alles net om te betaal, omdat die mens van God af weggebreek het om sy eie ding te doen. Dit was 'n verskriklike offer wat Jesus gebring het. Dit was so erg dat Hy in Sy grootste nood aan die kruis uitgeroep het (Mat. 27:46):

Eloi, Eloi, lama sabagtani?

My God, My God, waarom het U my verlaat.

Geen groter leed, geen groter eensaamheid, is ooit deur enige wegbreker op hierdie aarde ervaar nie.

Dank God, toe Jesus hierdie wegbreekoffer gebring het, was dit vir God se regverdigheid genoeg. So het Hy dit dan vir elke wegbreker moontlik gemaak om in eenheid met Hom herstel te word. Daar was egter twee voorwaardes aan God se genade verbonde. Die wegbreekmens moes naamlik erken dat hy 'n wegbreker is. Dan moes hy in die tweede plek aanvaar dat dit wat Jesus gedoen het aan die kruis, vir al sy wegbreeksondes betaal het; dat die boete wat Jesus betaal het met die bloed wat uit Sy liggaam uitgeloop het, al die mens se wegbreeksondes afgewas het.

Waarom het God en Sy Seun Jesus dit gedoen?

Johannes 3:16

For God so greatly loved and dearly prized the world that He gave up His only begotten (unique) Son so that who ever believes in (trusts in, clings to, relies on) Him shall not perish (come to destruction, be lost) but have eternal (everlasting) life.(Amplified Bible)

As Hy jou so lief het, wil jy nie maar jou wegbrekery laat staan en Sy Liefde in jou lewe 'n kans gee om jou weer een met Hom te maak nie?

Clemens: Genadig.

Die gedeelte in 1 Samuel 8 tot 31 is een van die baie plekke in die Bybel waar ons God se wil beter leer ken. Kom ons kyk na enkele dinge wat ons van God se wil uit hierdie gedeelte kan leer.

God voel verwerp deur Israel (1) deurdat hulle aandrings om 'n koning te hê soos die heidennasies om hulle. **God weet alles (2)**. Hy weet vooruit hoe die Israëliete onder hulle konings sal ly en Hy waarsku hulle oor wat hulle kan verwag (1 Samuel 8: 11 en verder). **God gee leiers (3)**, soos ons dit bevestig kry in Romeine 12, waar ons **opgeroep word om die leiers wat oor ons aangestel word te eerbiedig omdat hulle deur God aangestel word (4)**. So kies God Saul as Israel se eerste koning. Saul is ongehoorsaam aan God en **God neem Sy Gees van hom af weg en stuur 'n bose gees om Saul te pynig met vrees en depressie (5)**. Dit kom voor of Saul bipolar raak en sy gemoedstoestand wissel dan ook tussen manies en depressief. **God salf 'n ander koning terwyl Saul nog as koning optree (6)**. Sonder God se inspraak maak **Saul baie foute, gewoonlik omdat hy sy eie kop volg en nie luister wat God vir hom sê om te doen nie (7)**.

God berei die nuwe koning, Dawid, voor vir die groot taak wat op hom wag (8). Deel van sy opleiding is om te ly (9). Dawid word 'n voortvlugter. **Dawid ly onreg (10)**. Saul wil hom gedurig doodmaak. Dawid **bly vir lang tydperke in**

uiterste ongerief in grotte en in die wildernis (11). Hy gehoorsaam God en bly getrou aan God se **opdrag om die koning te eer (12)**, al is dit in sy mag om Saul dood te maak. **God oefen Dawid gedurig vir die koningskap wat kom al moet hy vir lang tydperke ongerief, vernedering doodsangs, vervolging en onreg verduur (13).** Telkens bring God hom terug na sy vyand toe om hom te toets en hom voor te berei deur lewenslesse vir die **eise van koningskap (14)** wat op hom wag. **Terwyl Dawid gehoorsaam bly, nederig leef sonder om te rebelleer, op God vertrou, gaan dit met hom goed selfs te midde van al die lyding (15).** **Soms laat God dinge toe wat vir die mens moeilik verstaanbaar is (16)**, soos toe die een onderdaan van Saul al die profete plus hulle gesinne doodmaak omdat hulle Dawid goedgesind was. God laat **die goddelose Saul lank leef (17)** terwyl hy voortgaan met sy booshede. **Tog kom daar vir die slegte koning ‘n dag van afrekening (18)** en word **Dawid in sy koningsamp bevestig en kan hy regeer (19).**

Teen hierdie agtergrond kan ons ook iets van ons onveranderlike God se ingryping in ons daaglikse lewe leer. Daar is maar min dinge wat nie voorheen in die mens se geskiedenis plaasgevind het nie. Kom ons kyk na ons lewens vandag in Suid-Afrika en kyk of ons gelyksoortige gedrag van God in ons lewens vandag, soos in Dawid se tyd 3000 jaar gelede, kan identifiseer.

1. Voel God ook vandag nog verwerp wanneer ons so maklik mense verafgod, veral wanneer ons ons leiers soos konings laat voel?

2. God weet ook vandag alles. Alles is besig om volgens Sy plan te verloop al raak ons so in die detail van die lewensprobleme verstrengel dat ons die groter prentjie van God se plan nie kan sien nie.
3. Ook vandag gee God leiers. Hulle is dikwels nie die wat ons sou gekies het nie, maar God het 'n plan met hulle en daarom het Hy toegelaat dat hulle oor on sheers.
4. Ook van ons word respek en gehoorsaamheid aan die owerheid verlang (mits dit nie met God se opdragte bots nie).
5. Ook baie van ons leiers word deur bese geeste beheer.
6. 'n Nuwe leier is dikwels in opleiding terwyl ons onder die ou leier ly.
7. Ons maak ook baie foute omdat ons op ons eie insigte staatmaak eerder as om op God se leiding te vertrou.
8. Ons word ook daaglik voorberei op die groot taak wat nog op ons in die toekoms wag.
9. Lyding is ook ons leerskool.
10. Onregbeewing is ons daaglikse lot.
11. Ook ons moet ongerief beleef, daaglik sonder dat dit lyk of daar uitkoms is.
12. Ons moet selfs onder onregbeewing en lyding aan God gehoorsaam bly en die owerheid wat oor ons aangestel is aanvaar.

- 13.**Ongerief, vernedering, angs, vervolging en onreg is ons daaglikse lot ter voorbereiding van ons lewe na die dood waar ons saam met Christus soos konings sal leef.
- 14.**Ons word deur die lewenseise vir ons koningskap voorberei.
- 15.**Ons moet dikwels ly maar in alles is ons meer as oorwinnaar deur Hom wat ons die krag gee.
- 16.**Ons verstaan nie die doel en sin van ons lyding nie maar dit is deel van ons geloofsoefening
- 17.**Slegte leiers leef ook in ons tyd dikwels lank.
- 18.**Daar kom beslis vir elke slegte leier 'n dag van afrekening.
- 19.** Daar kom ook vir elke gelowige 'n tyd wat hy of sy soos 'n koning sal leef.

15 Januarie

Die Heerlikheid van God

Daberat: Gewyde grond.

In Efesiërs 1: 3 tot 14 word in die jongste proefvertaling van die Bybel drie maal verwys na die *Heerlikheid van God*. In die 1983 vertaling word gepraat van die *Grootheid van God*.

God word in hierdie gedeelte op 'n uitsonderlik mooi manier geprys. In die eerste gedeelte van vers 3 tot 6 word **God, die Vader** geprys vir Sy grootheid. In die versies 7 tot 12 word **God, die Here Jesus**, geprys vir Sy grootheid. In die gedeelte van vers tot 13 tot 14 word **God die Heilige Gees** geprys vir Sy grootheid of dan ook Heerlikheid.

Soos God die Vader, Seun en Heilige Gees een is word die drieledige Godheid dan ook as eenheid vir ons aangebied:

Vers 3:

Dit is Hy (God die Vader) wat ons in Christus geseën het met elke Geestelike seëning in die hemel.

God, die Vader, seën ons nie net in Christus met Sy Gees nie maar ook met *uitverkiesing en voorbestemming*

16 Januarie

Die lyding van Jeshua

Damaris: Geliefde.

Markus 14:33 (Amplified)

And He took with Him Peter and James and John and began to be struck with, terror and amazement and deeply troubled and depressed.

34:

And He said to them, My soul is exceedingly sad (overwhelmed with grief) so that it almost kills Me!

36:

And He was saying, Abba, (which means) Father, everything is possible for You. Take away this cup from Me; yet not what I will, but what You will.

37:

Have you not the strength to keep awake and watch with Me for one hour?

41:

The Son of man is betrayed into the hands of sinful men (men whose nature is to act in opposition to God).

44:

Now the betrayer had given them a signal, saying, The one I shall kiss is the Man; seize Him and lead Him away safely (so as to prevent His escape)

50:

Then His disciples forsaking Him, fled, all (of them).

54:

And Peter followed Him at a distance.

56:

For many were repeatedly bearing false witness against Him, but their testimonies did not agree.

64:

High Priest: You have heard His blasphemy. What is your decision? And they all condemned Him as being guilty and deserving of death.

65:

And some of them began to spit on Him and to blindfold Him and to strike Him with their fists, saying to Him, Prophecy! And the guards received Him with blows and by slapping Him.

72:

And Peter remembered how Jesus said to him , Before the cock crows twice, you will utterly deny Me (disclaiming all connection with Me) three times.

Markus 15: 1

And when they had bound Jesus, they took Him away (violently) and handed Him over to Pilate.

13:

And they all shouted back again, Crucify Him!

15:

So Pilate, wishing to satisfy the crowd, set Barabbas free for them; and after having Jesus whipped, he handed Him over to be crucified.

17:

And they dressed Him in a purple robe, and, weaving together a crown of thorns, they placed it on Him.

19:

And they struck His head with a staff made of a bamboo-like reed and spat on Him and kept bowing their knees in homage to Him.

24:

And they crucified Him; and divided His garments and distributed them among themselves, throwing lots for them to decide who should take what.

29:

And those who passed by kept reviling Him and reproaching Him abusively in harsh and insolent language, wagging their heads and sayin , Aha! You who would destroy the temple and built it up in three days.

32:

Those who were crucified with Him also reviled and reproached Him (speaking abusively, harshly and insolently).

34:

And in the ninth hour Jesus cried with a load voice, Eloi, Eloi, lama sabachtani? – which means, My God, My God, why have You forsaken Me (deserting Me and leaving Me Helpless and abandoned).

37:

And Jesus uttered a loud cry, and breathed out His life.

17 Januarie

Die Mooiste Dood

Darda: Pêrel van wysheid.

Lank gelede het God lewe in hemelwesens gegee. Daar was daarna nie dood nie. Die hemelwesens het net aanhou leef al het hulle sonde gedoen, soos satan, en al is hulle uit die hemel gegooi.

God is Almagtig en Hy is Alwetend. Toe God weer wesens geskep het, mense, het Hy in Sy perfektheid nog 'n beter plan gemaak. Nie weer sou hemelwesens in opstand kom teen God nie. Nie weer sou dit nodig wees om hemelwesens uit te werp nie. Nie weer sou dit nodig wees om teen opstandige hemelwesens in gevegte betrokke te raak nie. Nie weer sou dit nodig wees om gevalle hemelwesens te straf nie. God se perfekte plan vir toekomstige hemelwesens sou Sy eie perfektheid impliseer want alleen wanneer Hy in Sy perfektheid betrokke is, is daar geen kans vir mislukking nie. Die mens sal foutvry gemaak word. Die mens sal gemaak word om aan homself en al sy onperfektheid te sterf sodat God se perfektheid in die mens sal kan lewe. Ons sal meer wees as engele, want ons sal nie meer bestaan nie, God sal in ons bestaan. Reeds in hierdie lewe word ons liggame die tempel van die Heilige Gees, as voorsmaak van die verheerlikte liggaam met die Ewige Inwoning van Sy Gees in ons. Ons is dan nie meer ons nie, maar God wat in dit wat ons was, bestaan. Die perfekte plan van God word dan volvoer; ons as mense word deel van die perfekte Heilige Gees. Dan het die mooiste dood ewige lewe geword.

God se plan was die volgende:

Ons skep hemelwesens en laat hulle in die paradys woon. Ons gee vir hulle een opdrag. Ons weet omdat die mens nie Goddelik is nie, die mens nie die opdrag sal kan uitvoer nie. Hy sal in sonde val. Omdat die mens in sonde val, sal hy, nie soos Ons, ewig kan lewe nie, en sal hy sterf as straf vir sy sonde. Ons alleen is perfek en sonder sonde en daarom sal ons Een van Ons, naamlik My Seun stuur om, daar waar die mens in sy uitgeworpe toestand op die aarde leef, vir die mens se sonde te boet, deur in die mens se plek te sterf. Natuurlik sal Ek, God, weer my perfekte Seun uit die dood opwek. Elke mens wat hierdie boodskap glo en dit vir hom of haarself toeëien sal wel na die liggaam sterf maar My Seun sal in hom of haar kom woon deur Ons Gees. Ons is perfek en sondeloos en so sal die mens meer en meer soos Ons word namate die mens die Heilige Gees toelaat om hom of haar oor te neem. Uiteindelik sal die mens se liggaam afsterf, Sy gees sal in Ons Gees opgeneem word. Die mens sal perfek word soos Ons is. Die mens sal deur selfverloëning tot niet gaan, soos sy liggaam in die graf verdorwe sal word, totdat net God se Gees en die verheerlikte Goddelike liggaam vir ewig by God sal wees. Dan sal daar weer net 'n Drie-eenheid wees; Vader, Seun en Heilige Gees. Die mens sal bloot verteenwoordigers van Geestelike Goddelikheid wees. Die dood sal sy perfekte doel gedien het en kwaad en sleg sal vir altyd uitgewis wees.

Jesus sê: *Bly in My, soos Ek in julle (Joh.15:4).*

Hy bly in ons. Dit is die gegewene. Die voorwaarde is: Ons bly in Hom. Dit is 'n keuse. Indien ons in Hom bly sal ons met:

Sy oë in deernis en omgee sien,

Met Sy ore die influistering van die Heilige Gees hoor,

Met Sy hart vol deernis en jammerte omgee vir ander,

Met Sy liefde ander vergewe.

Ons sal reeds nou iets van die hemelse heerlijkheid begin ervaar. Die mooiste dood het dan begin.

Dawid: Beminde.

Die prys wat U vir die verlossing van my sonde en vir my redding betaal het, was net te hoog. Geen mens kon hierdie hoë prys verdien nie. Alleen U liefde en genade kon U gedring het om so 'n prys te betaal.

1. Hoe kon U, Here God, U kosbaarste, U eie Kind, U geliefde Seun, oorgee aan 'n mensdom om Hom te verwoes? Hoe kon U ons so lief gehad het om dit te doen? Hoe kon U in U Kind se grootste nood, U gesig van Hom af weggedraai het? Hoe kon U U doof hou toe Hy in sterwensnood uitgeroep het: *My God, My God waarom het U My verlaat?* Hoe kon U so 'n hoë prys vir sondaarmense betaal het?
2. Hoe kon U, Here Jesus, U kosbare lewe vir ons kom opoffer het? Hoe kon U die eer wat U in die hemel gehad het, kom prysgee vir 'n nederige eenvoudige bestaan hier op die aarde? Hoe kon U, U koningskap in die hemel prysgee vir 'n diensknegbestaan hier op die aarde? Hoe kon U die voete was van mense wat U geweet het U gaan verraai en verloën? Hoe kon U die hemel opgee vir die aarde? Hoe kon U, U sondelose heilige bestaan verruil vir 'n lewe onder sondaarmense? Hoe kon U onder slegte, vuil, sieklike mense kom woon? Here was die prys nie te hoog nie? Hoe kon U, die Erekening, toelaat dat 'n nikswerd heiden U deur die gesig klap, U in die gesig spoeg, 'n doringkroon op U kop vaskap? Hoe kon U die

mag aan 'n heidense heerser gee om U te laat gesel, totdat stukke vleis uit U liggaam geruk is? Was die prys nie te hoog wat U vir my redding moes betaal het nie? Here toe hulle die bietjie klere wat U gehad het uitgetrek het en toe die lot daaroor gewerp het en U nakend aan die kruis vasgespyker het, was dit nie dalk net te veel nie? Was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie? Here toe spykers deur die gevoeligste senuweebondels van U liggaam gekap is om U aan 'n kruishout vas te spyker en U bloed met die grond gemeng het, was dit nie net te veel nie? Toe U, Wie alles gemaak het, moes erken *Ek is dors*, was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie?

3. Here, geen mens kan die hoë prys werd wees nie. Die boete wat betaal is, was net te hoog. As U dit nie in my hart werk om hierdie boete vir my sondes te aanvaar nie, sal ek 'n ewigheid lank in 'n helse verwyte lewe dat ek die bloed van Jesus vertrap het en dit nie geag het nie. Here, al was die prys te hoog, U het dit betaal.

Hoe kan ek so 'n prys, so 'n hoë boete, die hoogste offer wat ooit gebring is, die grootste lyding denkbaar vir my redding, hoe kan ek dit afwys, wegwys, wegklap en sê *nee dankie, ek wil dit nie hê nie?*

Here, ek het 'n ewigheid nodig om U te dank vir die prys wat U vir my redding betaal het.

19 Januarie

Die vloek van Ken

Dodo: Liefdevol.

Die ou oom sê hy het letterlik duisende preke in sy lewe gehoor. Hy het egter nog nooit 'n preek oor die sonde van *ken* gehoor nie. Tog was *ken*, en die leuens om *ken*, die eerste sonde waarby die mens betrokke was. In Gen. 3: 4 staan die volgende:

*Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle **alles sal kan ken**".*

6. *Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit **kennis kan gee**.*

Eers vertel satan 'n leuen vir Eva dat sy alles sal ken en nie sal sterf nie. Ons weet dat die mens nie alles kan ken nie en dat die mens toe tog gesterf het vanweë die sonde wat hy gepleeg het toe hy ongehoorsaam aan God geword het. Toe glo Eva die leuen dat kennis haar kan vergoddelik. Sy begin dan dadelik die leuen versprei deur Adam ook in haar nuwe ontdekking van kennis te laat deel. So het die vloek van kennis sy beslag gekry. Die mens het gevoel dat hy soos God kan wees deur alles te kan ken. So word die mens dan ook sy eie god wat bo God gestel word.

Die natuurlike sondige mens het nie nodig om die slegte en kwade te leer ken nie. Dit is deel van sy gevalle natuur. So 'n mens hoef nie te leer om homself te bevoordeel ten koste van ander nie. Die mens word natuurlikerwys deur sy begeertes gedryf, seksuele oortredings kom natuurlik. So is dit ook met kennis. Dit is 'n natuurlike geneigdheid by mense om kennis te probeer versamel. Die nie-Christelike deel van die bevolking lees met oorgawe die nuusblaaie, sekulêre boeke, wetenskaplike tydskrifte en is kundig ten opsigte van die dinge van die wêreld. Hulle kyk toegewyd, elke dag, na die nuus op televisie. Sedert die sondeval in die paradys is kennis van die goeie nie meer genoeg nie. Daar moet ook kennis geneem word van die slegte, die boom van Goed **en Kwaad** het die kennis van God as die **Goeie** vervang. Die meeste mense lees, maar hoor nie, wat in Fil. 4: 8 staan nie:

*Verder, broers, alles wat **waar** is, alles wat **edel** is, alles wat **reg** is, alles wat **rein** is, alles wat **mooi** is, alles wat **prysenswaardig** is- watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees- daarop moet julle julle gedagtes rig.(think on and weigh and take account of these things- fix your minds on them: Amplified Bible).*

Met ander woorde neem daarvan *kennis*.

Toets jouself vandag aan hierdie eenvoudige maatstaf wat so verstaanbaar vir ons gestel word, vir dit waarvan ons moet kennis neem. Die vraag ontstaan of die sekulêre media hierdie behoefte aan die goeie bevredig en of dit die natuurlike mens se behoefte aan die kwade bevredig.

Hoe meer die senubane in die brein gebruik word hoe vaster word die verbindings in die brein gelê. Indien jy kennis van die kwade oor en oor in jou brein in programmeer, moet jy nie verbaas wees as dit is wat jy uit jou brein gaan terugkry nie. *Salomo sê nie verniet dit wat ons dink dit is wat ons is nie.* Paulus beveel dan ook in een van sy sendbriewe aan dat ons soos *onkundige kindertjies moet wees ten opsigte van ons kennis van die kwade (1 Kor. 14:20)*. God het alles kom nuut maak vir die wedergebore mens, ook sy gedagtes. Moenie satan toelaat om op hierdie skoon lei sy vieslikhede te kom skryf nie.

Satan ken die Bybel baie goed. Een van die gedeeltes wat seker die meeste deur satan uitgebuit en misbruik word, is die woorde in Hosea 4: 6

My volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis.

Of 'n mens gelowig is of nie, jy ken gewoonlik hierdie versie in die Bybel. Die versie is uitgebrei, deur satan en ongelowiges, om alle kennis, ook sekulêre kennis in te sluit. Hieruit het ook ander valse stellings gevolg soos: *Niemand kan kennis van jou wegneem nie.* 'n Enkele vraag om hierdie leerstelling as vals te bewys is die volgende: Hoe lank bly dit waarvan jy kennis geneem het met jou. Toets jouself: *Kan jy onthou waarom die predikant verlede Sondag gepreek het? Hoeveel kan jy onthou van die preek twee weke gelede?*

Die wedergebore kind van God word deur satan versoek. Dit is satan se begeerte om die nuwe mens in Christus terug te lok na die lewe en denksstyle van die ou natuurlike mens. Daar is altyd hierdie spanningslyn tussen die ou en nuwe mens.

Een van die subtielste en mees effektiewe maniere wat satan gebruik is sy ou beproefde resep wat hy in die paradys 6000 jaar gelede gebruik het: *Laat die mens glo dat hy soos God kan wees deur alles te ken.* **Die enigste ken wat werklik die moeite werd is, is die kennis van Jesus as die Seun van God, wat na hierdie aarde toe gekom het om jou en my sondes weg te neem, deur Sy offer aan die kruis, toe Sy bloed jou en my sondes afgewas het. Ken jy hierdie Kennis?**

Dorkas: Takbokooi.

Die Bybel kon uit twee hoofstukke bestaan het, naamlik Genesis 1 en 2. Die hele skeppingsverhaal en die perfekte bestaan van die mens is hierin opgeteken. Dit is hoe God bedoel het dat Sy skepping moet wees.

Toe kies die mens om ongehoorsaam aan God te wees en vind die eerste sonde van die mens plaas. Die perfektheid van God se skepping was verlore. Die aakligheid van sonde is gebore. Die mens wat bedoel was om vir ewig tot God se eer hier op die aarde te lewe, se lewe is verwoes. Die straf oor sy sonde moes voltrek word; hy moes ly en sterf in 'n vervloekte wêreld. Die res van die Bybel se 66 boeke en honderde hoofstukke, oor duisende bladsye geskryf, teken hierdie ellendige bestaan van die mens op. Die mens het 'n meester van sonde en sondebeoefening geword. Sy vermoë om net slegter en slegter te word het ongekende afmetings aangeneem. Om hierdie proses van verslegting van die mens vir die mens duidelik te laat uitstaan het God wette vir die mens gegee. Hoe meer wette gemaak is hoe groter het die mens se doemwaardigheid geword. Die verslegting van die mens het sover gegaan dat God besluit het om in 'n sekere sin oor te begin met die mens se geskiedenis. Hy wis alles met water uit en spaar net vir Noag en sy gesin en pare uitgesoekte dierepare. Die kiem van die sonde leef egter voort en spoedig lê Noag kaal en dronk voor sy kinders (Gen. 9:24). Die gesin verbrokkel; een kind word vervloek en so tier die sonde voort. God verwerp

later Sy volk en laat hulle verstroei word oor die wêreld. Hy gebruik sekere uitsprake van Sy profete om tog hoop vir die toekoms aan te dui. Toe maak God 'n wonderplan vir die mens se redding uit sy sondebestaan. God gee Sy heilige vlekkelose Seun om in die mens se plek vir die sondes van alle mense oor alle tye gestraf te word. Hy word tot die dood toe gestraf in die mens se plek. Die mens word vrygespreek van sonde mits hy hierdie verlossing van God deur Sy Seun glo en vir homself aanvaar. Om die mens wat tot God bekeer te help op die lewenspad, gee God Sy Gees in elke mens wat glo, om hom te lei, te beheer, te bestuur en deur die mens goeie vrugte te dra (Gal. 5)

Die res van die Bybel word gewei aan die verhaal oor die verspreiding van die Evangelie van Jesus se redding van die mens, die versterking van die mens deur Heilige briewe en dan aan die einde van die Bybel die openbaring van hoe alles tot 'n einde gaan kom. Die paradysbestaan van die mens soos deur God bedoel in die eerste twee hoofstukke van die Bybel kom na 'n tussentyd van 6000 jaar van sonde, stryd en woelinge uiteindelik deur 'n volle siklus en die mens is weer waar God bedoel het hy moet wees.

Vir die mens, wat iewers in hierdie 6000 jaar lewe, is die lewe gekonsentreer om die vermoë om te kies tussen dit wat volgens God se wil is en dit wat volgens die mens se wil is. God gee die mens 'n natuurlike aanvoeling van wat reg en wat verkeerd is. So kon mense nog voor die Tien gebooië gegee is deur hulle gewetes aangespreek word ten opsigte van wat goed en wat sleg is. God het die mens se

kennis van sonde geweldig uitgebrei deur die Tien Gebooe. Die mens self het die wet deur sy eie wette nog verder uitgebrei en so God se doel verder bevestig om die mens tot oortuiging te bring dat hy nooit uit eie krag God se Wette sal kan onderhou nie. Alleen genade verwerf deur Jesus se verdienste aan die kruis op Golgota sou die mens kon red. Na Jesus se offerdood, opstanding en hemelvaart is die mens toegerus deur die Heilige Gees om God se liefdeswil te doen. Weliswaar sou die mens deur 'n proses van heiligmaking nog steeds foute begaan, maar sy redding was nie in sy eie goedheid verskuil nie, maar in die boetedoening van Jesus vir die mens se sondes. So het die wet van God 'n spesifieke doel tot redding van die mens gehad.

Daar is egter ook 'n ander wet wat God vir die mens gegee het. Dwarsdeur die Bybel is hierdie wet vir die mens opgeteken. Dit is nie wet een, twee, drie ens. nie. Nee hierdie wet is weggebêre tussen die bladsye van die Bybelboek vir hulle wat daarna gaan soek. Dit is die wet vir hulle wat lief is vir God, hulle Vader. Dit is meer as net wette. Dit is wetmatighede, wysheidsbeginsels, riglyne vir kinders van God. Daar is altyd 'n direkte beginsel van reg met 'n loon en verkeerd met 'n loon. In net die eerste hoofstuk van Spreuke (Living Bible) is daar ten minste tien wette, lewensbeginsels, wetmatighede, sinvolle lewensriglyne opgeteken. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie wetmatighede:

Vers 2: He wrote them to teach His people how to live, how to act in every circumstance.

Vers 7, 8 : How does 'n man become wise? The first step is to trust and reverence the Lord.

Vers 9: Only fools refuse to be taught. Listen to your father and mother.

Vers 15: Don't do it my son! Stay far away from men like that.

Vers 19: such is the fate of all who live by violence and murder. They will die a violent death.

Vers 30: For you turned away from Me- to death. Your own complacency will kill you. Fools!

In Galasiërs waarsku Paulus ons om nie deur die onderhouding van die wet ons eie saligheid te probeer verdien nie. Die eerste verbond deur die onderhouding van God se wet, wat seën vir die mens sou bring, is met Jesus se offer aan die kruis vervang met 'n nuwe verbond van Genade. Die genade kan egter nie die lewensriglyne wat God deur die hele Bybel opgeteken het, vervang nie. Wetsonderhouding kan die mens nie red nie. Slegs die verdienste van Jesus kan die mens red. Die geredde mens leef in 'n intieme liefdesverhouding met sy Vader. Hy wil graag sy Vader se wil doen omdat hy lief is vir Hom, Hom eer en respekteer, omdat sy lewe om sy Verlosser draai, omdat hy soos sy Vader wil wees, omdat sy Vader se Gees hom dring na die goeie, omdat Jesus hom gewillig en bekwaam maak om Sy wil te doen. Wette word nou wyse wetmatighede, lewensbeginsels, riglyne tot God se eer, waarin die mens hom verdiep. Soos die

mens al meer soos sy Verlosser op die pad van heiligmaking word, word die Goddelike wetmatighede net sinvoller, 'n groter plesier, 'n groter eenwording met Sy Verlosser, Heer en Koning.

21 Januarie

Dilemma van Gehoorsaamheid

Ebenhaeser: Steen van hulp.

Indien 'n opdrag spesifiek in die Bybel vir die mens gegee word, maar tradisies in die kerk sê iets anders, wie gaan die mens gehoorsaam?

Hierdie dilemma kom sterk na vore ten opsigte van Sabbatsonderhouding.

Die Sewende Dag Adventisme se teologie word verwerp. Daar is baie dinge wat in die SDA se teologie nie aanvaar kan word nie. Hier word gedink aan die uitsprake van Allen White wat nie met die Bybel versoen kan word nie. Die veranderings, weglatings en byvoegings ten opsigte van die Bybel is ook onaavaarbaar. Dit is ook nie Bybels verantwoordbaar om die seël ten opsigte van Christenskap te koppel aan sabbatsonderhouding nie. Die SDA het in 'n sekere sin die sabbatsonderhouding gekaap. Dit is nie net hulle voorreg om die Sabbat te onderhou nie. Soos uit die bespreking wat volg sal blyk, is dit ook die voorreg van ander gelowiges, om indien hulle dit verkies, die sabbat te onderhou as rusdag, eerder as die eerste dag van die week, Sondag, soos dit vandag algemeen gedoen word.

Aan die een kant stel God vir die mens 'n voorbeeld en gee Hy 'n opdrag, nog lank voor die Tien Gebooie vir die mens gegee is. In Gen. 2: 1 tot 3 staan die volgende vir ons opgeteken:

*Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. 2. Op die sewende dag was God reeds klaar met Sy skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. 3. **Hy het die sewende dag as gereelde rusdag ingestel en dit geheilig**, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het.*

God stel die sewende dag as gereelde **rusdag** in en Hy heilig (sonder die dag af) omdat Hy self op die dag gerus het. **Hy** stel 'n voorbeeld. **Hy** stel die dag in. **Hy** self heilig die dag.

Baie jare later gee God die Tien Gebooie vir Sy volk (Eksodus 20: 1 tot 17). Die vierde gebod lui soos volg:

Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie-jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles daarin, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Daar is konkordansies, meer verwysings na die sabbat in die Nuwe Testament (49 kere) as in die Ou Testament (27 kere). Onder die gelowiges van die eerste paar honderd jaar na Christus was daar geen probleem met die onderhouding van die sabbat nie. Weliswaar het Jesus self die skynheilige gebruike van die Fariseërs, om die sabbatsonderhouding aangeval, soos Hy baie ander skynheilige

optredes van hulle aangeval het. God, wat Almagtig is, het die sabbatdag in berekening gebring toe Hy die tyd en geleentheid van Sy Seun se kruisdood beplan het. Hy het gereël dat Sy Seun se dooie liggaam van die kruishout afgehaal sou word voordat die sabbat sou begin. Sy Seun se werk was immers, ook soos God se werk, voltooi voordat die sabbat sou begin.

Jesus gee erkenning aan die sabbat wanneer Hy verklaar:

Markus 2:27

Die sabbat is vir die mens gemaak.

Opmerklik is die feit dat die moderne Christen geen probleem het om, as Nuwe Testamentiese gelowige, die ander nege gebooe uit die Ou Testament te eerbiedig nie. So sal die moderne gelowige bereid wees om God alleen te aanbid, geen afgode voor God te stel nie, Sy Naam te eerbiedig, sy ouers te eer, nie ander mense dood te maak nie, nie egbreek te pleeg nie, nie te steel nie, nie te lieg nie en nie ander mense se goed vir homself te begeer nie. Met hierdie gebooe het die moderne Christen geen probleem nie. Dit is net die vierde gebod ten opsigte van die onderhouding van die sabbat wat die probleem veroorsaak. Waarom is dit so?

Die skrywer is van mening dat dit as gevolg van die mens se ongehoorsaamheid is. Kyk na die volgende aanhaling (Kol. 2:8 Amplified Bible):

See to it that no one carries you off and spoil or makes you yourselves captives by his so called philosophy and intellectualism and vain deceit (idle fancies and

plain nonsense), **following human tradition** --- and disregarding (the teachings of) Christ

Die mens het iewers mislei geraak en daar is onbybelse tradisies in sy godsdienbeoefening gevestig. Hierdie tradisies het deur baie eeue 'n geloofwaardigheid verwerf. Hierdie geloofwaardige tradisies het belangriker geword as dit wat in God se Woord geskryf is. Die mens het gekies om tradisie eerder as God se Woord te gehoorsaam. Waarna word hier verwys? **Dit gaan alles oor die onderhouding van die sabbat of die onderhouding van die eerste dag van die week, Sondag, as rusdag en dag toegewei aan die Here.** Die tradisionele onderhouding van Sondag, as **rusdag** en dag deur God afgesonder en geheilig, het sy oorsprong, nie in die kerktradisie van die eerste drie eeue na Christus nie, maar met die invloed van een persoon naamlik, Konstantyn. Kom ons kyk na 'n paar feite in hierdie verband. Hierdie feite is kontroleerbaar uit verskeie geskrifte uit die vroeë geskiedenis van die kerk. Die volgende aanhaling uit *How the Sabbath was changed –afkomstig van Joe Crews Radio Sermon Library*. is 'n voorbeeld van hoe die verandering van die sabbat na Sondag deur Konstantyn se invloed plaasgevind het:

By the time Constantine was established as emperor of Rome in the early fourth century, there was a decided division in the church as a result of all these factors. I think most of you know that Constantine was the first so called Christian Emperor of the Roman Empire. (After he had the vision at Milvian Bridge he took

is as an omen that he should become a Christian, and his army as well) *He declared all his pagan soldiers to be Christians, and became very zealous to build up the power and the prestige of the church. Through his influence great blocks of pagans were taken into the christian ranks. But friends, they were still pagans at heart, and they brought in much of the paraphernalia of sun- worship to which they continued to be devoted. ----- You see at that time the cult of Mithraism or Sun – worship was the official religion of the Roman Empire. It stood as the greatest competitor to the new Christian religion. It had its own organization, temples, priesthood, robes- everything. It also had an official worship day on which special homage was given to the sun. That day was called “The Venerable Day of the Sun” It was the first day of the week, and from it we get our Sunday. When Constantine pressed his pagan hordes into the church they were observing the day of the sun for their adoration of the sun god. It was their special holy day. In order to make it more convenient for them to make the change to the new religion, Constantine accepted their way of worship, Sunday, instead of the Christian Sabbath which had been observed by Jesus and His disciples. ----- After Constantine made the initial pronouncement and legal decree about the change, the Catholic Church reinforced that act in one church council after another. For this reason, many official statements from Catholic sources are made, claiming that the church made the change from Saturday to Sunday. Dr. Gilbert Murray, Professor of Greek at Oxford University made the following statement in this regard: “Now since Mithras was the sun, the Unconquered, and*

the sun was the Royal Star, the religion looked for a king whom it could serve as a representative of Mithras upon earth. The Roman Emperor seemed to be clearly indicated as the true king. In sharp contrast to Christianity, Mithraism recognized Caesar as the bearer of divine grace. It had so much acceptance that it was able to impose on the Christian world its own Sunday in place of the Sabbath. In die 'Catholic Encyclopedia, Vol 4, p153) staan die volgende:

The church after changing the day of rest from the Jewish Sabbath or seventh day of the week to the first, made the third commandment refer to Sunday as the day to be kept holy as the Lord's Day.

In *The convert's catechism of Catholic Doctrine by Reverend Pieter Gierman* kom die volgende vraag en antwoord:

Q: Why do we observe Sunday instead of Saturday? A: We observe Sunday instead of Saturday because the Catholic Church in the Council of Laodicea transferred the solemnity from Saturday to Sunday.

Aanhaling vervolg uit: *How the Sabbath was changed:*

----- this change (from Saturday to Sunday) was made about fifteen centuries before Protestantism was born, and by that time the custom was universally observed. They have continued the custom even though it rests upon the authority of the Catholic Church and not upon an explicit text from the Bible.

Die Woord van God word as ‘n tweesnydende swaard beskryf in Hebr. 4:12. Die enigste manier om die Swaard te kan hanteer is uit geloof. Indien jy bereid is om Hebr. 4 gelowig, onbevooroordeeld te lees, sal die skerp swaard van die Woord jou lossny van tradisies aan die eenkant en dit sal jou hart oopsny vir die waarheid van God se Woord aan die anderkant. Om Hebreërs 4 meer verstaanbaar te maak, word die teks volledig uit die *Bybel vir Almal*, aangehaal vanaf vers 1 tot 13:

*God het belowe dat Hy Sy volk sal laat kom in die land waar hulle veilig kan woon ek kan rus, en hierdie belofte is nou nog waar. Daarom moet ons oppas. God sal miskien sê dat pary van julle nie in die land sal kom waar ons veilig kan woon en kan rus nie. Want ons het ook die goeie boodskap gehoor soos daardie mense wat uit Egipte gekom het dit gehoor het. Maar die boodskap wat hulle gehoor het, het hulle nie gehelp nie omdat hulle nie geglo het nie. Want ons wat glo gaan in die land in waar ons veilig kan woon en kan rus. Die Here het gesê: “Ek was kwaad en Ek het gesê: So seker as Ek lewe, hulle sal nie kom in die land waar ek hulle veilig wou laat woon en laat rus het nie.” Dit het God gesê nie omdat Hy nie vir hulle rus kan gee nie. God kan vir mense rus gee, Hy rus self vandat Hy die wêreld gemaak het. Want God het gepraat van die **sewende dag** en Hy het gesê: “God het op die **sewende dag** gerus. Hy het nie gewerk nie” En ons lees ook dat God sê: “Hulle sal nie kom in die land waar Ek hulle veilig wou laat woon en rus nie.” Die mense wat voorheen die goeie boodskap gehoor het dat God vir hulle rus sal gee.het nie ingegaan in die plek waar hulle kan rus, soos*

God vir hulle belowe het nie. Hulle het nie ingegaan nie omdat hulle ongehoorsaam was. Maar party mense sal kan ingaan in die plek waar hulle veilig kan wees en kan **rus**, soos God belowe het. Daarom het God besluit dat daar 'n dag sal wees wat Hy "Vandag" noem. Dit het gebeur toe Dawid lank hierna gepraat het oor die dinge waarvoor ek nou geskryf het. Dawid het gesê: "Vandag, wanneer julle luister na wat God sê, dan moet julle nie hardkoppig wees nie." Want as Josua die volk gebring het in 'n land waar hulle veilig kan woon en kan **rus**, dan sou God nie later gepraat het van 'n ander dag nie. Daarom sal die volk van God kom in die land waar hulle veilig kan woon en kan **rus**, soos hulle op die **Sabbatdag rus**. Want wanneer God iemand laat **rus**, dan werk die persoon nie meer nie, soos God **gerus** het toe Hy klaar gewerk het. Daarom moet ons hard probeer om daardie **rus** by God te kry, sodat niemand van ons so ongehoorsaam sal wees soos Israel nie. Want die woorde van God is nie woorde wat dood is en niks beteken nie, dit kan werk en dinge doen. Dit is skerper as die skerpste swaard, dit kan oopsny, tot by 'n mens se lewe en gees, tot by sy murg en bene in sy liggaam. Dit kan sien wat is reg en wat is verkeerd wanneer 'n mens dink en graag dinge wil doen. En God kan almal en alles sien, niemand kan iets wegsteek vir Hom nie, Hy sien alles presies soos dit is. **Ons moet vir God alles verduidelik wat ons gedoen het.**

Ebjasaf: My Vader het ons Byeengebring .

Die Here het jou gelei. Hy het vir jou iets gegee om vir Hom te doen. So het jy besig geraak met hierdie groot en moeilike taak. Jy het al jou kragte daaraan gewy en die taak het ure van jou tyd in beslag geneem. Skielik op 'n dag het jy agtergekom dat jy nie vorder met die taak nie. Daar het struikelblokke ontstaan wat onoorkombaar was. Jy moes stil word en weer oor jou taak besin. Was dit God of was dit satan wat hierdie uitvoering van die taak gestop het? Jy het altyd geglo dat jy die toe deure se handvatsels moet voel en dat God die regte deur vir jou sal laat oopgaan. So het jy in satan se fyn beplande slaggetrap. Moontlik het jy erg gestruikel. Miskien het jy selfs geval en in die proses seergekry. Dalk het jy so seergekry dat jy nie lus het om op te staan en weer te probeer nie. Dalk is dit die beste wat jy kan doen, om nie weer self te probeer nie. Om nie weer taakgesentreerd te raak nie, om nie weer al jou selfpogings op die taak te fikseer nie. Dalk is dit beter dat jy liewers Mat. 6:33 volg:

Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Moet ons liewers met die God van die dinge as die dinge van God besig wees?

Moet Sy koninkryk en nie my koninkryk voorop staan nie?

Moet Sy wil bo my wil geskied?

Dalk moet ek nie die voorhangsel probeer skeur om by Hom uit te kom nie. Dalk moet ek wag totdat Hy op Sy tyd soos Hy wil by die geskeurde voorhangsel uitbeweeg, in my hart in, waar Hy Sy wil kan laat geskied. Dalk is die arrogante: *Ek sal self voel watter deur oop is*, dalk verkeerd en moet ek wag totdat Hy klop, op Sy tyd, by my voordeur, sodat ek vir Hom kan oopmaak, en Hy kan doen soos Hy wil en soos Hy die beste weet.

Die treffende woorde in hierdie verband staan vir ons opgeteken in Psalm 37: 5 en 7 (Living Bible):

5: Commit everything you do to the Lord. Trust Him to help you do it and He will.

7: Rest in the Lord; wait patiently for Him to act.

Die Bybel is so ‘n pragtig geïntegreerde geheel dat ‘n mens nie eintlik bogenoemde versies kan lees sonder om te dink aan wat in Numerie 9: 15 tot 23 vir ons opgeteken is nie. Hier gaan dit oor die leiding van God vir Israel in die woestyntog op pad na die Beloofde Land toe. God lei Israel bedags deur ‘n wolkkolom wat voor Israel uit beweeg en dan in die nag in ‘n vuurkolom. Wanneer die wolk- of vuurkolom stilstaan staan Israel stil en kamp hulle op daardie plek. Wanneer die wolk- of vuurkolom beweeg, beweeg Israel.

Numerie 9: 22:

If the cloud stayed above the Tabernacle two days, a month or a year, that is how long the people of Israel stayed; but as soon as it moved, they moved. So it was they camped or travelled at the command of the Lord;

In Numerie 10 gee God aan Moses opdrag om twee trompette te maak. Wanneer albei trompette hard deur een van die priesters geblaas word sal dit die teken wees dat die volk moet begin beweeg. Ook ons, wanneer ons op God wag om voor ons in die wolk te begin beweeg, sal fyn moet luister. Wanneer ons Goddelik, hetsy deur 'n dienaar van God, of deur Sy Woord, of deur die influistering van God se Gees, die trompet van God se oproep hoor, sal ons dadelik moet begin beweeg.

Gee genade Here om in U te rus, op U te wag, fyn te luister en mooi te kyk, en net te beweeg wanneer U beweeg nadat ons seker is, ons U stem gehoor het.

Eden: Paradys.

Satan is in baie dinge baie aktief. Daar is egter een terrein waar hy besonder aktief en besonder suksesvol is. Dit is die domein van die leuen. In Gen. 3 gebruik hy die leuen om Eva te verlei. Eers begin hy met 'n halwe waarheid wanneer hy Eva vra of hulle nie van die vrugtebome in die paradys mag eet nie. Dit is 'n duiwelse tegniek om 'n halwe waarheid te gebruik. Verder is sy hoofdoel om Eva by gesprekvoering te betrek. Eintlik streel hy Eva se ego in die sin dat hy haar kamstig vra om iets te verduidelik, asof sy alles weet. Vraagstelling prikkel ook veral die intellek en so is arme Eva opgestel om die groot leuen, wat satan wil vertel, te aanvaar. Die groot leuen is natuurlik dat satan beter as God weet en dat God eintlik vir die mense gelieg het. Hoe arrogant kan satan nie wees nie. Die volgende groot leuen is natuurlik dat die mens soos God kan wees. Vir die doel word kennis gebruik. Dikwels handel die moderne mens nog steeds volgens hierdie leuen van satan en glo hy dat hy homself kan vergoddelik deur die almag van kennis. Die kennis kom grootliks vandag deur die media soos koerante, televisie, boeke en internet. Daarom is dit by uitstek die terreine waarop satan sy leuens vandag toespits. Bykans alle nuus word vanuit 'n bepaalde konteks aangebied. Dit is hoogs onwaarskynlik dat dit vanuit 'n Bybelse waarheidskonteks aangebied word. Dink maar net aan die gruwelike miskening van die waarheid om politieke ideologieë te pas. Dink aan die rol wat advertensies

speel. Geen tydskrif, koerant of nuusmedium kan finansiëel oorleef sonder sy advertensies nie. Indien advertensies ontleed word is dit nie moeilik om die leuenagtigheid daarvan te herken nie. Gewoonlik fokus die advertensie se leuens op die mens se ydelheid en die behoefte om iets en iemand te wees. Die produk wat geadverteer word, word leuenagtig voorgestel asof dit aan hierdie menslike strewes en ambisies sal voldoen. Jy sal gewoonlik deur die gebruik van die produk ryk, invloedryk, mooi, jonk, viriel, suksesvol, gespierd, intelligent ens. word. ‘n Baie groot persentasie van hierdie voorstellings is wanvoorstellings, met ander woorde ‘n klomp leuens.

Vir die mens is kennis so goddelik dat dit dikwels vir die waarheid aanvaar word. Dikwels is kennis vals, onvolledig, word dit vanuit bepaalde kontekste aangebied, is dit feitelik nie verifieerbaar nie, poog dit om mense te mislei om sekere doelstellings te bereik en is dit blatant ‘n klomp leuens. Gaan kyk net op internet hoeveel sogenaamde kennis net ‘n klomp snert is. Dit bring die gelowige by ‘n baie belangrike vraag oor wat waarheid is. Ons het nou al gesien dat sekulêre kennis selde waarheid is. Hoe sal ‘n mens dan weet of iets waar is? Voor hierdie vraag beantwoord word, is daar eers ‘n ander belangrike vraag wat beantwoord moet word, naamlik waarom soek jy waarheid? Wat wil jy met die waarheid doen? Dit gaan oor ‘n wesensvraag na sinvolheid. Wat is werklik sinvol om te weet? Het kennis van die tydelike sekulêre wêreldse werklik veel sin? Is die enigste werklike sinvolle om te weet, nie kennis van God, Sy Seun en jou

verlossing nie? Indien jy dan die vraag na waarom jy wil weet beantwoord het, en tot die gevolgtrekking gekom het dat jy wil weet van God, Jesus en verlossing, is dit nie moeilik om die vraag na wat waarheid is te beantwoord nie. Die Heilige Gees sal jou leer wat waarheid is. Die Bybel sal vir jou waarheid oopmaak. En indien jy van die kennisperdjie afklim en die nederige afhanklike geloofspad begin loop, sal waarheid soos 'n helder verligte pad voor jou uitstrek tot by die Bron van alle Waarheid.

'n Belangrike vraag wat verder beantwoord moet word is of waarheid en werklikheid met mekaar verband hou. Grootliks word deur die sogenaamde kennis en sekulêre waarheid gepoog om die sekulêre werklikheid vir mense te ontsluit. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat sekulêre kennis van die wêreld die mens 'n gemaklike en voorspoedige aanpassing en oorlewing in die wêreld sal waarborg. Weer verskil die gelowige en die aardse mens se semantologie. Werklikheid vir die gelowige het min te doen met die sekulêre wêreld. Vir hom is die sekulêre 'n bloot tydelike, flietende oomblik wat bloot dien om te bepaal waar die werklikheid van die ewigheid deurgebring sal word. Die werklikheid vir die gelowige begin by die nie-sintuiglike in teenstelling met die aardse mens vir wie die werklikheid die empiriese, sintuiglik verifeerbare is. Waarheid sal dan vir die gelowige met geloof, vertrou, profetiese, geestelike, nie-sienlike te make hê. Die waarheidsiening sal dan ook 'n ander werklikheid ontsluit as die werklikheid waarin die ongelowige sy kort lewetjie uitleef.

Efod: Skouerkleed.

Vanweë ons sondes is ons almal oppad na die ewige dood toe, of te wel die verdoemenis, of die hel. Daar is net een manier om die hel vry te spring. Maar die tragiese is dat indien jou motivering is om die hel vry te spring, daar niks is wat jou uit die hel kan hou nie. Dan is die een ontsnaproete uit die hel. Vrees vir die hel is ongelukkig nie genoeg om jou uit die hel te hou nie. Die teendeel van vrees, naamlik liefde, kan jou wel uit die hel hou. Dan ook nie jou liefde nie maar Iemand anders se liefde vir jou. Dit werk so dat jou verdienste, en wat jy kan doen, niks met jou verlossing uit die hel te make het nie. Nee, dit is Iemand anders se verdienste, Iemand anders se liefde, wat jou uit die hel hou. God die Vader het jou oneindig lief. Daarom het Hy 'n plan gemaak om jou uit die hel te red, die plek waar jy vir al jou sondes moes gaan boet het. Nou hoe het Hy dit reggekry? Onthou dat God absoluut regverdig is. Hy kan sondes nie sommer net oorsien nie. Daar moes geboet word vir jou sondes. In Sy groot liefde het God besluit dat Sy Geliefde Seun, die Here Jesus Christus, Hy wat nog nooit enige sondes gedoen het nie, in jou en my plek gestraf moet word vir ons sondes. Die straf moes voldoende wees om as volle boete vir ons oortredings te kon betaal. Geen hoër prys as God se eie Seun, kon betaal word nie. Deur Jesus se ontsettende lyding en dood het Hy die volle boete vir ons vryspraak betaal.

Hy het egter nie net gesterf nie maar Hy het satan, hy wat die mens altyd verlei om sondes te doen, oorwin en onderwerp. Hierna het Jesus uit die dood opgestaan. Omdat Hy in ons plek vir al ons sondes geboet het, het Hy die reg om by God, ons Vader, vir ons in te tree. Hy herinner God dat Hy reeds vir al ons sondes geboet het en dat ons gevolglik vrygespreek kan word. Die enigste wat ons moet doen, om vir vrypraak te kwalifiseer, is om hierdie evangelie aangaande Jesus, die Messias, te glo en vir onself te aanvaar.

Nou dat jy weet hoe jy gered word, is jy ook gereed om te glo dat Jesus se offer aan die kruis voldoende was om vir jou sondes te betaal. Om te glo beteken dat jy aan Jesus vashou as die Enigste Een waardeur die verlossing kom. Dit beteken ook dat jy op Hom alleen vertrou as jou Verlosser. Dit is so mooi: Jesus, beteken Redder, Verlosser en Heil. (*Jesus kom van die Hebreeuse woord Jasha af wat beteken: red, help, verdedig, bewaar, om vry te maak, oorwinning te gee, om na veiligheid toe te bring en te genees.* Kortom dit waaraan ons ons lewens op hierdie aarde bestee. Van *Jasha* af kom die woord *Jeshua*, die regte woord vir *Jesus – The Book of mysteries: Jonathan Cahn. Day 18*). Wanneer jy Hom vertrou vir jou verlossing, beteken dit dat jy aanvaar dat dit wat Hy gedoen het vir jou bedoel is. Jy steek jou hande uit, jy aanvaar die verlossing, jy vat dit vir jouself, jy maak die deur van jou hart oop vir Hom sodat Hy deur Sy Gees in jou kan kom woning maak. Hierdie proses van aanvaarding kan net verstaan word indien jy aan ‘n klein kindjie dink wat ‘n geskenk van iemand aanvaar. So ‘n kind is

opgewonde, opreg, probeer nie self betaal nie, vertrou volkome die gewer en is afhanklik. Hy steek sy handjies gretig uit, vat die geskenk en is bly. Jy kan ongelukkig nie iets met jou hande aanvaar indien jy iets anders in jou hande het nie, veral nie so 'n groot geskenk soos jou ewige verlossing en redding nie. Daarom sal jy jou hande en jou hart moet leegmaak van alles wat die aanvaarding van die geskenk sal bemoeilik. Dit sal nou dinge wees soos die eie ek, selfsug, liefdeloosheid, om ander nie te wil vergewe nie, liefde vir die wêreld en wat die wêreld jou kan bied, geheime wellustige dinge, haat en al sulke dinge. Die oomblik dat jy jou redding so aanvaar sterf die ou mens en 'n nuwe jy-mens word gebore; die mense noem dit wedergeboorte. Alles word dan nuut. Die ou slegte mens is dood en God dink nooit weer aan wat daardie mens gedoen het nie. Hy bestaan mos nie meer nie. Die nuwe mens moet ook soos 'n baba begin asemhaal. Dit is wanneer die Heilige Gees in die mens inkom en nuwe lewe inblaas. Indien die mens dan die Heilige Gees toelaat om sy lewe te beheer en te bestuur sal Hy wonderlike vrug in die mens se lewe dra (Gal. 5). Die vrug sal die volgende wees: Liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. So sal die kindjie begin groei totdat hy as volwasse Christen weer ander mense sal help om in Jesus se Koninkryk in te kom en te begin lewe.

Efrata: Vrugbaarheid.

Die see word gewoonlik simbolies gebruik om na die mensdom te verwys. Daarom kan die See van Galilea ook simbolies gebruik word om na die mense op die aarde te verwys. Wanneer Jesus op die See van Galilea Sy dissipels tegemoet loop, terwyl hulle van angsk uitroep, bevestig Hy Sy Koningskap van die mensdom. Hy is bo die mens, Hy word nie deur menslike beperkings teruggehou nie, Hy is God van die mensdom, Hy kan uitstyg bo die fisiese beperkings van mense. Toe Petrus op Jesus se uitnodiging die bootjie verlaat, wandel hy op die water, soos Jesus. Vir 'n kort rukkie smaak hy die hemel se vrymaking van die gekneldheid van 'n aardse bestaan. Solank sy oë op Jesus gerig is, wandel hy Goddelik in 'n ander dimensie, bo die beperkings van die aardse bestaan. Hy word soos God deur sy geloof in God. Toe Petrus rondkyk, weer sy menslike perspektief opneem, begin hy sink, sak hy terug in die alledaagsheid van 'n menslike bestaan. Sy vertrou op homself laat hom sink. Toe hy sy eie broosheid, afhanklikheid, swakheid, sondigheid ervaar is hy nie meer binne die Goddelike dimensie nie. Hy sink weg in sy swakheid en sondes. Simbolies sterf Petrus toe hy onder die golwe begin verdwyn. Sy ou sondige geardheid trek hom onder toe, onder die water in. Daar is vir hom geen hoop meer in homself, in sy eie selfdoen vir redding nie. Genadiglik kon hy die verlossende woorde uitkry; *Here, help my.* Hoeveel mense het deur die eeue verlossing en redding in hierdie woorde gevind

wanneer dit in uiterste wanhoop in die self en selfpogings, in opregtheid en geloof in God se vermoë om te kan red, uitgespreek is? Wat doen Jesus? Hy steek Sy hand uit, gryp Petrus se hand en trek hom uit die water op. Wat het hier gebeur? **Petrus is simbolies deur Jesus gedoop.** In die wegsink in die doopwater het Petrus sy eie onvermoë tot selfredding beleef. Jesus se reddende hand deur die doopwater heen het hom gered van sy eie pogings tot redding. Later sou Petrus deur Jesus met die Heilige Gees gedoop word. Hierdie wonderervaring van Petrus tydens sy waterdoop, deur Jesus, het hom voorberei vir die doping met die Heilige Gees. Die vuur van die Heilige Geesdoping sou die wêreld aan die brand steek vir Christus en geen watervloed sou ooit die genade van God se liefdesverlossing kon uitblus nie.

Vandag nog trek Jesus se liefdeshande ons uit die doopwater van ons eie onvermoë tot redding van sondes. Daarom is dit so belangrik dat ons met Hom sal wandel, ons hand stewig in Sy hand, sodat ons nie wegsink tussen die massagolwe van ongeredde siele nie.

26 Januarie

Dorings

Ehud: Eendrag.

(Gelykenis van die Saaier)

Mat. 13: 7 (Amplified Bible)

Other seeds fell among thorns, and the thorns grew up and choked them out.

Verklaring Mat. 13:22

And for what was sown among thorns this is he who hears the Word, but

- 1. The cares of the world*
- 2. And the pleasures*
- 3. And delight*
- 4. And Glamour*
- 5. And deceitfulness of riches*

Choke and suffocate the Word and it yields no fruit

Wat veroorsaak dat die Woord nie in jou en my lewe die gewenste vrug dra nie?

Is dit dalk ons behepthed met kommer en onsekerheid, in plaas van om op God se uitnodiging, ons laste na Hom toe te bring?

Is dit dalk ons behepthed met plesier en om die lewe te geniet?

Is dit dalk ons entoesiasme oor dit wat die lewe bied, oor die prestasies van mense en wat mense tot stand bring, die wonder van tegnologie?

Is dit die blink dinge van die lewe wat ons hoogste doel word?

Is dit dalk die valsheid van verwagtings wat met rykdom gepaard gaan?

Wat versmoor die Woord van God in ons lewens en maak dat daar nie vrug is op die saad wat so mildelik in ons lewens gesaai word nie?

Laat ons satan toe om tussen die saad van God se Woord ook onkruid in ons lewens in te saai? Een manier waardeur satan groot sukses behaal is die leuen.

Satan is die vader van die leuen. Om onkruid in jou lewe te ontdek moet jy veral let op dinge wat as waarheid aan jou opgediep word maar wat dikwels halwe waarhede bevat en soms blatante leuens is. Ons lewe in 'n *make believe world*.

Die werklikheid het grootliks in 'n virtuele werklikheid ontaard. Neem maar net kommunikasie as voorbeeld. Die sosiale media soos Facebook, Whatsapp, Twitter ens. het een tot een kontak, oogkontak, fisiese aanraking soos om iemand met die hand te groet, grootliks vervang. Die mens se sosiale behoeftes word deur virtuele kontak bevredig sodat die ware ding selde tot sy reg kom. Die *make believe world* strek veel verder as net kommunikasie. Neem nou maar net die mensdom se verslawing aan sepies, flieks, video's en rekenaarspeletjies waarin jy kan ontvlug na die droomwêreld van ander se vreugdes en ellendes. Die internet is nie 'n boek nie en tog word baie boeke op die internet gelees. Wikipedia is nie 'n werklike ensiklopedie nie maar word meer as enige ensiklopedie geraadpleeg totdat die grens tussen werklikheid en virtuele werklikheid so vervaag dat 'n mens die virtuele vir die werklikheid aansien. Die

grens tussen werklikheid en virtuele werklikheid vervaag verder by robottegnologie en Driedimensionele drukkers. Dit is asof 'n mens se verstand wil begin rebelleer en of dit toenemens moeilik raak om die leuenwerklikheid te herken. *Make believe* is 'n interessante konsep. Dit is die onwerklike wat deur geloof as werklikheid aanvaar word. Seker die grootste bydraende faktor tot die aanvaarding van die leuenwêreld as werklike wêreld kom deur die invloed van die media. Neem maar net 'n koerantberig as voorbeeld. Jou geloof in die waarneming, interpretasie en konteksverklaring van die joernalis moet geweldig groot wees. Die joernalis skep vir jou 'n werklikheid soos hy of sy wil, afhangende van die joernalis se integriteit, deur die gebruik van woorde.

Oppas vir die onkruid wat die goeie saad verstrik.

27 Januarie

Dorings 2

Eker: Spruit.

In Genesis 3:18 word die straf oor Adam en sy manlike nageslag aangekondig omdat hy aan God ongehoorsaam was. Sy straf was onder andere:

Die aarde sal vir jou dorings ---laat uitspruit.

Ons almal is met dorings bekend. Daar is seker nie een van ons wat nog nie deur 'n doring gestek is nie. Daarom weet ons van die brandpyn en watter gesukkel dit is om 'n doring uit jou hand of voet te haal. Geen wonder dat God gekies het om na die skepping en sondeval van die mens, weer te skep en die doring tot stand te bring nie. Die doring is voorwaar die simbool van die lyding van die mens vanweë sy sondeval. Iets van die brandpyn wat in die hel ondervind sal word, word ervaar wanneer die doring in jou vleis insteek. Ook Jesus was met dorings bekend. Ook Hy het die brandpyn van doringsteke ervaar. Hy het dit nie verdien nie want Hy was en is sondeloos. In ons plek het Hy die brandpyn van die hel, deur onder andere dorings wat Hom steek, kom ervaar. Toe die Romeinse soldaat die doringkroon vir Jesus se kop gevleg het, het hy nie 'n idee gehad van wat hy besig was om te doen nie. 'n Doringkroon sou baie dorings gehad het wat na alle kante toe uitgesteek het. Ons kry vandag 'n plantjie met die naam van Doringkroon. Heel gepas dra dit 'n klein rooi blommetjie tussen die verskriklike dorings. Dit is soos 'n druppeltjie bloed wat tussen die dorings uitpers. Amper soos Jesus se bloed toe die doringkroon op Sy kop vasgedruk is. Die helse

brandpyn van die baie dorings wat in Sy kop in gesteek het, moes verskriklik gewees het.

So het Jesus die brandgif van die dorings se steek kom wegneem vir die mens, toe Hy toegelaat het dat die brandpyn van die hel Hom kom folter het in ons plek. Soos die dood is die tande van die doring getrek op Golgota.

Die straf op Adam (en ons) sonde is betaal. Die dorings is uitgetrek.

Elad: God het getuig.

(Lukas 22 tot en met Lukas 24)

Die eerste drie skeppingsdae is herhaal in nog drie skeppingsdae. Die wonder van die skeppingsdae word egter oortref deur die drie ander dae in luister, wonder, rykheid van betekenis, die eer aan God, die uitbreiding van Sy koninkryk en die voltoering van Sy wil. Kom ons kyk in meer besonderhede na hierdie drie wonderdae in die geskiedenis van die mens, drie dae wat die hoogtepunt van die mens se bestaan van Sesduisend jaar op die aarde is. Hierdie drie dae word in Lukas 22 tot 24 beskryf.

Om oor hierdie drie wonderdae te kan praat moet sekere begrippe eers verklaar word:

Dag:

‘n Dag is in die hedendaagse tyd ‘n tydperk van 24 uur wat om 12 namiddag begin en om 12 namiddag eindig byvoorbeeld: Woensdag begin om 0:00 op Woensdag en sal om 24:00 Woensdag eindig. In die Bybel het ‘n dag gegeld van sonsondergang die vorige dag tot sonsondergang van die betrokke dag. Woensdag het dan Dinsdagaand sononder begin en het geëindig op Woensdag sononder. Kom ons neem aan dat sononder in Israel ongeveer 18:00 was wat dan sal beteken

dat Woensdag reeds in ons terme op Dinsdag 18:00 begin het en op ons Woensdag om 18:00 geëindig het.

Pasga, die dag van die ongesuurde brode, Paasfees

Hierdie dag, wat deur bogenoemde terme aangedui word is op die dag van volmaan in die eerste maand van die maankalender gevier. Volgens die lentetyndeling wat deur ou Israel gebruik is, was dit in Hebreeus die maand Habib, die eerste maand van die jaar. Dit is in ons tyd die volmaan van Maartmaand. In die Babiloniese indeling was dit die Maand Nisan en dan wel ongeveer die 14de van die maand. Hierdie dag het met die dag en nagewening saamgeval. Vir ons ongeveer 21 Maart van elke jaar. In die noordelike halfrond was dit die begin van lente. In die tyd van Jesus se afsterwe was dit Donderdag 18:00 tot Vrydag 18:00. Die Fees van die Ongesuurde Brood begin op Pasga en hou sewe dae aan van 14 tot 21 Habib of Nisan.

Saterdag, Sondag, Sabbat en die eerste dag van die week.

Die eerste dag van die week is vir ons Sondag, van Sondag 00:00 tot Sondag 24:00. Die eerste dag van die week is vir Israel van 18:00 Saterdag tot 18:00 Sondag in ons tyd.

Sabbatdag is vir Israel van Vrydag 18:00 tot Saterdag 18:00.

Begin van tyd

Tyd word gekenmerk deur die bepaling van Voor Christus (v. C.) en Na Christus (n. C.), bedoelende Christus se geboortetyd. Ongelukkig het daar 'n fout ingesluip en is Christus nie bebore in die jaar 0 nie. Ons weet uit Bybelse gegewens dat Herodus die Grote aan bewind was tydens Jesus se geboorte. Histories is bepaal dat Herodus reeds in die jaar 4 v. C. oorlede is. Jesus is dus in die jaar of jare voor 4 v. C. gebore. Die meeste Bybelkenners plaas Jesus se geboorte in die tydperk van 6 v.C. tot 4 v.C. Oor die tyd van Jesus se afsterwe is daar ook onsekerheid soos oor die tydperk van Sy openbare dienslewering. Die meeste geleerdes plaas Jesus se afsterwe in die tyd van 27 tot 33 n.C.

Kom ons kyk of ons 'n kronologies uiteensetting van tye ten opsigte van die drie belangrike wonderdae in Jesus se bestaan kan saamstel.

Ons sal vir hierdie doel bly by die Israelse dagaanduiding en dan in hakkies aandui wat dit in ons tyd beteken, indien nodig.

Lukas 22:1

Dit was amper tyd van die Fees van die Ongesuurde Brood.

Dit was die dag voor Paasfees, dit wil sê Woensdag 18:00 tot Donderdag 18:00.

Lukas 22:7

Die dag van die Ongesuurde Brood (Paasfees) het aangebreek.

Vir Israel van 18: 00 Donderdag tot 18: 00 Vrydag.

Lukas 22:8

Jesus stuur toe vir Petrus en Johannes met die woorde: Gaan berei vir ons die Pasga voor sodat ons dit kan eet.

Vermoedelik was dit voor die Pasga om 18:00 op Donderdag aangebreek het, aangesien hulle die voorbereidingswerk vir die Pasga moes gaan doen het.

Lukas 22:14

Toe die tyd aanbreek het Hy en die apostels saam met Hom vir die maaltyd (Pasga) aangelê.

Dit moes vroeg op die Israelse Vrydag, die Pasga, gewees het. Vermoedelik 18:00 tot 19:00 (op ons Donderdagaand)

Lukas 22: 17 tot 20

Instelling van die Nagmaal en die Nuwe Verbond, terwyl Jesus saam met die dissipels Pasga vier.

Vermoedelik was dit vroeg die aand van die begin van die Pasga 18:00 tot 19:00 op Israel se Vrydag (Ons Donderdagaand).

Lukas 22:34

Maar Jesus sê: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vandag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie.

Vandag verwys nog steeds na die nag van die instelling van die Nuwe Verbond en die Nagmaal, dit wil sê die Israelse Vrydag (Ons Donderdagaand), ongeveer 18:00.

Lukas 22:39

Hy het vertrek en soos gewoonlik na die Olyfberg gegaan.

Vers 44: Sy sweet het in groot bloeddruppels op die grond geval.

Nog steeds ons Donderdagnag ongeveer 19:00 en vir Israel Vrydag.

Lukas 22: 48

Maar Jesus sê vir hom: Judas, lewer jy die Seun van die Mens oor met 'n soen.

Nog steeds Donderdagnag net nadat Jesus bloed gesweet het in Getsemane.

Moontlik in die vroeë aand ongeveer 20:00 Donderdagaand.

Lukas 22: 54

Nadat hulle Jesus gevange geneem het, het hulle Hom weggelei en Hom na die hoëpriester se ampswoning gebring.

Kon dit so 'n uur later gewees het in dieselfde nag, so ongeveer 21:00?

Lukas 22: 55 tot 62

Hierdie gedeelte handel oor hoe Petrus drie maal ontken het dat hy Jesus ken.

Moontlik het hierdie verloëning van Jesus ongeveer oor 'n tydperk van 3 ure plaasgevind terwyl Jesus verneder en verhoor is. Dit bring ons dan by ongeveer

24:00 Donderdagnag. Moontlik kon dit ook 'n bietjie later gewees het, indien die haan al gekraai het om 'n nuwe dag aan te kondig. Dus moontlik 02:00 vir ons op Vrydagoggend.

Lukas 22: 63

Jesus word gespot geslaan beledig en geblinddoek. Dit moes in die vroeë oggendure gewees het voor die son opgekom het op Vrydagmore, ongeveer van 02:00 tot 06:00.

Lukas 22: 66

Teen dagbreek het die Raad van Familiehoofde byeengekom ----en hulle het Hom na hulle Sanhedrin weggelei.

Hierdie aanvanklike verhoor van Jesus deur die Jode moes ongeveer 06:00 tot so 06:30 Vrydagoggend plaasgevind het.

Lukas 23: 1 tot 5

Die verhoor van Jesus voor Pilatus begin

Ons kan seker dertig minute daarvoor toelaat met ander woorde van 06: 30 tot 07:00 Vrydagoggend.

Lukas 23: 6 tot 12

Nou word Jesus deur Herodus verhoor.

Indien ons vir hierdie verhoor ook 30 minute toelaat bring dit ons by 07:30.

Lukas 23: 13 tot 25.

Jesus word finaal deur Pilatus verhoor en ter dood veroordeel. Indien ons dertig minute daarvoor toelaat bring dit ons by 08:00.

Lukas 23 : 26 tot 33

Jesus word in hierdie laaste uur geysel, Hy moes die Via Dolorosa stap en Hy is gekruisig. Ons weet dat Hy ongeveer 09:00 op Vrydagoggend gekruisig is.

Lukas 23: 34 tot tot 43

Die eerste drie ure wat Jesus aan die kruis gehang het word in hierdie gedeelte verhaal. Dit neem die kruislyding na 12:00 op Vrydagoggend.

Lukas 23: 44 tot 49

Dit was ongeveer die sesde uur (12:00 Vrydagoggend) en duisternis het oor die hele land toegesak tot die negende uur (15:00 Vrydagmiddag). Die son is verduister en die voorhangsel van die tempel is middeldeur geskeur. Met 'n harde stem het Jesus uitgeroep: “ Vader in U hande gee Ek My Gees oor”

Jesus sterf dus om 15:00 die Vrydagmiddag.

Lukas 23: 50 tot 56

53: Nadat hy (Josef van Arimatea) die Liggaam afgehaal het, het hy Dit in linnedoeke toegedraai en Hom neergelê in 'n rotsgraf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Dit was die voorbereidingsdag en die Sabbat het al begin

aanbreek. (die Sabbat het om sonder, ongeveer 18:00 op Vrydag begin en dit het geduur tot Saterdagsonder, ongeveer 18:00)

Lukas 24:1

Teen dagbreek, op die eerste dag van die week (Ons Sondag) het hulle na die graf gegaan-----die klip van die graf weggerol was. 6. Hy is nie hier nie, maar is opgewek 7. Die Seun van die Mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word en op die derde dag opstaan.

Indien Jesus vroeg die more van die eerste dag opgestaan het, ongeveer 03:00 beteken dit dat Hy 36 uur in die graf was. Dit is drie dae van 12 uur elk. Die 36 uur is ook 6 maal 6 ure. Die getal 6 is die getal van die mens. Dit klink gepas dat Hy die verlossing van die mens deur Sy lyding 6 maal bevestig het. Soos die skepping in 6 dae voltooi is, is ook die herskepping van die mens, uit sy sondeval, in die getal 6 voltooi. Dit is ook moontlik dat Jesus op die ouderdom van 36 jaar gesterf het wat dan ook 'n herhaling van 6 maal 6 sal wees. Die laaste gedagtes is bloot bespiegeling. Wat ons wel van seker is, is dat Jesus 6 ure aan die kruis gehang het.

So is die drie betekenisvolste dae in die mens se geskiedenis, en in Jesus se bestaan op die aarde, voltooi.

Lukas 24:51

Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is in die hemel opgeneem.

Dit was 40 dae nadat Hy opgestaan het, en nadat Hy aan baie mense verskyn het.

Elam: Hoog.

In 'n normaal funksionerende mens word die suiker wat ingeneem word, deur insulien in staat gestel om vanuit die bloed in selle in te beweeg waar dit energie verskaf. Indien daar probleme ontstaan en die pankreas nie genoeg insulien produseer nie kan dit die opname van suiker deur die liggaamselle vertraag en verhinder. So 'n persoon sal onder andere moeg voel. Dit mag egter ook wees dat genoeg insulien geproduseer word maar dat die liggaamselle traag raak om die suiker op te neem al is daar genoeg oordragstowwe in die vorm van insulien teenwoordig. In so 'n geval word die suikervlakke in die bloed abnormaal hoog en begin dit senuwees en bloedvate vernietig. Dit mag dan tot blindheid en amputasies en ander negatiewe faktore aanleiding gee.

Kom ons bou 'n gelykenis op 'n geestelike vlak uit die werklike verhaal van suiker en insulien.

Op 'n geestelike vlak kan suiker voorgestel word as die rou energie wat deur die kennis van God se Woord ons geestelike liggame binnegaan en deur die bloed van ons denke deur ons geestelike liggame gedra word. Die kennis van God en Sy Woord kan alleen deur die insulien van die Heilige Gees ons geestelike selle binnedring om geesteskrag vry te stel en ons in staat te stel om geestelike vrug te dra. Indien die Heilige Gees soos insulien nie meer deur die pankreas, van 'n intieme wandel met God geproduseer word nie, kan dit nie meer die

lewensnoodsaaklike werk verrig om ons geestelike liggame van krag te voorsienie. Ons raak geestelik moeg en lam. Soos met die liggaam gebeur mag dit wees dat die selle nie meer op die insulien reageer nie. Dalk het daar 'n siektetoestand ingetree of het die selle vanweë oorbenuiting 'n weerstand teen die opname van insulien opgebou. In ons gelykenis sal dit beteken dat ons geestelike selle dalk so oorlaai is met verkeerde kennis dat ons geestelik 'n weerstand teen God en Sy Woord ontwikkel het.

In Spreuke 1:7 word die volgende wysheid aangeteken:

Kennis begin met die dien van die Here.

Of anders gestel:

Dwaasheid begin met die dien van satan.

Is dit waarom daar so baie leuens vandag in omloop is? Dit wil sê dat mense so baie dinge as kennis en as die waarheid beskou terwyl die meeste daarvan leuens is, omdat hulle satan dien in plaas van God. Die meeste sekulêre kennis, bekom uit bronne soos die media, word vanuit 'n bepaalde perspektief aangebied, 'n perspektief wat Jesus en Sy Woord nie as uitgangspunt gebruik nie en as onwaarhede beskou kan word.

Wanneer die krag van die suiker van die leuen die selle van die geestelike mens binnedring sal die selle se vermoë tot opname geblokkeer word. Wanneer die insulien van Waarheid van God se Woord nie meer geproduseer word nie, kan

die suiker van waarheid nie meer die lewensselle binnedring nie. Die geestelike mens sal begin afsterf. Die leuens wat deur die are van die sondaar vloei sal die organe begin beskadig soos dit opbou en meer word totdat die organe begin afsterf en die hele organisme tot nietgaan. Die mens het geestelik gesterf.

Wysheid is die vermoë om die kennis van God en Sy Woord in die daaglikse lewe toe te pas.

Elat: Groot boom.

Lukas beskryf drie rykes: In Lukas 16: 19 die ryk man en Lazarus, in Lukas 18:18 'n ryk maghebber wat Jesus wou volg, en in Lukas 19:1 die ryk tollenaar, Saggeus. Ons leer in hierdie gedeelte baie van ryk mense.

1. Net een van hierdie drie word by die naam genoem naamlik Saggeus. Hy was die enigste een oor wie Jesus 'n gunstige uitspraak gemaak het. Dit is asof die ander twee, vanweë die keuses wat hulle uitgeoefen het oor die hantering van hulle rykdom, hulle nie noemenswaardig gemaak het nie. Van die eerste ryk man weet ons dat hy hom nie aan die arm Lazarus gesteur het nie, niks vir armes gegee het nie, harteloos homself geniet het en in die hel beland het na sy dood. Van die tweede ryke, die ryk maghebber weet ons dat hy belanggestel het om Jesus te volg. Hy het geglo dat hy sy saligheid kan verdien deur goeie dae en wetsonderhouding. Sy kans om in die hemel te kom, was so skraal as wat die kans is dat 'n kameel deur die oog van 'n naald kan gaan. Dit was egter nie onmoontlik nie, net baie onwaarskynlik. Die derde ryk man was Saggeus. Hy was 'n tollenaar. Meer nog hy was 'n hoof tollenaar en baie ryk. Tradisioneel het die tollenaars mense uitgebuit en was hulle skelm. In Saggeus se hart was daar egter die behoefte om Jesus te sien. Vir die doel het die kort mannetjie nie die moeite ontsien om in 'n boom te klim ten einde sy doel te bereik

nie. Hy moes Jesus baie graag wou gesien het. Dalk was hy moeg vir die sinnelose gejaag na geld en het Jesus iets vir hom verteenwoordig waarna hy in sy diepste wese gesmag het. Toe Jesus onder Saggeus se boom kom, het Hy opgekyk en Saggeus op sy naam genoem. Ek glo Saggeus het seker van verbasing amper uit die boom geval. Hy het nietemin vinnig afgeklim en Jesus se wens om by hom te kom eet, met vreugde aangegryp. Saggeus hoor hoe die ander Jode agter sy rug by Jesus mor omdat Jesus by 'n slegte man gaan eet, Hy het op 'n besondere manier sy sondes bely. Die feit dat die belydenis deur restitusie gedoen is moes Jesus aangegryp het. Hy was so aangegryp deur Saggeus se boetedoening dat Hy verklaar het: *Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom (Lukas 19:9)*. Dit is maklik om te praat en om selfs jou sondes te bely. Maar ware jammerte blyk uit wat jy doen met die sondes wat jy gedoen het. Dit is soms nodig om nie net jammer te wees nie, maar ook regstellend op te tree indien dit in jou mag is, soos Saggeus gedoen het. Deur te gee, weg te gee, tot helfte van sy besittings, het hy gewys dat hy werklik jammer was dat hy die afgod van geld in sy lewe gedien het. Toe hy die foute wat hy begaan het, begin regstel het, het hy losgekom van sy afgod. Toe hy sy kosbaarste, sy geld, begin weggee het, het hy homself begin weggee, homself verloën. Hy was ook nie skaam om te erken dat hy ander onderdeur gespring het nie. Intendeel, hy het hierdie mense openlik tot vier maal die bedrag wat hy oneerlik bekom het, vergoed.

Hoe liewer jy jou geldgod het, hoe meer moet jy betaal om los te kom van jou geldgod, hoe groter is die eis van selfverloëning. Die ryk man wat Lazarus se nood geïgnoreer het, het geen kans gehad om gered te word nie. Sy afgod se mag was net te groot oor hom. Die tweede ryk man, die ryk maghebber wat deur wetsondehouding probeer inkom het, het darem nog 'n kans gestaan, maar was so lief vir sy geld dat Jesus gesê het hy moet alles wat hy besit verkoop en alles vir die armes gegee. Van hierdie man het Jesus darem verklaar dat daar 'n kans vir redding is aangesien niks by God onmoontlik is nie. Of die oog van die naald van genade sou baie groot moes wees of die kameel van rykdom sou baie klein moes word om so iets moontlik te maak. Toe Saggeus ruim self begin weggee, het die oog van die naald van genade verruim om vir hom die hemelpoort toeganklik te maak. Soms word selfs 'n arm mens, met die eis van alles, vir Jesus getoets. Dink maar aan die arm weduwee wat net genoeg meel en olie vir een broodjie oor gehad het. (1Kon. 17:10). Elia, wat beteken *God is God*, het van haar gevra dat sy haar laaste maal voorberei en dit dan, nie vir haar en haar enigste kind gebruik nie, maar dit vir hom moet gee. Ons weet hoe die Here die weduwee se gehoorsaamheid geseën het en vir jare vir haar gesorg het, deur die meel en olie net te bly voorsien. Ryk of arm, nie een van ons is uitgesluit nie. Ons almal moet onself weggee, om Jesus se skat, van 'n oneindige ryk vol lewe, in die hiernamaals, te kan ontvang.

Eldaa: God het geroep.

Die eerste werklikheid waarin ons lewe is die van die sinuiglike werklikheid. Sommige mense noem dit die *common sense* werklikheid. Hierdie werklikheid word oorheers deur ons sintuie. Ons sien, hoor, ruik, proe, voel ons werklikheid. Alles draai grootliks om hierdie sinuiglike ervarings. Ons doel in die lewe is om die beste sinuiglike ervarings denkbaar te beleef. Ons soek lekker kos, ons wil mooi dinge sien, ons wil pragtige dinge hoor, ons wil net aangename reuke ruik en ons wil voel en bevoel word. Ons koninkryk bestaan uit die sinuiglike. Die koning van hierdie koninkryk is onself. Ons is nie veel anders as 'n dier in hierdie eerste werklikheid nie. Die liggaam staan bo alles, **my** liggaam!

Die tweede werklikheid waarin ons leef is die van dinge wat ons nie sien, hoor, voel of proe nie. Dit is 'n verskuilde werklikheid. Ons raak bewus van hierdie werklikheid deur kennis te neem van wat om ons aangaan en betekenis daaraan te gee. So raak ons bewus van dinge soos ander mense se idees en kragte, se invloed op ons lewens. Die tweede werklikheid is hoofsaaklik 'n leuenwerklikheid wat deur die koning van die onderwêreld, satan, beheer word. Dikwels gaan ons so op in hierdie werklikheid dat ons deel van hierdie werklikheid word. Dan sal ons dinge begin verklaar uit hierdie werklikheid soos om aan satan die eer te gee vir dinge wat gebeur. 'n Voorbeeld hiervan is woordgebruik soos:

Ek was net gelukkig dat hy my nie raakgery het nie.

My sterre sê dat dit en dat met my gaan gebeur.

Ek kan my sterre dank.

Daar is geen hoop vir ons in hierdie land nie.

In hierdie tweede werklikheid speel baie dinge af waarvan baie mense nie bewus is nie. Dink in hierdie verband aan die sataniese invloed wat deur die Vrymesselaars uitgeoefen word, die mag en manipulering van die Bilderbergs, die Rothchilds, die Morgans. Nog voorbeelde is die ontsettende mag wat deur die Rooms Katolieke Kerk deur die Jesuitiese Orde uitgeoefen word. Voorbeelde hiervan is die aanstelling van die president van Amerika, die totstandkoming van die Federale Bank in Amerika, die stigting van die Kommunistiese Party, die sinking van die Titanic en veroorsaking van die Eerste Wêreldoorlog. Hierdie is grootliks 'n geslote werklikheid vir die gewone mens, tog oefen dit 'n groot invloed op sy lewe uit.

Die media konsentreer op hierdie eerste twee werklikhede. Met kennis van hierdie twee werklikhede voel die mens of hy in beheer is. Daarom het die mens 'n onversadigbare honger na kennis van hoe hy of sy die liggaam kan mooi maak, lank kan laat lewe, siektes kan afweer en genot kan laat beleef. Hiermee saam wil die mens graag weet wat in die toekoms gaan gebeur. Dit voel vir hom of hy deur kennis van die verlede en die hede die toekoms kan voorspel. Dit wat die satan

van die tweede verskuilde werklikheid bekend laat word, dikwels deur halwe waarhede, skeep die een emosie by die mens, waarin satan floreer, naamlik vrees. Soos ons almal weet is vrees die resultaat van ongeloof. Vrees is eintlik die stel van wantroue in God se voorsiening. So ploeter die meeste mense deur die lewe deur te lewe in die eerste twee werklikhede.

Die derde werklikheid is die van die *Revealed Sense* (in kontras met die common sense). Agter alles wat gebeur is daar 'n Hoër Hand wat alles laat uitspeel soos Hy beplan het. Die wêreldgeskiedenis speel nie lukraak af nie. Daar is 'n groot Goddelike Plan wat uitgespeel word. Alles gebeur binne die raamwerk van hierdie groot plan van God. Dit wat satan toegelaat word in die tweede werklikheid en dit wat die mens toegelaat word in die eerste werklikheid, vind alles plaas binne die groot plan van alles. God het die mens en alles op die aarde en om die aarde vir hierdie doel deur Sy Seun geskep. Daar is reeds ver gevorder in die verloop van hierdie groot plan van God. Enige ernstige Bybelleser sal vir jou duidelik kan wys hoe die Bybelse profesieë in ons tyd vinnig in vervulling gaan. So baie van dit wat die wetenskaplikes, sintuiglik, empiries probeer verklaar, is maar net tekens van hoe God Sy groot plan in vervulling laat gaan. Die Koninkryk wat kom, is die Ware Ewige Koninkryk, dit is die een wat van die begin af voorberei is, die een waarvoor ons 'n geleentheid kry om tydens ons lewe op aarde voor te berei. Moenie toelaat dat jy mislei word om die gode van die eerste twee koninkryke te dien nie. Daar is net een ware Koninkryk. Daar is net

een ware Koning. Moenie die sintuie dien nie, hulle sal vergaan. Moenie satan deur jou vrees vir die verskuilde werklikheid dien nie. Dien God. Lees van Sy Koninkryk in Sy Woord. Praat met die Koning van die Koninkryk. Hoe meer jy die werklikheid van die derde werklikheid beleef, hoe meer sal jy weet dat dit die enigste werklikheid is wat die moeite werd is.

In 'n sekere sin lewe ons almal in die drie werklikhede. Ons het 'n liggaamlike, sintuiglike bestaan. Ons het 'n sielsbestaan waarin die intellektuele, die emosionele en die wil 'n rol speel. Dan het ons ook 'n geestelike bestaan. Waar die klem egter vir ons in hierdie lewe val, is die belangrikste. Die klem op die fisiese bestaan maak ons, ons eie god. Die klem op die sielsbestaan maak satan ons god. Die klem op die geestelike bestaan maak dit moontlik vir ons om 'n streep deur die belangrikheid van die liggaam en die siel te trek, onself te verloën, ons kruis op te neem en die Koning van die Ewige Werklikheid te volg en te vertrou. Die loon van die regte prioriteit sal uiteindelik dan ook nuwe liggame en nuwe siele wees in 'n ewige bestaan in die enigste ware werklikheid.

Eleada: God het Hom versier.

Die Bybel is 'n merkwaardige Boek.

1. Dit is 'n **historiese geskrif** wat die ontstaan en ontwikkeling van die menslike ras beskryf. Dit is 'n gedetailleerde uiteensetting van die geskiedenis van die volk Israel tot en met die koms van Jesus, die Seun van God.
2. In die historiese uiteensettings is daar gedurig **tipologieë** wat aangedui word, soos die vele heenwysings na die Drie Goddelike Persone, Vader, Seun en Heilige Gees. Abraham as tipe van God wat Sy Seun, Sy enigste Seun, Isak, as offer bring is 'n voorbeeld hiervan. Die Seun word op hout geoffer soos Jesus aan die kruis geoffer sou word.
3. Die Bybel is ook 'n boek met letterlik **duisende voorspellings** ten opsigte van die toekoms. Baie van hierdie voorspellings is reeds vervul en baie moet nog in vervulling gaan. So is daar 1400 tekste in die Bybel wat na Jesus se wederkoms en verwante eskatologiese gebeure verwys (Dr. Hennie Prinsloo; die Boek Openbaring p.15), daar is 318 verwysings na Jesus se wederkoms in die 216 hoofstukke van die Nuwe Testament, een uit elke 30 tekste in die Nuwe Testament praat van Jesus se wederkoms, al 9 skrywers van die Nuwe Testament het na Jesus se wederkoms verwys.

Baie groot dele van die Ou Testament word aan profetiese gedeeltes afgestaan; 17 van die 39 boeke van die Ou Testament is profetiese boeke.

4. Sommige boeke in die Bybel word toegesê aan die **kuns om te lewe**. Lewenswysheid word opgeteken in boeke soos die Psalms, Spreuke en Prediker. Dit is bo en behalwe al die lewenslesse wat dwarsdeur die Bybel aan die lesers voorgehou word.
5. Die Bybel is by uitstek die **heenwysing na Jesus** as die Offer vir die mense se sondes. Vier Evangelies word opgeteken oor die Boodskap van Redding deur Jesus. Dieper waarhede oor die Christelike lewenswandel word in die sendbriewe opgeteken.
6. **Die Bybel is 'n volledige boek**. Alles wat die mens moet weet van sy ontstaan, ontwikkeling, hoe hy moet lewe, hoe hy gered kan word, wat sy toekoms is en hoe dinge op hierdie aarde gaan uitspeel teen die einde, is breedvoerig, verstaanbaar vir die mens opgeteken.

Waarom sal die mens dan buite die Bybel gaan soek vir antwoorde op wesensvrae? Waarom sal die mens in koerante gaan soek na antwoorde op die wesensvrae van die lewe?

Kom ons kyk vergelykend hoe die nuusblaaie vaar indien ons hulle met die ses punte van hoe die Bybel is, vergelyk:

1. Naarstigtelik word elke dag miljoene koerante deur mens intensief bestudeer. Hierin word **historiese gegewens** opgeteken, met ander woorde

wat gebeur het, dikwels ook maar net uit die onlangse verlede en dan ook net uit die perspektief van die joernalis.

2. Geen **tipologie** word verskaf nie behalwe 'n swak poging om die historiese diepte van die Bybel na te boots. Waar die Bybel histories sinvol, tipologies, gestruktureerd en doelgerig is, val die koerant op al hierdie kriteria uit die bus uit.
3. Die meeste mense lees koerante slaafs vanweë die gewaande **voorspellingswaarde** wat die koerant het. Die mens glo dat indien hy sekulêr ingelig is ten opsigte van die toekoms hy die toekoms kan beheer deur ingeligte besluite te neem. Kom ons neem die een koerant, die Beeld, op een dag, 27 Augustus 2016, en ontleed die voorspellingswaarde wat kwansuis in die nuusblad opgeteken is en beoordeel dit aan die hand van die sinvolheid daarvan:

P.1

Minder plaasmoorde: Alhoewel daar 'n poging aangewend word om aan te dui dat volgens Polisiestatistiek daar 'n afname in plaasmoorde is, word die betroubaarheid van die statistiek in twyfel getrek. *Dit wil voorkom of daar gepoog word om te voorspel dat plaasmoorde dalk in die toekoms kan afneem.*

P.1

Papier versus Smuts.

Twee skole se rugbyspanne kom in een of ander finale rondte teen mekaar te staan en hier word gepoog om die uitkoms van die wedstryd te probeer voorspel aan die hand van die bedrewenheid van die skrumskakels. Kan 'n mens, 'n regdenkende mens, kies om die voorspellings van die Bybel met sulke niksseggende inligting te vervang?

P. 2

ANC moet self krisis met die naam Zuma oplos.

Die joernalis se voorspelling is dat die leier van die land weens nepotisme sy posisie so versterk het dat hy nie maklik ontsetel sal word nie.

P. 3

Sylvester moet pure leeu bly.

Blykbaar gaan Sylvester, die leeu, 'n moeilike aanpassing in sy nuwe omgewing hê.

Vir 48 bladsye gaan dit so aan met beriggewing oor alledaagse dingetjies en swak voorspellings van die toekoms.

4. . Daar word wel gepoog om die **kuns om te lewe** onder die lesers se aandag te bring. Hoogstens word egter net menslike emosie deur nuusblaaië opgewek, veral emosies van woede tot vrees. Selfhelpgidse word wel

verskaf soos hoe om in 'n ommesientjie ryk te word, hoe om jou belastingvorm in te vul, wat om met stout kinders te doen, hoe om die vroulike vagina deur kosmetiese operasies meer aantreklik te maak (Beeld : 27 Augustus 2016, p.31)

5. Sewe uitsoekdinge word vir die naweek aanbeveel. Is jy verras dat kerkbywoning nie een van hulle is nie? Tevergeefs dat jy rondblaai en soek of **Jesus se Naam** nie tog net eenkeer vermeld sal word nie.
6. Teenoor die volledigheid van die Bybel met die fyn gestruktureerde historisiteit, sinvolheid en wesensaard, steek die nuusblaai sterk af. Daar is net nie 'n sentrale boodskap nie. **Die enigste kernaanduiding van die nuusblad is sy sekulêre aard, humanisme en eensydige beriggewing met die uitbuiting van dit wat sensasie opwek.** Die nuusblad is dan onvolledig, dit is versnipperde feite sonder enige logiese samehang. Na bykans elke berig kan die vraag gevra word: *So what? Nou dat jy hierdie sinlose ding weet, wat gaan jy daarmee doen? Is dit net nog 'n nuttelose neuronbaan wat gevorm is sodat dit deur nog meer nuttelose inligting later versterk kan word?*

Hoe kan jy die duiwel se bybel so aanhang, so intensief bestudeer, dit selfs bo die Bybel verkies en so baie tyd daaraan bestee?

2 Februarie

Een Sonde

Eleale: God het hom verhef.

Adam het een sonde gedoen en dit het hom die paradys gekos.

Moses het een sonde gedoen en dit het hom die Beloofde land gekos.

Saul het een sonde gedoen en dit het hom sy koningskap gekos.

Indien een sonde sulke kragtige gevolge kon gehad het wonder 'n mens oor die uitwerking en gevolge van al die baie sondes in ons eie lewens.

Net een sonde is genoeg om jou uit die hemel, paradys en die Beloofde Land te hou en jou, jou koninklike kindskap te laat verloor.

Jou baie sondes is genoeg om jou vir ewig te laat boet.

Maar

Daar is ook net een offer nodig om jou vir ewig die paradys terug te gee, jou die Beloofde Land te laat ingaan en van jou 'n Koningskind te maak.

Jou sondes kan slegs deur een baie groot boete afgelos word.

Daar is net Een wat so 'n boete kon betaal het. Jesus die Een wat nie eers een sonde gedoen het nie, Hy het in ons plek al die straf wat vir ons bedoel was op Hom geneem. Hy het volkome totaal en al geboet, gely en betaal vir een en alle sondes. **Aan U alle dank.**

3 Februarie

Een van Twee

Elhanan: God was genadig.

Of jy aanbid God of jy aanbid 'n afgod. Dit is net een van twee. God deel nie Sy glorie met 'n afgod nie. Afgode kan baie vorms aanneem. Basies is die kerngod van alle afgode die selfgod. Die aanbidding van die selfgod het met satan begin toe hy gepoog het om God uit te daag en self iemand en iets te word. Die proses is met die eerste mens wat gesondig het, Eva, voortgesit toe sy gedink het dat sy soos God kan wees deur alles te ken. Dikwels is dit slegs die simpton van die selfgod wat sigbaar is. Dit mag lyk of geld jou afgod is maar eintlik gaan dit oor wat geld vir die selfgod kan doen en kan koop. Dalk is die simpton van jou afgod televisie maar in wese gaan dit oor die self, die self wat ontvlug in fantasiewêrelde waar die self deur identifikasie mooi, ryk voorspoedig en sterk word.

Jesus wat so intiem in ons menswording betrokke was, ken ons so goed. Daarom het Hy die merkwaardige gebed in Mat.6: 9 vir ons laat opteken. Ons noem dit gewoonlik die *Onse Vadergebed*. Kom ons kyk vandag na hierdie gebed vanuit die *perspektief van of God of mens word aanbid*.

God en satan het elkeen ‘n koninkryk, waarin God of satan gedien en geëer word. Satan is die vader van die leuen. Deur leuens verlei hy baie mense. Daaglik word die onsevadergebed ten opsigte van satan gebid en geleef deur miljoene mense.

1. Hierdie onse vader (leuengod, satan) word **geëer** deur die baie tyd wat aan hom spandeer word in sekulêre aktiwiteite, byvoorbeeld wanneer sepies en fliks gekyk word, oormatig geëet en gedrink word, ontspanning voortdurend nagejaag word, werk verafgod word ter wille van geld, om dinge te begeer wat die self streel en ekstensiteite van die self soos die self laat voel. Wanneer jy in satan se koninkryk leef, leef jy ‘n leuen.
2. As burger van satan se **koninkryk** leef jy vir sy koninkryk en poog jy aktief om koninkrykburgers vir satan by te voeg. Ander mense mag nie goeie lewens lei nie. Jy sal altyd van God se koninkryk probeer steel deur God se kinders te probeer verlei. Jou duiwelse vader se koninkryk moet ten alle koste bevorder word.
3. Die **wil** van jou duiwelvader is baie belangrik daarom bid jy met die manier wat jy lewe, dat sy wil, wat eintlik joue eie wil is, sal geskied. Alles draai om jouself en wat jy wil is bo alles belangrik. Jy word deur jou **liggaamlike** behoeftes gedryf. Jou **sielsdimensie** oorheers; jou **gedagtes** is belangriker as enige ander gedagtes, *You are master of your own fate*, jy leef vir **emosionele** opwelling en jou wil oorheers alle ander wille en daarom doen

jy basies net wat jy **wil**. Jou **gees** is onbelangrik en daarom pas jy so gemaklik in jou duiwelvader se koninkryk in om aan hom al die eer te gee.

4. Jou **daaglikse brood** word nie in afhanklikheid van God ontvang nie, nee, jy werk self daarvoor. Brood is vir die liggaam en vir liggaamlike genot. Die Brood van die Lewe beteken vir jou niks nie.
5. Omdat die eie ek nommer een is, voel jy niks vir jou medemens nie. Jou gewete is afgestomp en jy het nie behoefte aan **vergifnis** nie en ook nie om vergifnis vir ander te gee nie. Gewoonlik haat jy jou medemens en verdra jy nie kompetisie nie.
6. Omdat satan jou metgesel is elke oomblik van die dag kan jy nie vir God vra om jou van die **bose te bewaar** nie. Hy is dan jou vriend en vader.
7. Ook jy bid **amen** op jou gebed tot jou vader en vra dat alles so mag wees en so moet bly.

Iewers langs die lewenspad stap sekere begenadigde mense egter oor vanuit satan se koninkryk na God se koninkryk toe.

Die een ding wat satan intens haat is om siele te verloor. Daarom versoek hy God se koninkrykkinders. Daar is verskillende tegnieke wat satan vir die doel aanwend. Een van die tegnieke wat hy gebruik is om wantroue en ongeloof by die koninkrykkind te probeer opwek. Die effektiwste manier om dit te doen is om die kind van God in hierdie gebroke wêreld, tussen so baie gebroke mense, probleme te laat ervaar. Wanneer die kind van God voor probleme te

staan kom word sy geloof en vertroue in God getoets. Soms word die kind van God deur die probleme oorweldig. Dan ontstaan wantroue en ongeloof- alles raak net te veel. Dit is presies waar satan die kind van God wil hê; as hy hom net kan laat begin twyfel aan God se voorsiening (*Goddank vir die geskiedenis van Job*). Dikwels is dit nodig dat satan met die toets van probleme, lank moet volhard. So word daar dan oormatige baie spanning by die kind van God opgewek. Die spanningslyn word soms te lank en dan kan die kind van God begin ingee. Een van die tekens van ingee is die ontstaan van depressie en pogings om te ontvlug. Dikwels word dan ook in dwelms soos alkohol ontvlug.

Een van satan se magtigste wapens teen die kind van God is onregbelewing. Die natuurlike mens glo in 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Indien satan die mens net kan vang, deur hom weer te laat dink soos mense van sy koninkryk, met ander woorde met vergelding, het hy grootliks teen God se koninkrykskind gewen. Daarom is dit so belangrik dat die kind van God voortdurend van God se vergifnis vir sy sondes bewus moet wees en moet bid vir die vergifnis van sondes van die mense wat teen hom oortree, hom benadeel en veronreg.

God het satan reeds oorwin en onderwerp op Golgota. Tog moet ons weet dat satan nie maklik 'n siel opgee nie. Hy sal tot die einde toe probeer om God se koninkrykskinders weer terug te lok na sy domein toe.

4 Februarie

Ek kan nie

Eli: Hoog verhewe.

Here U weet alles; U weet **ek** kan nie:

1. In U bly nie
2. Wandel deur U, Heilige Gees, nie
3. Vrug dra nie
4. U, Heilige Gees, toelaat nie
5. Oorgee aan U, Heilige Gees, nie
6. Altyd glo dat U my liefhet nie
7. Myself verloën nie
8. Bestuur en beheer van my lewe voortdurend aan U oorlaat nie
9. U toelaat om my te lei nie
10. Goeddoen en goedwees nie.

Soos vorige kere in my lewe misluk ek juis in **my** krag, my sukses en **my** oorwinning. Soveel keer het U voorheen toe ek op die punt was wat ek voor U gebuig het in diepe afhanklikheid en swakheid, in my onvermoë ingegryp. Veral toe ek intens bewus van my eie onvermoë om iets te doen, het U, U krag in my swakheid volbring het. Ek dink aan my onvermoë om met die rookverslawing te breek en my onvermoë om hoë akademiese eise te hanteer en my onvermoë om

voor mense op te tree. Goddank dat U dit alles so wonderlik hanteer het. Here, Ek is nou weer op my gesig voor U in diepe afhanklikheid. Here, U ken my hart, U weet hoe graag ek wil oorgee, met U wil wandel, U onvoorwaardelik wil vertrou, myself wil verloën. U, O Heilige Gees weet hoe graag ek volle beheer van my lewe aan U wil gee. U Here, weet hoe ek in onvermoë om dit self te doen nou voor U buig. Help my asseblief Here. Here, ek weet ek kan eintlik niks doen nie, My probleem is dat ek nie eers in staat is om niks ordentlik te doen nie. Help my Here om ook dit voor U te erken, Sal U dan ook die niksdoen en nikswees in my volbring.

Help my om U, Heilige Gees, toe te laat om met hemelse klanke uit my hart en gees, sonder begrip van my verstand, vir my in te tree by ons Vader, in die wete dat U die perfekte gebed bid en dat, U Hemelvader, die gebed beantwoord nog voor dit gebed is. Al wat ek kan sê is:

Amen. Toda.

Eliam: Aan God verwant.

Kan jy vir **Ek** onderskei? Probeer jou vir 'n wyle losmaak van jou eie **Ek**. Probeer vir **Ek** eenkant laat staan. Bekyk vir **Ek**. Leef **Ek** of leef **Ek** nie? Probeer **Ek** sien soos **Ek** regtig is. Indien jy 'n gelowige mens is, is **Ek** dood, gekruisig. Sien jy vir **Ek** aan die kruishout hang? **Ek** is saam met Jesus gekruisig. **Ek** is deel van Jesus wat gekruisig is. Sien jy dat **Ek** ophou leef het? Ophou asemhaal het, afgesterf het? Saam met Jesus begrawe is? Nooit weer kan opstaan uit die dood nie? Al staan Jesus op **Ek** het gesterf want **Ek** is sondig en vuil en sleg. Indien **Ek** nie vir ewig gesterf het nie, sal **Ek** gestraf moet word in die helse vuur. Daar sal **Ek** brand tot in alle ewigheid toe.

Goddank, in die plek waar **Ek** bestaan en geleef het, voordat **Ek** gesterf het, het Jesus ingekom. Die **Ek** van die self is verwoes en in die ruimte van **Ek** het Jesus begin lewe.

Gal. 2:20:

*Dit is nie Ek wat lewe nie, dit is **Christus** wat in my lewe.*

So is die angel van die dood uitgetrek.

6 Februarie

Essensie van Essensies

Eliënai: My oë op

Jaweh.

Van die biljoene woorde, sinsnedes en gedagtes wat jy in jou lewe gehoor het, is daar enkeles wat besondere waarde het. So kan die volgende paar woorde van die belangrikste van al die woorde wees wat jy ooit gehoor het. Aanvanklik sal die woorde doodgewoon klink, amper soos clichés. Dit is egter wanneer jy oor hierdie woorde begin nadink dat jy al meer en meer insig sal kry in die ryke betekenis daarvan. Die woorde waarna verwys word is die volgende:

Laat terwille van U eer en U Koninkryk, U wil geskied.

Hierdie woorde is natuurlik 'n parafrase van die eerste drie bedes van die Onse Vadergebed, wat Jesus vir ons geleer het (Mat.6:9-10).

In hierdie gebed gaan dit in die eerste instansie oor God, Sy Naam, Sy eer en dank en aanbidding aan Hom. Indien iets of iemand anders in jou lewe die eerste plek inneem word dit 'n afgod. Die eerste plek in jou lewe behoort nie aan jouself, jou vrou, jou kleinkind, jou plaas, jou beroep, jou strandhuis, jou bankrekening of jou status nie. Indien een van hierdie dinge vir jou belangriker as God is, is dit 'n afgod in jou lewe.

Dit gebeur maklik dat 'n mens se lewe begin wentel om die bou van 'n eie koninkryk. 'n Koning is in beheer van sy koninkryk. So poog baie mense om in beheer te kom. Hy sal jare hard en met toewyding werk om die hoof, die bestuurder of die eienaar van die onderneming te word. Wanneer die doel bereik word en die persoon in beheer kom kan hy soos 'n koning voel. Dit gaan egter in hierdie lewe nie primêr oor die mens se koninkryk nie maar oor God se koninkryk. Ook die bietjie beheer, wat die mens bekom het, is ondergeskik aan God se beheer en deel van God se koninkryk. Wanneer die mens onafhanklik begin voel en sy eie ding begin doen weet, o mens, dat jou koninkryk jou afgod geword het.

God het die mens gemaak met 'n eie wil. Solank die mens se wil ondergeskik was aan God se wil het die mens hemel in die paradys beleef. Die oomblik toe die mens eiewillig, teen God se wil, sy eie wil gedoen het, het hy alles verloor. Hy het sy paradysbestaan verloor, hy het sy perfekte kommunikasie met God verloor, hy het sy vrede verloor, hy het sy onskuld verloor en hy het sy lewe verloor. Alleen wanneer die menslike wil voor God se wil buig, die mens homself met sy eie begeertes en eiewilligheid kruisig, sy kruis van selfverloëning opneem, kan hy weer in die perfekte verhouding met God herstel word.

Wanneer die mens sy wil so kruisig, en sy wil ter wille van God se eer en God se koninkryk, ondergeskik maak aan God se wil, deel hy in God se koninkryk en God se eer. Dan is daar nie meer plek vir afgode nie, nie eers die afgod van die

eie-ek nie. God weet die beste. Vertrou Hom met alles sodat alles tot Sy eer die uitbreiding van Sy koninkryk sal wees.

Prakties

‘n Jongman het ‘n ernstige ongeluk met sy motorfiets gehad. Hy lê in ‘n kritieke toestand in die hospitaal. Eintlik is hy sterwende. Jy bid vir hom. Jy vra God om die jongman se lewe te spaar. Jy glo hy is ‘n gelowige en jy glo hy sal nog baie doen om God se koninkryk te laat kom. God verhoor jou gebed en die jongman herstel wonderbaarlik. Nie lank nadat hy herstel het nie raak hy met dwelms deurmekaar. Hy raak aan dwelms verslaaf en word ‘n dwelmhandelaar. Die een ding lei tot die ander en spoedig is hy by bendes betrokke. Hy pleeg moord en vorder in satanisme. Hy staan God en Christene aktief teen en een nag word hy deur ‘n bendelid vermoor. Gestel jy het, toe jy die geleentheid gehad het, anders gebid en God gevra om Sy wil te laat geskied ter wille van God se koninkryk en God se eer. Sou daar nie dalk ‘n veel beter uitkoms gewees het as toe jy jou eie wil gevolg het nie?

Elihu: Hy is God.

Die Evangelie van Verdoemenis, is die Evangelie wat Satan gebruik. Dit is sy blye boodskap vir al sy kinders. Deur hierdie evangelie wen hy siele vir sy koninkryk in die hel. Aangesien sy tyd op die aarde besig is om min te word gaan hy voluit vir die uitbreiding van hierdie koninkryk van hom. **Nou wat is die Evangelie van die satanis?**

Die evangelie van die satanis het sy oorsprong in die paradys. In die tyd na die skepping van die mens, was satan reeds uitgeban uit die hemel. Hy het sy ereposisie in die hemel verloor vanweë sy grootheidswaan en die begeerte om self god te wees. God se nuwe skepping vir God se koninkryk, naamlik die mens, het 'n bedreiging vir satan geword. Die mens, die kroon van God se skepping, het heilig in die paradys gewoon. Hulle het met God gewandel en sou binnekort begin vermeerder om so God se koninkryk uit te brei. Om die ontsettende bedreiging vir sy koninkryk te keer, het satan 'n slim plan, 'n intellektuele wonderwerk bedink: *Hy sou die mens tot sonde verlei.*

Die essensie van satan se plan van verleiding, was om by die mens dieselfde denkpatroon te skep, wat tot sy eie ondergang gelei het. Indien satan deur sy eie skewe betekenisgewing verlei kon word, het hy gereken, sal dit ook effektief vir die mens aangewend kan word. Hierin was hy nie verkeerd nie.

Soos 'n hond gewoonlik die kleiner en swakker teiken aanval, kies satan ook die swakker mens as teiken. Eva is sy keuse. Kortliks kan satan se poging om die mens tot sonde te verlei so opgesom word:

Die mens moes gelei word om **homself hoog aan te slaan**. Die mens moes hiervoor eers **selfbewus** gemaak word. (Wat 'n ontugtering het op die mens na die sondeval gewag, toe hy so van homself bewus geword het, dat hy agtergekom het dat hy nakend is.) Nadat hy van homself bewus geword het, kon sataniese tegnieke, om die mens se **selfbeeld** op te bou, ingespan word. Die mens se **sintuie** moes, onder andere, hiervoor gebruik word. Om te probeer en te smaaak is handige middels om die mens mee te mislei om te **begeer**. So word die mens gelei om weg van God af op sy eie basiese **behoefte en begeertes te fokus**. Die uiteindelijke doel sal die **selfaktualisering** van die mens wees. Satan het geweet dat hy die mens so moet mislei dat die **afgodsbeeld van die ideale self**, die model sal word waarheen die mens wil aspireer.

Die woorde: *Het God waarlik gesê julle mag nie van die vrugte van die bome eet nie*, is absoluut meesterlike verleiding. Kom ons kyk na 'n moontlike scenario van Eva se betekenisgewing ten opsigte van hierdie benadering:

*Magtige satan kom praat met **my**. **Ek** moet seker iets besonders wees. **Ek** het nog nie voorheen eintlik oor myself gedink nie. Satan vra **my** raad en*

*daarom moet **ek** seker baie slim wees. As hy so praat dink **ek** hy is reg; dit is nie regtig nodig om na God te luister nie. Dit is so lekker om met so 'n intelligente wese te kan redeneer. **Ek** dink **ek** kan satan glo. **Ek** dink **ek** wil soos God wees. Al wat **ek** moet doen is om van die Boom van alle kennis te eet. Dan is **ek** my eie god en het **ek** God nie meer nodig nie. Kyk, die mooiste en lekkerste vrug het God vir **ons** geweier. Dit sal lekker wees om daarvan te eet. **Ek** begeer hierdie vrug en vir wat dit vir **my** kan doen. Deur alles te kan ken sal **ek** my eie god word. **Ek** sal sommer vir Adam ook gee, en **ek** weet hy sal eet want hy is lief vir **my** en vertrou **my**. So is die afgod van **I, Me and Myself**, gebore.*

Ons weet waartoe hierdie selfgerigte beredenering van Eva en haar argumentering met satan, gelei het; die mens het deel van satan se koninkryk geword.

Vierduisend jaar later vind ons satan weer besonder aktief met dieselfde tegnieke. Hierdie keer probeer hy voluit. Dit is nou of nooit, dit is nou alles of niks. Hy sal sy beproefde resep van die paradysmisleiding, nou op Jesus probeer toepas:

*Probeer weer **halwe waarhede**. Laat Jesus **goed voel oor homself**, gebruik die beproefde **vraagstellingstegniek**, maak Jesus **selfbewus**, verlei hom deur die **begeerlikheid van kos**, lok Hom met **mag** en heerlijkheid,*

argumenteer met Hom oor God en God se Woord. Probeer deur aanhalings uit die Bybel Jesus verwar. Probeer God se Woord verdag maak, asof Jesus nie mooi verstaan wat in God se Woord staan nie. Maak asof jy vir Jesus kan leer. Daag Sy wete, dat Hy God is uit, en verstrik Hom in dubbelsinnige argumente soos: “As U die Seun van God is (Hy moet homself dan probeer bewys deur te doen wat ek sê naamlik :) sê vir hierdie klippe, hulle moet brode word.” Of as Hy nie vir hierdie tegniek val nie, buit Sy menslike kant uit. Alle mense het ‘n prys. Jesus sal ook ‘n prys hê. Ek sal Hom alles van die wêreld aanbied, indien Hy my sal aanbid (Lukas 4: 4 en 5). Probeer dus God uit die situasie uit redeneer of probeer immers God se Woord verdraai deur met woorde te speel en semantiese verwarring te veroorsaak.

Kom ons Fast Forward nog ‘n tweeduisend jaar na die huidige tyd toe.

Soos reeds gesê, word satan se tyd van verleiding min. Hy spits hom tans voluit toe op die huidige geslag gelowiges. Oor die ongelowiges hoef hy hom in elk geval nie te bekommer nie, want hulle is reeds deel van sy koninkryk. Alles wat hy vandag doen om gelowiges te verlei kan in ‘n mindere of meerdere mate in sy genoemde eerste twee pogings terug gevind word. Dalk is die tegnieke meer **subtiel** (die mens het immers baie ontwikkel), meer **intellektueel**, meer **argumenterend**, meer op die streel van die **menslike ego** ingestel, meer **dringend**, meer **oorredend**, baie meer

arrogant, meer gerig op die **oorredende krag van die sekulêre media** as hulpmiddel, en veral meer gerig op die natuurlike neiging van die mens tot **selfverafgoding**, veral deur die **intellek**. Die jarelange opbou van humanisme het die tafel gedek om godsdiens toe te draai in die geskenkpapier van **liefde en genade**. Verwoes die **fundamentele waarhede**, of maak dit immers verdag, ondermyn moraliteit deur onder andere **antinomatisme**. Die denkpatroon van die mensdom is immers lank terug al deur 'n beplande strategie gestuur tot waar ons vandag is:

1. **Premodernisme**: Die tyd toe geglo is dat **absolute waarhede** geken kon word soos dit in die Bybel opgeteken is.
2. Die **modernisme** of die sogenaamde verligting van die tyd 1850 tot 1950, gekenmerk deur **empiriese** waarneming en die klem op **dogma en die rede**.
3. **Postmodernisme** van 1950 tot nou, gekenmerk deur die bevraagtekening van vorige benaderings tot kennis, die sogenaamde **skeptisisme** en die **miskenning van absolute waardes** en die beskouing dat **alles relatief is** tot jou spesifieke siening van die waarheid en dat elke mens sy eie siening huldig ten opsigte van wat **moreel en immoreel** is. Die gevolg van hierdie siening is dat vorige benaderings bevraagteken, verdag gemaak en vervang word.

So is die tafel gedek waarvandaan satan en sy trawante 'n geestelik hongermensdom met verwoestende gevolge voer.

Nou hoe lyk die resultate van satan se pogings in die tyd waarin ons vandag leef?

1. *70 % van studente wat as gelowig by die universiteit opdaag, word onverskillig en ateïsties tydens hulle studies. Hoër opleiding is vandag 'n kragtige wapen in satan se arsenaal.*
2. *Hoofstroomkerke se lidmate neem jaarliks (daagliks) af.*
3. *Kerke ding met mekaar mee vir die paar gelowiges wat nog in die kerk oor is. Dit word gedoen deur die kerkdienste so akkommoderend, liefdevol en genadig te maak dat kerke dikwels niks anders as sosiale klubs geword het waar die ego's van die lidmate gestreel en opgebou word nie.*
4. *Die gewone, gemiddelde lidmaat word oorweldig deur akademiese argumente ver bo hulle intellektuele vermoëns. Dink maar aan argumente ten opsigte van die babadoop of bababesprenting. Soos by Eva, voel mense gelei deurdat aan hulle ingewikkelde argumente voorgehou word. Die moderne skrifgeleerde het die rol van die priester in die Katolieke kerk, voor die Reformasie, oorgeneem. Soos die priester alleen die Bybel deur sy kennis van Latyn kon verstaan het en*

aan die gepeupel kon verduidelik het, probeer die moderne skrifgeleerde deur sy kennis van Grieks en Hebreeus dieselfde doen.

Dink in hierdie verband aan die diaboliese wegredeneer van homoseksualisme as sonde, uit die Bybel uit. Die gevolg is dat gewone mense die snert van die moderne skrifgeleerde en Fariseër glo, en dinge soos homoseksualisme as sondeloos aanvaar, toenemend die huwelik as Goddelike instelling verag, sleutelbegrippe soos Jesus se maagdelike geboorte bevraagteken, nie meer in die hel glo nie, saamwoonverhoudings aanvaar, voorspoedsteologie najaag, en die Bybel nie meer gelowig as waar, aanvaar nie.

Rasionalisme, humanisme en menslike verafgoding is die wa wat die kis van die geestelike lyke van die postmoderne mens, die hel in dra.

Die gewone lidmaat is so vatbaar vir leuenagtige argumente en beredenerings omdat die gesag van die Bybel deur sommige skrifgeleerdes, leraars en pastore, oor 'n lang tydperk verwerp en verdag gemaak is. In hierdie verband kan gedink word aan:

Verwarrende en dubbelsinnige Woorduitleg, onderbeklemtoning van die Evangelie van Jesus, betekenisgewing vanuit konteksverwringing om argumente te pas, moeilike argumente vanuit fyn uitgesoekte dogmatiese en intellektuele invalshoeke, klem op nie-wesentlike aspekte

ten opsigte van die redding van die mens, die ontkenning van fundamentele aspekte van verlossing soos: Die bestaan van die hel, sonde en die maagdelike geboorte van Jesus. Verdere verdagmaking van die Bybel kom uit antichialistiese standpunte, weglatings en byvoegings by die Bybel, argumente oor waarheid, die miskening van die rol van die Heilige Gees ten opsigte van die lering van die gelowiges, die verafgoddeliking van kennis, en veral die verkleinering en spot van gelowiges wat fundamenteel is ten opsigte van hulle benadering van die Bybel en die belaglikmaak van kinderlike geloofvertroue in die Evangelieboodskap van Jesus..

Vir gedagtes oor hoe die moderne skrifgeleerde en skrifuitlegkundige, in die eindtyd, waarin ons nou lewe, die mens gaan verlei, kan gerus gekyk word na 1 Korintiërs 1: 17 tot 22:

*Christus het my immers nie gestuur om te doop nie, maar om die **evangelie te verkondig**, en dit nie met woorde van **menslike wysheid** nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor*

*Die boodskap van die kruis van Christus is wel **onsin** vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die **krag van God**. Daar staan tog geskrywe:*

*“Die **wysheid** van die wyses sal Ek vernietig, en die **geleerdheid** van die geleerdes sal Ek tot niet maak.”*

Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar is die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie?

*Dit was die bedoeling van **God is Sy wysheid** dat die wêreld nie deur die geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. **Daarom het God in Sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is , die te red wat glo.***

Is dit waarom satan se koninkryk tot barstens toe vol word?

Mat. 7:13

Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min.

Dalk kry jy die ou oom, wat in die fundamentele denkraamwerke van die premodernisme vasgeval het, jammer. Dalk, net dalk, my boetie het hy so die geloof behou.

Elisafan: God het verberg.

God se Woord is waar. Dit sal ewig waar wees. Ons kan iets van hierdie ewige waarheid van God se Woord raaksien in die dood van die mens.

Daar was 'n tyd toe God en die mens in absolute harmonie geleef het. Die mens was sondeloos soos God, daar in die paradys in die begin. Hy sou ewig lewe. God het aan die mens egter 'n voorwaarde gestel; die mens moes gehoorsaam wees en nie van die *Boom van Kennis van goed en kwaad*, eet nie. Indien die mens dit sou doen sou die mens sterf (Gen. 2:17). Wat hierna gebeur het is welbekend. Die mens word ongehoorsaam en God se oordeel van die doodstraf tree in. Die rede waarom die mens aan God ongehoorsaam geword het, was onder andere die feit dat die mens soos God wou wees, onafhanklik van God, deur alles te ken en te weet. Die mens se probleem was dus afgodsdien; die dien van die self. Saam met die afsterf van die mens se liggaam na die sondeval het sy gees ook gesterf en was die mens bestem vir die hel. Hoe sou die mens uit hierdie dilemma kon ontsnap?

Indien iemand anders in die mens se plek kon sterf kon die mens van die doodstraf verlos word. Die Persoon wat dit moes doen sou egter sonder sonde moes wees. Aangesien die hele menslike geslag in Adam in sonde geval het, kon geen mens aan hierdie hoë eis voldoen nie. Daar was net Een wat dit kon doen, behalwe God self en dit was God se Seun, ons Here Jesus Christus. Toe Jesus Sy laaste asem

op Golgota uitgeblaas het kon Hy sê: *Dit is volbring* (Joh. 19:30). Die prys vir die mens se herstel van dood na lewe, is betaal. Omdat Jesus in die mens se plek gesterf het, kon die mens nou weer vir ewig lewe.

Die mens sal egter nog steeds aan die waarheid van God se Woord onderworpe wees. Die mens sal nog steeds moet sterf soos God beloof het die loon van die sonde sal wees. Vir die mens wat bereid is om die Evangelie van Jesus te glo en Jesus as sy plaasvervanger te aanvaar, is daar die wonderlike uitkoms dat hy in sy eenword met Jesus, omdat hy glo dat Jesus vir sy sondes gesterf het, self saam met Jesus gesterf het aan sy ou sondige mens. *Die mens kan dus nie gered word as hy nie God se Woord waar maak en sterf nie.* Daarom dan ook dat Jesus verklaar: *As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem (sterf) en My volg (Mat. 10:38).* Die mens wat hieraan gehoorsaam is, sal Jesus volg, ook in Jesus se opstanding uit die dood, en so sal die mens se ewige lewe begin. So word die Goddelike Plan in volvoering gebring en kan die mens voortgaan waar Adam se sondeval, God se plan vir die mens onderbreek het. Nou kan die mens weer lid van God se Koninkryk wees en die reëls van Sy Koninkryk eerbiedig. Alles van God se Woord van die begin tot die einde is waar, geïntegreerd, heilig en absoluut betroubaar.

9 Februarie

Gebroke Kommunikasie

Elisur: God is 'n rots.

Daar was perfekte, persoonlike, een- tot –een kommunikasie, in die paradys tussen God, Adam en Eva, voor die sondeval.

Met satan se toetrede tot kommunikasie het alles uitmekaar begin val. Hy het leuens en halwe waarhede aan Eva verkondig. Eva het verkies om na satan se leuens te luister eerder as na dit wat God gesê het. Dadelik het die kommunikasie tussen God en die mens versleg. Die mens kruip weg vir God. God se liefdevolle kommunikasie word nou oordeel oor die sonde. Vervloeking in plaas van seën word nou die kommunikasiepatroon. Die mens blameer sy vrou, die vrou blameer die satan en so begin gebroke kommunikasie tot sy reg kom. Die gevolg was dat die kommunikasie met God verbreek is en Adam en Eva uit die paradys uitgegooi is.

Hierna was gebroke kommunikasie die mens se voorland. Kain en Abel se gebrekkige kommunikasie het onder andere tot Kain se dood gelei. Leuens en bedrog het hoogty gevier. Die mens het gevloek en is vervloek. Die mens het ander mense deur sy kommunikasie so beïnvloed dat die mens begin glo het dat hy God kan word, indien hy net 'n toring hoog genoeg kan bou om by God uit te kom. God het die belaglikheid van die mens se leuens ontbloot by die verwarring

van die mens se taal by die bou van die Toring van Babel. Nou is die mens se kommunikasie in 1000 verskillende tale opgebreek en moes die klein groepie, wie mekaar kon verstaan, iewers 'n lewe gaan probeer maak. Die mens se mag is finaal verbreek in die verwarring van sy kommunikasie.

In Sy groot genade het God, met die koms van sy Seun na hierdie wêreld toe, die kommunikasielyn tussen God en mens weer kom herstel. God het die perfekte kommunikasie sonder enige beperking of hindernis kom instel in die gebed. Hy het selfs Sy dissipels geleer hoe om die gebed te gebruik. Meer nog Hy het die Heilige Gees gegee om die mens by te staan wanneer die mens nie geweet het hoe en wat hy moet bid nie. Meer nog as dit. God het die Spreek in Tale, vir die mens gegee waar die mens sy verstand afskakel en die Heilige Gees direk uit die mens se hart by God intree, volgens wat die Heilige Gees weet die mens nodig het. Hierdie is die mees perfekte kommunikasie wat daar seker op hierdie aarde kan wees. Die perfekte kommunikasie sal wees om eendag soos Adam direk met God te kan praat wanneer jy van aangesig tot aangesig met Hom in die hemel sal praat.

Die mens is tans weer besig om 'n moderne Toring van Babel te bou. Die taalverskille kan met die druk van 'n knoppie in verstaanbare taal omgesit word. Die mens kan die afgeslotenheid wat taalverskille gebring het, oorbrug deur die rekenaar te gebruik. Afstand tussen mense wat vroër kommunikasie onmoontlik gemaak het, word met die internet oorbrug. Nie net taal nie, maar ook beeld, kan

bykans oombliklik oor duisende kilometer gekommunikeer word. So kan globalisme as moderne wapen teen God ingespan word. Die mens het reeds ver gevorder met die bou van die nuwe Toring om God na Sy kroon te steek. Al wat nog in die mens se pad staan is die gebrekkige tegnologie wat die internetgebruiker sporadies pootjie, wanneer die gewraakte opmerking: *No internet connection*, op sy rekenaarskerm verskyn. Net soos God die mens se verspotte poging om self God te wil word by die bou van die Toring van Babel gefnuik het, sal Hy dit weer doen in hierdie eindtyd. Wanneer alles volgens God se plan afgehandel is, sal daar weer perfekte kommunikasie wees soos destyds in die paradys. Daar sal een Goddelike Taal wees, daar sal perfekte eerlikheid wees, daar sal liefdevolle saamwees wees, daar sal hemelse klanke en dankbedes tot Sy eer opgaan tot in alle ewigheid. Alle gebroke kommunikasie sal dan uitgewis wees.

Elihud: God is verheuenheid.

In Lukas 17: 5 vra Jesus se dissipels 'n wesentlike vraag aan Hom: *"We need more faith. Tell us how to get it"* (The Living Bible). Hoeveel keer het ons as gelowiges nie ook oor hierdie vraag gewonder nie.

Jesus antwoord hierdie vraag van Sy dissipels op 'n tweeledige manier. Eers sê Hy: *"If your faith were only the size of a mustard seed"*, Jesus answered, *"it would be large enough to uproot that mulberry tree over there and send it hurtling into the sea"*. Jesus sê dus vir hulle dat indien hulle die geringste geloof gehad het hulle die onmoontlike kon vermag het. Wat Hy dus eintlik vir hulle sê is dat hulle **geen geloof** het nie.

Dan begin Hy hulle vraag beantwoord deur vanaf vers 7 die volgende vir hulle te sê: *When a servant comes in from ploughing or taking care of the sheep, he doesn't just sit down and eat, but first prepares his master's meal and serves him his supper before he eats his own. And he is not even thanked, for he is only doing what he is supposed to do. Just so, if you merely obey Me, you should not consider yourselves worthy of praise. For you have only done your duty.*

Wat sê Jesus eintlik vir Sy dissipels, hoe kan hulle geloof groter word, indien hulle enige geloof het? Dit gaan hier oor 'n werker wat skape oppas en ploeg, wat dan na 'n dag se werk huistoe kom en nie eers aan sy eie behoeftes voorrang kan

verleen nie, en na sy baas se belange moet omsien sonder dat hy geprys of vir iets beloon word omdat hy maar net sy werk gedoen het.

Sê Jesus vir ons dat ons nie oor dinge soos geloof bekommerd moet wees nie? Sê Hy vir ons dat ons net ons werk moet doen, dat ons Hom moet gehoorsaam en moet doen wat Hy vir ons sê om te doen? Was die dissipels se vraag oor hoe om meer geloof te hê, dalk uit 'n verkeerde gesindheid gebore. Het hulle dalk gedink dat indien hulle geloof kan ontvang hulle nie die verantwoordelikheid van gehoorsaam te doen, hoef uit te leef nie? Het hulle dalk gedink dat geloof in geloof hulle sal toerus tot goeie dade? Sê Jesus vir hulle dat gehoorsaam te doen, dit is waarmee hulle, hulle moet besig hou, met ander woorde dat geloof nie motiveer tot goeie dade nie maar gehoorsaamheid wel. 'n Interessante gebeurtenis word vir ons direk na Jesus se uitsprake oor hoe Sy dissipels meer geloof kan bekom opgeteken in Lukas 17:14 wanneer 10 melaatses Jesus smeek om hulle gesond te maak. Jesus sê dan vir hulle:

*Go to the Jewish priest and show him that you are healed. (Dit terwyl hulle nog steeds melaats was). **And as they were going their leprosy disappeared.*** Beteken dit dat Jesus vir ons sê wat om te doen en indien ons dit dan gehoorsaam doen, word die geloof gebore? Kan dit wees dat geloof groei soos ons meer en meer gehoorsaam is. In Jakobus 2:14 en verder word die geïntegreerde aard van geloof en dade goed uiteengesit. Die gevolgtrekking is dat *geloof sonder dade dood is*.

Die *gehoorsaam doen* is seker die hoogste vorm van geloof. Passiwiteit is een van die grootste gevare vir die lewe wat die Heilige Gees in die gelowige se bestaan bring. Satan het dit reggekry om die mens te verwar deur hom te laat glo dat hy versigtig moet wees om goed te doen want die mens kan dan kwansuis in 'n tipe verdienstegodsdiens verval. So het die mens na die ander uiterste toe beweeg, in dat hy wil hê alles moet tot stand kom deur net te glo.

Die Naam van Jesus kan kragtig werk wanneer 'n gelowige in die Naam van Jesus begin spreek en optree. Wanneer 'n gelowige mens optree of spreek in die Naam van Jesus word hy Jesus se verteenwoordiger. Al Jesus se mag en krag word dan vrygestel. Die mens begin dan die outoriteit van Jesus openbaar. Hy is, solank hy in Jesus bly, tot enigiets instaat. God sal die goeie waarvoor gevra word, ter wille van Jesus, laat gebeur. In Markus 11:24 staan: *Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit reeds ontvang het, en dit sal so vir julle wees.*

Jesus het demone aangespreek en uitgedryf. Hy het gesê dat ons dieselfde as Hy en meer sal doen. In Hom kan ons ook demone uitdryf. Jesus het siektes aangespreek en uit mense uitgedryf. In Hom kan ons dit ook doen. Jesus het die wind, storms en weer bestraf en dit het Hom gehoorsaam. In Hom kan ons dit ook doen. Jesus het die dood oorwin. In Hom is ons ook oorwinnaars en het ons reeds uit die dood in die lewe oorgegaan. Prakties beteken dit dat indien ons in Jesus bly, en Hy in ons, ons enige probleem kan aanspreek. Bly net in Jesus en beweeg gehoorsaam. Jesus se krag sal in jou, Sy verteenwoordiger, ontsluit word.

Andrew Wommack stel dit soos volg:

Do not speak to God about the problem. Speak to the problem about God.

Eljagba: God is verberg.

Die misterie van die menslike self het dikwels mense so aangegryp dat die mens dit gewaag het om 'n verklaring van die self te probeer gee. Omdat objektiwiteit in so 'n geval bykans onmoontlik is, is hierdie onderwerp nog steeds onafgerond en oop vir menslike bespiegeling. Hierdie is nog 'n poging om die menslike misterie van die samestelling van mens as gees-siel-liggaamwese te probeer verklaar.

'n Populêre siening is dat die mens gees is, dat hy 'n siel het en dat hy in 'n liggaam woon. By so 'n siening is daar probleme, soos die volgende: *Wat is die menslike gees? Wat gebeur met die menslike gees wanneer God se Gees in die mens kom woon? Hoe woon God se Gees en die mens se gees saam? Wat word van die geeste by afsterwe? Waaruit bestaan die mens se siel? Word die Sielkundige siening gehandhaaf dat die siel bestaan uit die Denke, die Emosionele en die Wil? Indien dit die geval is, moet die vraag beantwoord word of die hart van die mens binne die sielsdimensie of die geestesdimensie val.* Die Bybel verwys meer na die hart van die mens as na die siel van die mens. *Wat is die hart van die mens en watter rol speel die hart by die samestelling van die mens?* Ons weet dat die liggaam afsterf en dat die liggaam dan tot niet begin gaan. Sommige liggame vergaan gou en ander nie. Die misterie van die nuwe liggaam wat die gelowige by die wegraping deelagtig word, is menslik onverklaarbaar.

Nietemin vorm die liggaam deel van die mens se bestaan tydens sy lewe en ook na sy lewe hier op die aarde. *Hoe vind dit plaas? Watter rol speel die menslike gees en die menslike siel in die oorgang van die liggaam in sy verskillende vorme? Wie en wat is die mens wat aan God bekend was voor die skepping van die wêreld? Waaruit het hierdie mens bestaan?* Voorwaar bly dit moeilik vir die mens om homself te verstaan en sy afsonderlike werkinge te verduidelik.

Heel aan die begin is dit veilig om aan te neem dat God uit stof en water die menslike liggaam gemaak het. Ons weet dat God in die menslike klomp die asem van die lewe geblaas het. Gewoonlik word God se Gees met die *Ruach* en wind verbind en lyk dit veilig om aan te neem dat God Sy Gees van lewe in die mens ingeblaas het en so die mens 'n lewende gees-liggaam gemaak het. Die inwoning van God deur die Heilige Gees het egter nog nie op hierdie stadium van die mens se bestaan plaasgevind nie. Die menslike liggaam is vanweë die sondeval bestem om af te sterf. God het die menslike liggaam met sintuie geskep. Hierdie sintuie gee die mens 'n bewussyn van homself, sy omgewing en God. Die natuurlike mens is in verbinding met sy omgewing deur sy sintuie. So kan hy sien en hoor wat om hom aangaan. God het ook aan die mens 'n verstand gegee waarmee hy dinge kan bedink, oordink, onthou en keuses kan uitoefen. Die sintuie en die menslike verstand is ten nouste verbonde en vanaf die sintuie is daar verbindings na die verskillende dele van die brein. Gewoonlik lei die denkprosesse van die mens tot sekere emosionele ervarings. So sal die betekenisgewing van gevaar tot

die emosie van vrees kan lei. Sonder om te diep op die werking van die verstand en die emosies in te gaan kan aangeneem word dat in die wisselwerking tussen verstand, emosies en sintuie sekere denkraamwerke tot stand kom. Hierdie denkraamwerke kan weer motiverend en keusebeïnvloedend op die mens inwerk. Die omgewing en wat met die mens gebeur dra ook by tot sy vorming van denkraamwerke wat ook weer 'n invloed op sy keuses en motiveringe en optredes uitoefen. Dit kom dus voor dat die sielskomponente van die mens en hulle geïntegreerdheid saam met die werkinge en invloed van die omgewing 'n hoogs komplekse studieveld behels. Kom ons volstaan en sê dat die menslike emosies, denke, wil, motiverings, keuses, voorkeure, afkeure, die menslike opvoedingsgebeure alles op 'n wonderlike manier saamwerk en neerslag vind in die gedrag van die liggaam. Een aspek wat by die bestudering van die mens en sy samestelling nie buite rekening gelaat kan word nie is die verhoudingsaspek. Waar verhoudings in die eng definisie van die mens se siel, as verstand, emosie en wil, sal inpas, is onduidelik. Die mens is, of dit verklaar kan word of nie, 'n relasionele wese. Hy staan in verhouding met homself, met ander, met sy omgewing en met God. Net met een van hierdie drie naamlik God kan 'n twintigtal aspekte aangedui word naamlik die volgende:

1. *Ps 37: 41: Be delighted with God*
2. *Jy moet die Here, jou God, liefhê.*
3. *Jy wil graag iets vir jou God doen.*

4. *Die ideale verhouding met God impliseer gehoorsaamheid.*
5. *Eerbied vir God*
6. *Glo God.*
7. *Vertrou God.*
8. *Verlang na God*
9. *Dankbaarheid teenoor God.*
10. *Om oor God te mediteer.*
11. *Om in God te rus.*
12. *Om jouself aan God toe te vertrou.*
13. *Om op God te wag.*
14. *Om nederig jou voor God te verootmoedig.*
15. *Om God en Sy verlossing te aanvaar.*
16. *Om 'n verwagting ten opsigte van God te koester.*
17. *Om te hoop op Sy geregtigheid.*
18. *Om Sy koninkryk bo jou eie te soek.*
19. *Om geduldig met God om te gaan.*
20. *Om met Hom te praat, na Hom te luister en vir Hom te getuig.*

Ongeveer 'n helfte van hierdie verhoudingsaspekte met God kan binne die menslike definisie van siel inpas. Bykans nie een het met die liggaam te doen nie. Die res moet dan Gees of geestelike aspekte wees. Dit beteken dat die Gees van die mens die eintlike dinamika van die mens se lewe is. Onder die gees sal dan

ook hartsaspekte val, verhoudings, motiverings, ideale, die behoefte aan die goeie of die kwade, kortom die menslike moraliteit. Hoe meer oor die wonder van die mens en sy gedrag gedink word hoe meer kompleks raak die aangeleentheid. Kom ons probeer dit eenvoudig hou en sê benewens die tradisionele siening dat die mens uit die komponente gees, siel en liggaam bestaan is daar dinge soos die hart van die mens, sy verhoudings, sy geloof of ongeloof, sy moraliteit, sy keusevermoë, sy uitverkiesing ens.

Die kompleksiteit van die mens verdiep verder wanneer die natuurlike mens tot bekering kom, Jesus as Verlosser aanvaar en God se Gees in die mens kom woon. *Word die Gees nou dominant in die wedergebore mens?* Die mens kry nou nuwe denke en daarmee saam nuwe emosies. Sy moraliteit verander, sy verhouding met God word oorheersend bo sy verhouding met homself. Al wat van belang is, *is nou geloof wat deur liefde tot dade oorgaan*. Die liggaam word nou die tempel van God se Gees. Daar is 'n nuwe verwagting by die mens, 'n afwagting ten opsigte van Jesus se wederkoms. Die lewe word 'n bywonersbestaan, motiverings het nou met God, Sy Eer, Sy Koninkryk en Sy Wil te make. Alles het nuut geword.

Die groot wonder is dat 'n nuwe mens gebore word. Hierdie nuwe mens se basiese sintuie het geestessintuie geword. Hiermee weet hy dat hy met God in verbinding is. Sy hart spreek hom aan en herinner hom deur sy opgeskerpte gewete aan wat goed en sleg is, hy hoor God se sagte influistering in sy binneste wanneer hy God

se skepping gadeslaan. Met Geestesoë sien hy God agter Sy skepping raak. God se Gees het die groot dinamika in sy lewe geword. Hy lewe en dra geestelike vrug vanuit hierdie verbondenheid met God se Gees. Die liggaam word heilig in die sin dat dit die draer van God se Gees word. Die nuwe mens kry ook 'n nuwe siel. Hy dink met nuwe gedagtes waarin God die middelpunt van sy bestaan word, hy ervaar emosies wat veral deur die liefde van God binnegedring is. Sy wil is onderwerp aan God se wil wat hom gewillig en bekwaam maak om God se wil te doen. Praat van kompleksiteit, hier is nou kompleksiteit. Oor die ganse nuwe mens se bestaan is daar 'n nuwe identiteit, naamlik die van kind van God, 'n nuwe doel; om God te eer, Sy koninkryk te laat kom en God se liefdeswil hier op die aarde uit te lewe. Die liggaam se belangrikheid neem af in die wete dat die liggaam moet sterf en dat daar spoedig ook 'n nuwe liggaam gegee sal word.

Al wat dan nog oorbly om te sê is dat die mens in sy arrogansie sy hand totaal oorspeel het toe hy probeer het om homself te verklaar. Jammer Sielkunde, jy is te lig in die broek vir hierdie taak. Die mens is God se wonderskepping en Hy alleen kan die mens in sy verskillende gedraginge en funksioneringe begryp.

Eljad: God het geweet.

Gehoorsaamheid was die struktuur waarbinne die eerste samelewing gefunksioneer het. Vir Adam en Eva was daar nie reëls en wette wat hulle samelewing struktuur en orde gegee het nie. Daar was net die struktuur van gehoorsaamheid. Solank hulle gehoorsaam was, was hulle binne 'n perfekte samelewing. Ongehoorsaamheid het die skelet van 'n geordende samelewing vernietig totdat dit soos 'n liggaam sonder skelet inmekaar getuimel het. God het ingegryp en weer struktuur aan die wanorde verleen deur die instelling van wette wat weer 'n mate van orde gegee het. Die voorbehoud was egter nog steeds dieselfde naamlik dat die wet van gehoorsaamheid alles ordelik gereël het. Telkens, deur die mens se geskiedenis, het ongehoorsaamheid die orde vernietig en anargie en chaos gebring. Weliswaar is die wet na Jesus se koms met iets beter vervang om orde uit die sondechaos te skep. Die nuwe ordereëling was gefundeer in 'n nuwe struktuur. Hierdie struktuur was die van liefde. Die mens wat aan God behoort, het as kind van God, die liefde van God deur die inwoning van die Heilige Gees ontvang. 'n Nuwe wet is vir die mens op die tafel van sy hart geskryf naamlik die wet van liefde. Uit hierdie wet het 'n nuwe ordestruktuur tot stand gekom. Die nuwe struktuur is gekenmerk deur liefde, geloof, selfopoffering, selfverloëning, vergifnis, selfvergifnis, vergifnis van ander, hoop, en die vrug van die Heilige Gees se inwoning soos vreugde, vrede, goedhartigheid, geduld,

vriendelikheid, getrouheid en nederigheid en selfbeheersing. Die voorbehoud het egter nooit verander nie. Steeds was die kern van alles gehoorsaamheid. Al was dit nou 'n nuwe gehoorsaamheid met nuwe denke uit 'n nuutgebore hart. Weereens sou gehoorsaamheid die toets van alles word. Daarom sal in die laaste instansie voor God se troon die vraag nog steeds die van Mat. 25:35 wees:

1. *Het jy My gevoed toe ek honger en dors was?*
2. *Het jy my as 'n vreemdeling ontvang en versorg?*
3. *Het jy my geklee toe ek koud en naak was?*
4. *Het jy my versorg toe ek siek was?*
5. *Het jy my in die tronk besoek?*

In Mat. 10:24 staan die volgende opgeteken ten opsigte van 'n teken dat die eindtyd naby is:

En omdat die wetteloosheid sal toeneem sal die liefde van die meeste verkoel.

Indien na die wanorde, wetteloosheid en ongehoorsaamheid van die huidige samelewings oor die wêreld gekyk word, weet ons een ding en dit is die waarheid van Mat. 24:32 en 33:

Leer die les van die vyeboom:

Sodra sy takke begin sag word en blare uitstoot, weet julle dat die somer naby is.

So moet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat dit (die einde) naby is, voor die deur.

13 Februarie

Geld en kontraste

Eljakim: God sal bevestig.

(Lukas 16)

Om hierdie bespreking te kan volg moet die gedeelte in Lukas 16 gelees word.

Kontraste in menslike ervarings ten opsigte van geld, kom in hierdie aangrypende gedeelte in Lukas 16, heelwat voor. Dit is veral die kontras tussen die rykdom van die hemel en armoede van die hel wat opval. Die gedeelte word dan ook paslik afgesluit met die verhaal van die ryk man en Lazarus (vers 19), hulle lewens, hulle afsterwe en wat met hulle na hulle afsterwe gebeur het.

Die gedeelte vanaf vers 1 tot 18 word deur kommentators beskryf as van die moeilikste dele om te verklaar. Van die verklarings wat vir hierdie gedeelte aangebied word is die volgende:

1. *Moenie die middele tot jou beskikking onverstandig gebruik nie, want hulle behoort nie aan jou nie maar aan God.*
2. *Geld kan vir goeie of slegte dinge gebruik word; gebruik jou geld dus vir goeie dinge.*

3. *Geld is 'n magtige middel wat met versigtigheid en insig gebruik moet word.*

4. *Ons moet ons materiële middele so aanwend sodat dit in die lewe wat hierna kom, tot ons voordeel sal wees. (Bybel in Praktyk: p. 1556)*

Dit is egter ook moontlik om op 'n ander manier na hierdie gedeelte te kyk. In die oorspronklike teks is daar nie opskrifte in Hoofstuk 16, wat die gedeelte in dele opbreek nie. Die gedeelte oor die ryk man en Lazarus vorm dus 'n geheel met die gedeelte van vers 1 tot 18. Kom ons kyk of die geheelbeeld nie 'n aanvullende interpretasie van Lukas 16 moontlik maak nie.

*In Lukas 16: 1 begin Jesus met 'n verwysing na 'n ryk man: **Daar was 'n ryk man----** Vir agt versies word vertel hoe die ongelowige ryk mense met geld en goed omgaan (manupuleer, skelmstukke, die prys van skelmstreke, die misbruik van mag, verkeerde boekhouding ens.). Jesus sluit die gedeelte af deur die stelling te maak dat die gelowiges by die ongelowiges iets kan leer wanneer gekyk word hoe die ongelowiges met geld en met mekaar omgaan; **Die kinders van hierdie wêreld tree verstandiger teenoor mekaar op as die kinders van die lig.** Dit beteken nie dat die kinders van die lig nou met skelmstreke moet omgaan nie. Dit mag beteken dat, onder andere, gekyk kan word na hoe effektief die sondaars hulle afgod, mammon, dien en hoeveel respek hulle vir mekaar se skelmstreke het, solank daar geld gemaak kan word. Die kinders van die lig sou dalk kon leer dat mense respek vir mekaar moet hê wanneer 'n doel effektief en met oorgawe*

nagestreef word. In die geval van die kinders van die lig sal dit dan die soek van God se koninkryk wees in liefde vir mekaar.

Vanaf vers 19 begin Jesus vertel van die ryk man en Lazarus. Hy begin hierdie gedeelte presies soos in vers 1: **Daar was 'n ryk man---**Weer word vertel van 'n ryk man en hoe hy geleef het. Dit laat die gedagte ontstaan dat die gedeelte wat nou volg iets te doen moet hê met die eerste gedeelte van die hoofstuk aangesien albei begin met: **Daar was 'n ryk man--** Kom ons kyk of die verhaal van Lazarus vir ons meer lig kan werp op die eerste gedeelte van die hoofstuk.

In vers 9 sê Jesus: **Maak vir julle vriende deur die oneerlike mammon.** In die verhaal van Lazarus in vers 21 staan dat Lazarus gesmag het om iets te ete te kry van die rykman se tafel af. **Maar** slegs die honde het sy swere kom lek. Die ryk man kon die oneerlike mammon gebruik het om vir hom 'n vriend van Lazarus te maak **maar** hy het verkies om dit nie te doen nie.

Vers 9 vervolg met die woorde: **Maak vir julle vriende deur die oneerlike mammon sodat wanneer dit tot 'n einde kom hulle julle in die ewige woning mag ontvang.** Hierdie gedeelte sluit aan by vers 22 in die verhaal van Lazarus: **Toe die bedelaar sterf is hy weggedra om teen die bors van Abraham te rus. Die ryk man het ook gesterf en is begrawe. Albei se lewens het dus tot 'n einde gekom. Albei het ook hulle ewige woning ontvang.**

In vers 10 staan: **Wie in die geringste betroubaar is, is ook betroubaar waar dit om baie gaan, en wie in die geringste oneerlik is, is ook oneerlik waar dit om**

*baie gaan. As julle dan nie betroubaar was wat die oneerlike mammon betref nie, wie sal julle met die ware rykdom vertrou? Vers 12: en as julle onbetroubaar was met 'n ander se goed, wie sal vir julle gee wat julle eie is. Die interpretasie raak hier moeilik. Dalk kan dit iets te doen hê met die manier waarop die ryk man, in die verhaal van Lazarus, onbetroubaar met die baie van 'n aardse bestaan, omgegaan het. Die ryk man was onbetroubaar met die baie van die aardse lewe en daarom kon hy nie met die dinge van die hemel vertrou word nie. Die arm man het geleer om met die minste te oorlewe en so is hy voorberei om die skatte van die die hemelse rykdom te hanteer. Die hemelse sal dus 'n kontras met die aardse wees, daar sal 'n omkering wees soos die Skrif sê; **Die wat eerste is sal laaste wees en die wat laaste was sal eerste wees (Markus 9:35).** Ons word ook gewaarsku om nie vir ons skatte op die aarde bymekaar te maak nie maar om te soek na die ewige skat in die hemel (Mat.6:19).*

*In vers 13b staan: **Julle kan nie God en mammon dien nie.** Tussen God en mammon is daar 'n geweldige verskil, soos 'n groot kloof wat onoorbrugbaar is. Lig en duisternis het niks in gemeen nie. Die raakpunt met hierdie afstand, tussen God en mammon, word gevind in die verwysing na 'n groot kloof tussen die hemel en die hel: **En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle gevestig (Lukas 16: 26).***

*Jesus sê in vers 14 vir die Fariseërs: **dit is julle wat julleself voor die mense regverdig voordoen, maar God ken julle harte, want dit wat deur mense hoog***

aangeskryf word, is 'n gruwel voor God. Hierdie gedeelte mag in verband gebring word met die smeekbede van die ryk man in die hel dat sy broers gewaarsku moet word teen die verskriklike lot wat die mense te wagte is wat wel van mense eer ontvang maar in werklikheid inherent verrot is (vers 28).

*Verse 29, van die verhaal van die ryk man, het weer 'n sterk raakpunt met vers 16. Vers 29: **Maar Abraham sê; Hulle het die wet en die profete.** Die ryk man reageer deur te sê: **---as iemand uit die dood na hulle gaan, sal hulle hulle bekeer. Abraham reageer: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, selfs al sou iemand uit die dood opstaan.***

*Vers 16: **Tot en met Johannes het die Wet en die Profete gegeld, maar van toe af word die Evangelie van die koninkryk van God verkondig---***

*In albei hierdie gedeeltes is daar sprake van die ou verbond van Wet en Profete en die nuwe verbond van Jesus en Sy Evangelie, wat geproklameer word met **al sou iemand uit die dood opstaan en as iemand uit die dood na hulle toe gaan, aangesien Jesus se evangelie by uitstek bevestig word in Sy opstanding uit die dood.***

*Dit is onmoontlik om deur wetsonderhouding, en deur self hard te werk, in die koninkryk van God in te gaan. Vir die wat met eie **mag** probeer in die koninkryk van God **in te gaan** (vers 16), geld dat die hele wet onderhou moet word en dat nie van een strepie van die wet afgewyk mag word nie. Hiervan is die onderhouding van die wet op **geskeides** net 'n voorbeeld (vers 17 en 18). Abraham*

antwoord die ryk man in vers 31 duidelik dat mense wat onder die ou bedeling van wetsonderhouding gekies het om nie die wet te gehoorsaam nie, ook nie na die opstandingsevangelie van Jesus sal luister nie.

Dit wil dus voorkom of hierdie gedeelte in Lukas 16 nie soseer gaan oor aardse rykdom nie, maar die rykdom van die ewige lewe in die hemel by God en die armoede van sonder God te wees in die hel.

14 Februarie

Genesing

Eljasaf: God het verhoog.

Wat beteken die volgende twee Bybelgedeeltes:

Jes. 53:6: Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom,

1 Pet. 2:24: deur Wie se wonde julle genees is?

Pastoor Andrew Wommack (Andrew Wommack Ministries) verklaar die twee gedeeltes soos volg:

Ons is reeds deur Jesus se wonde van alle siektes genees. Ons moet dit aanvaar en die siekte aanspreek om tot gesondheid terug te keer. Die uitgangspunt het wonderlike genesings tot gevolg. Een persoon wat 'n ernstige kankergewas so groot soos 'n man se twee vuiste voor op sy bors ontwikkel het en later so swak was dat hy bedlêend geword het, het met die benadering wat Pastoor Wommack voorstaan, gesien hoe die kanker gewas stadig begin krimp het totdat hy heeltemal genees was en genees gebly het. Talle getuïenisse oor die wêreld het geloofwaardigheid aan hierdie benadering gegee.

Pastoor Wommack gebruik nog 'n gedeelte in die Bybel om sy benadering steun te gee naamlik Matt. 6:10:

Laat U wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde. Pastoor Wommack verklaar hierdie gedeelte soos volg:

God se wil in die hemel is dat daar nie siekte sal wees nie. Ons moet bid en glo dat wat ons bid, ons reeds ontvang het. Dan kan ons verwag dat God se wil van gesondheid vir die mens, soos in die hemel, ook op die aarde sal plaasvind.

Ten opsigte van hierdie benadering van genesing en gesondheid is daar 'n paar aspekte wat pla. Kom ons kyk na enkeles daarvan:

- 1. Indien die Onse Vadergebed gebruik word, is dit belangrik dat na die hele gebed gekyk word. Hieruit is dit duidelik dat die bede dat God se wil moet geskiet een van drie bedes is waarmee die gebed begin. Die eerste drie bedes handel oor die Koningskap en Goddelike eer van God naamlik: God se eer, God se Koninkryk en God se wil. Die klem val op God en nie die mens nie. Die mens kan maklik sy fokus verkeerd plaas en dink dat alles oor die mens gaan. Wanneer jy dan ook na die meeste mense se gebede luister is dit duidelik dat die mens indirek eintlik die volgende bid:*

*Here, maak **my** belangrik, gee my eer.*

*Here, bou tog **my** koninkryk uit, my mag, my invloed en my belangrikheid.*

*Here, U weet wat **ek** wil hê, sal U dit asseblief vir **my** gee?*

- 2. Hierdie gebedsgesindheid plaas die mens in die sentrale plek. Die fokus is op die mens en dit wat vir die mens belangrik is. Die mens word tot afgod verhef en die fokus van die gebed is verkeerd. Daar is in so 'n gebed bitter min van die selfverloëning wat Jesus van ons verlang indien ons agter Hom*

wil aankom (Mat. 10:38). Die tyd waarin ons leef word by uitstek gekenmerk deur die Humanisme, die vergoddeliking van die mens.

God se wil, bedoelende net gesondheid vir die aardse mens, word dus heeltemal skeef getrek met die benadering van Past. Wommack. God se wil is dat die mens soos God moet word. Dit vind plaas deur Jesus te volg en dikwels, soos Jesus, te ly. Dit gaan nie oor die mens se voortdurende gesondheid en voorspoed nie. Ons is immers nie hoër of beter as ons Meester nie. Lees maar net *1 Petrus* en sien hoeveel lyding word vir die mens se geestelike voordeel voorspel.

3. Die gedeelte in *1 Petrus 2:24* wat aangehaal is, (*deur Wie se wonde julle genees is*) is die (b) gedeelte van die vers. Die (a) gedeelte klink so:

Hy wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe;

Die *genesing* waarvan hier sprake is, kan eerder met die genesing van ons siele as met die genesing van ons liggame in verband gebring word.

4. Kom ons kyk vir 'n wyle na die geskiedenis van koning Hiskia (2 Konings 20). Hy was in sy vyftigs toe God die profeet, Jesaja, na Hiskia toe gestuur het, om vir hom die tyding te bring dat sy siekte terminaal is, en dat hy binnekort sal sterf. Hiskia was 'n absolute modelkoning tot op hierdie stadium. Indien Hiskia gesterf het op die tyd wat God bepaal het, sou ons hom eerder as ander konings, soos Koning Dawid, onthou het vir sy voortreflike diens aan God. Koning Hiskia pleit egter by God dat hy genees

moet word. God weet beter, maar verhoor Hiskia se gebed en genees hom. Die res van koning Hiskia se geskiedenis is 'n ramp. In sy verlengde lewe word Manasse, sy seun gebore en word Manasse die opvolgkoning na Hiskia. Derduisende Israëliete het in die ewige hel beland as gevolg van Manasse se invloed. Hy was seker die slegste, goddeloosste koning ooit. Tot binne in die Tempel het hy aan afgode geoffer. Indien Hiskia op sy bestemde tyd gesterf het, sou Manasse nooit gebore gewees het nie.

5. Daar is niks nuuts onder die son nie. Ons kry die arme Eva jammer omdat sy so maklik vir satan se leuens geval het. Tog is ons vandag nog net so kwesbaar vir sy verleiding. Ons probeer nog steeds soos God wees, nes Eva. Steeds glo ons satan se leuens dat dit wel moontlik is. Ons jaag naarstiglik kennis na, soos Eva, in die waan dat ons soos God kan word deur alles te ken. Maar meer nog, ons glo satan se leuen dat hierdie lewe bedoel is om net in voorspoed te leef. Die voorspoedsteologie is haas in elke kerk teenwoordig. Mense is sulke gewillige slagoffers van satan se leuens dat die mens se lewe hier op die aarde bedoel is om gesond, voorspoedig en aangenaam te wees. Jesus self het ons gewaarsku dat ons dit moeilik in hierdie lewe sal hê (Joh. 16:33). Die briewe van Petrus is vol van die lyding wat mense op hierdie aarde sal beleef. Wie van Jesus se volgelingen is nie aan lyding blootgestel nie. Die meeste van hulle het 'n marteldood gesterf. Die deugde van lyding word voortdurend vir ons in die Bybel uitgelig soos: *My broeders julle moet bly wees wanneer allerlei*

beprowings oor julle kom (Jak 1:2). Omdat die mens so graag self iets en iemand wil wees, luister hy graag na selfhelpseppies oor hoe om homself te verbeter, te verryk, te genees en gelukkig te maak. Die Nuwe Testamentmens moet verwag om sy seën in lyding te vind, soos Jesus dit duidelik in die bergpredikasie vir ons uitspel (Mat. 5:3 tot 10)

6. Die uiteinde van 'n mens se ernstige siekte is gewoonlik die liggaamlike dood. Dit is presies wat God vir die mens voorspel het na die mens se sondeval in die paradys (Gen. 2:17).---*die dag as jy daarvan eet, sterf jy*. Siekte is in sy diepste kern net die simptoom van die tydelikheid van die mens se aardse bestaan, 'n tydige waarskuwing om sy saak met sy Skepper reg te maak. Die lyding van siekte help ons om na die heerlikheid van die hemel, sonder siekte, pyn en lyding, uit te sien.
7. Jesus het baie mense genees. Vandag nog vind daar genesings plaas soos Jesus beloof het. Sommige mense ontvang die gawe van handoplegging en genesing. Daar kan nie verklaar word dat dit nie God se wil is dat Goddelike genesing moet plaasvind nie. Daar is egter een baie belangrike element wat altyd eerbiedig moet word, naamlik: *Nogtans nie my wil nie maar U wil geskied (Mat. 26:42)*. God weet beter. Hy weet hoe om die fokus op Homself te hou. Hy weet wat die beste vir die mens is. Hy weet wat Hy wil bereik en hoe Hy dit wil bereik en wanneer Hy dit wil bereik in 'n mens se lewe.

15 Februarie

Glo 1

Eljasib: God het teruggebring.

Daar is heelwat sleutelversies in die Bybel. 'n Paar van hulle is die volgende:

Jakobus 5: 14 en 15:

*As iemand van julle siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente roep sodat hulle vir hom kan bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olyfolie gesalf het. Die **gelowige** gebed sal die sieke gesond laat word en die Here sal hom weer laat opstaan.*

Jakobus 2:24:

Julle sien dus dat 'n mens op grond van dae geregverdig verklaar word, en nie deur geloof alleen nie.

Mat. 6: 33:

Maar soek bo alles (soek eers) na God se koninkryk en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Gal. 5:6:

Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dae oorgaan.

Joh. 15:4

Julle moet in My bly en Ek in julle.

Geloof moet voortdurend in jou ingegiet word soos water uit 'n gieter.

Om ontvanklik vir die lewende water van die geloof te wees, is dit nodig dat jy in God bly soos God in jou bly.

Verder moet jy op God fokus en nie jou eie geloof beproef soos Petrus nie. Hy het sy oë van Jesus afgehaal en toe in die see begin sink(Mat. 14:29). Indien jou fokus skuif van Jesus af na die sekulêre wêreld toe, en jy begin die dinge van die wêreld sien, hoor, geniet, bedink en oordink, word jy aan die wêreld gelyk. Dan word dit moeilik om op God te bly fokus.

Verder is dit nodig om God se wonders in jou lewe te bedink en te onthou. Ons almal het een of ander tyd God se wonderwerke in ons lewens ervaar. Ons moet die wonders onthou, bedink en Hom daarvoor dank. God bly dieselfde en dieselfde God wat jou voorheen bygestaan en uitgered het, sal dit weer doen. Vertrou Hom.

Indien God se wonderwerke in jou lewe vir jou begin vervaag is dit nodig dat jy die Bybel noukeurig ondersoek en God se wonderwerke van getrouheid en betroubaarheid, soos dit vir ons opgeteken is, opnuut weer ontdek.

Geloof in God se Almagtige Goedheid word versterk wanneer jy onthou dat Hy oneindig lief is vir jou. Om te onthou alleen, is nie altyd genoeg nie. Jy moet ook aanvaar dat dit waar is en dat Sy liefde ook vir jou bedoel is.

Indien jy jou geloof gaan fokus op jouself en wat vir jou en jou koninkryk belangrik is, kan jy nie verwag dat God jou moet seën nie. *Soek eers God se Eer, Sy koninkryk en Sy wil en al die ander dinge wat jy nodig het, sal vir jou bygevoeg word.*

Al vergeet jy alles, onthou dan net hierdie een ding naamlik, dat jy God eer wanneer jy Hom vertrou.

16 Februarie

Glo 2

Eljoënai: My oë is op God gerig.

Glo jy?

Het jy geloof?

Miskien sal jy sê: ***Ja, ek glo -----maar, nie altyd nie.*** Of miskien sal jy sê: ***Nee, ek glo nie in al die ou storietjies nie.*** Of dalk sê jy: ***Ek dink ek glo, ek hoop so, maar ek is nie seker nie.***

Miskien wil jy seker wees dat jy glo. Dan moet jy Romeine 10:3 lees.

In Romeine 10:3 staan:

Elkeen wat uitroep:

Here help my!

sal gered word.

Indien jy al hierdie ou kort gebedjie gebid het, of van plan is om te bid: ***Here help my!*** het die Bybel goeie nuus vir jou.

Dan is jy ook een van die ***elkeen*** waarvan hier gepraat word. Dan is jy mos ook een wat al uitgeroep het: ***Here help my!*** Jy weet mos dat God nie lieg nie. Indien jy weet dat Hy nie lieg nie, glo jy dat Hy die waarheid praat. Dit beteken jy glo Hom en wat Hy sê. **Dit beteken dat jy glo.** En omdat jy glo, weet jy ook ***dat Jy***

gered sal word. Romeine 10:3 sê dat jy gered sal word indien jy uitroep: **Here help my!**

Die goeie nuus is dan ook dat jy nooit weer hoef te twyfel nie. **Jy glo.**

Waarom sal jy tog tot God roep, indien jy nie glo dat Hy bestaan nie, indien jy nie glo dat Hy iets vir jou kan doen nie? Gin mens sal tog met iemand praat indien hy nie glo dat die persoon bestaan en hom kan hoor nie.

17 Februarie

God is goed

Elkana: God het geskape.

(Met dank aan Andrew Wommack en die Heilige Gees)

God is goed. Hy begeer vir jou net die beste. Hy is jou liefdevolle Vader. Hy gee net wat goed is vir jou Sy geliefde kind. Hy gee nie verkragting, moord, gebreklikheid, ongelukke, kanker, ellende en verwoesting nie. Hoe kan Hy dit in Sy groot liefde vir jou gee? Indien jy God wil verstaan in hierdie opsig moet jy na Hom kyk soos Jesus Hom aan ons kom openbaar het. Jesus het nooit mense siek gemaak, sleg behandel, hulle gebreklik gemaak, hulle gedood, in ongelukke laat beland nie. Indien jy God in Sy goedheid kan begin aanvaar sal jy groot vrede in jou binneste kry. Meer nog jy sal God kan begin vertrou. Hoe is dit moontlik om God te kan vertrou indien jy Hom nie vir Sy goedheid kan vertrou nie. Jy sal nooit werklik tot vertrou in Hom kom indien jy nie glo dat Hy goed is nie. Jy sal altyd bang wees dat Hy naas Sy seën van die oomblik dalk die volgende oomblik jou 'n klap sal gee en jou op een of ander manier sleg sal behandel.

In Johannes 9 kom daar 'n groot toets vir ons glo in God se goedheid. Hier word die verhaal weergegee van die blindgebore man wat deur Jesus genees is. Die dissipels wou by Jesus weet wie van die man of sy ouers gesondig het, sodat die man blind gebore is. Jesus wys hulle verkeerde aannames uit en sê in vers 3: ----
hy is blind gebore sodat die werk wat God doen in hom gesien kan word. Hieruit sou dit maklik wees om te begin glo dat God nie goed is nie en slegte dinge aan

mense doen. God is immers die Een wat die man blind laat gebore word het. Wanneer 'n mens die gedeelte in die konteks van die hele hoofstuk lees verdiep die gebeure en leer ons iets meer van God se wonderlike goedheid ken. Aanvanklik lyk dit of die man sleg deur God behandel is deurdat God hom blind gemaak het van sy geboorte af. Dit is moontlik om so 'n verkeerde beeld van God te kry asof God wreed en sonder gevoel en liefde is. Die teendeel is egter waar. Deur hierdie man se blindheid het God die geleentheid vir miljoene mense geskep om tot geloof in Hom te kom. Nie alleen is die blinde man deur hierdie wondergenesing van Jesus oortuig dat Jesus die Seun van God is nie, maar ook baie ander mense wat hierdie blinde geken het, het tot geloof in God gekom. Nie net is baie gered in die tyd toe die wonder plaasgeving het nie maar miljoene mense het die afgelope 2000 jaar deur hierdie gebeure tot geloof in Jesus gekom. Indien die swaarkry van een mens vir 'n relatief kort tydperk vir daardie mens en miljoene ander soveel seën kon bring, oortuig dit ons van die goedheid van God. In 'n sekere sin kry ons deel aan Jesus se lyding wanneer ons ly en mag ons lyding ander in God se Koninkryk inbring. Ons verstaan God verkeerd indien ons nou hier wil verstaan en menslikgesproke die direkte voordeel van Godsdiens wil beleef. God is veel groter as ons, Sy gedagtes is veel dieper en meer omvattend as ons gedagtes. Sy liefde en genade is groot. Ons kan dit waag om Hom te vertrou om vir ons net die beste te doen.

Dit laat 'n mens ook wonder oor wat goed is vir die mens en wat as seën vir die mens beskou kan word. Ons glo dat God alles laat meewerk tot die goeie vir die wat in Hom glo. By die blinde sien ons dat die goeie 'n veel wyer implikasie het as met net te kan sien. Goed kan vir God beteken dat die man deur 'n wonder tot sig gebring word, maar meer nog dat sy siel gered word en dat miljoene mense oor 'n tydperk van 2000 jaar tot geloof gebring word. Wat beteken dit dat God jou liggaam seën en versorg? Is dit net onmiddellike gesondheid, of is dit dalk soos by hierdie blinde man uitgestelde gesondheid of ander voordele groter as fisiese gesondheid? So kan dit ook met materiële voorspoed die geval wees. Dikwels lei materiële oormaat tot afvalligheid van God. Dink maar aan die gelykenis van die saaiër waar die plantjie wat opkom sukkel om tot volwassenheid en vrugdra te kom omdat dit deur onkruid verdring word. God stel hierdie onkruid gelyk aan onder andere die sug na rykdom en bekommernis. So kan rykdom 'n hindernis word in vrugdra. God wat 'n goeie God is kan juis ons seën met materiële armoede om ons so geestelik ryk te maak.

Dalk sal God se vrede en die vreugde in Hom deur die heerlike wete van Sy goedheid blyk deur hierdie waarhede oor God. Soos Hy alles vir ons ten goede laat meewerk sal die dieper insig in Hom, Sy goedheid, Sy liefde, Sy Vaderskap, Sy voorsiening en Sy doel met ons, daartoe lei dat die geloof in Sy goedheid en liefde net verdiep soos ons meer van Sy Goddelike werkinge begin verstaan, selfs wanneer daar lyding is.

18 Februarie

God of satan

Elnaäm: God is vreugde.

Soos daar tussen die hemel en die hel 'n diep kloof is, en daar nie van die een na die ander oorgegaan kan word nie, is daar in die aardse bedeling ook 'n kloof. Aan die een kant is daar die lewe wat aan God oorgegee is en aan die ander kant is daar die lewe wat deur satan beheers word. Tussen die twee kante is daar 'n magtige skeiding; aan die een kant is daar lig en aan die ander kant is daar duisternis. Kom ons kyk na nog dinge wat die Lig en duisternis onderskei:

Lig

duisternis

Hartsgeloof

verstandelike beredenering

Vertrou

verstaan

Geloof

intellek

Oorgawe

beheer

God

self

Gehoorsaamheid	ongehoorzaamheid
God se wil	self se wil
Liefde	haat
God	geld
Selfverloëning	selfhandhawing
Gees	vlees
God	satan
Hemel	hel
Christelik	sekulêr
Fundamenteel	liberaal
Diensbaar	selfgerief
Vreugde	trane
Wysheid	dwaasheid
Gee	inpalm
Geloof	twyfel
Afhanklik	selfgenoegsaam
In God	in self

Rus	onrus
Stilte	Geraas
Orde	Wanorde
Dissipline	doen wat jy wil
Wetsgehoorsaam	losbandig
Eerlik	skelm
Vrede	geveg
Vergenoeg	ontevrede
Stille berusting	opstand en bevraagtekening
Lewe	dood
Hoop	wanhoop
God en Lig	satan en duisternis

19 Februarie

God se Goedheid en Sy Genade (1)

Elpaül: God het gewerk.

In Romeine 11:22 staan in die *Amplified Bible* die volgende opgeteken:

Note and appreciate the gracious kindness of God

Provided:

You continue in His grace and

Abide in his kindness.

In aansluiting hierby sê Jesus:

Bly in My, en dan gebruik Hy die beeld van die loot wat wat in die wingerdstok moet bly anders kan daar geen vrug aan die loot gevorm word nie (Joh. 15:1-8)

Hoe *continue* 'n mens in God se genade? Om te kan voortgaan moet daar tog 'n aksie wees wat kan voortgaan. In hierdie geval die ontvang van genade. Bly dus voortgaan in die ontvang van God se genade. Dieselfde geld vir die inwoon in God se liefdevolle goedheid. Daar moet dus 'n voortgang wees, nie onderbrekings nie, nie 'n bietjie wêreld en dan weer 'n bietjie God nie. Hier is sprake van 'n definitiewe keuse, 'n lewenskeuse, 'n radikale keuse en 'n bly by jou keuse. Dit is slegs moontlik indien dit waarvandaan weggekies is nie meer opduik en 'n rol in jou lewe speel nie. Die feit dat daar 'n voorwaarde genoem word impliseer dat die vermoë daar is om 'n keuse te kan uitoefen. Jy kan dus kies om te bly in Sy

genade en Sy liefde of jy kan daarteen kies. Die keuse is alleen vir die mens wat God se genade en liefde reeds aangeneem het. Alleen die een wat onder die genade is en reeds in God se liefdevolle arms is, kan kies om daar te bly of nie.

Eintlik is dit nie 'n keuse nie. Wie sal nou kies om nie in God se genade te bly en deur Hom liefgehe te word nie. Tog is dit so belangrik dat die keuse vir ons in die Bybel opgeteken is. Een van die redes waarom dit op ons harte gedruk word om in hierdie genade te bly, is die verskriklike sluheid en leuenagtigheid van satan. Hy werk deur twyfel en halwe waarhede. In hierdie verband is die geweldige effektiewe leuen van satan om die mens te laat glo dat die ou mens, wat hy was, nog nie afgesterf het nie. Solank satan hierdie leuen vir die mens aan die lewe kan hou, kan daar nooit vryheid en volkome oorgawe aan God wees nie. Daarom is die meeste gelowiges dikwels in twyfel oor hulle ou lewe se invloed in die nuwe lewe in Christus. Hulle onthou dikwels ou sondes uit die ou lewe. Hulle wonder of daar nie nog een of ander binding uit die verlede op hulle lewens is nie. Hulle wonder oor genetiese oorerwing en of hulle nie maar net 'n slegte humeurige temperament geërf het nie. So hou satan hierdie worstelende gelowige gevange met sy leuens. Die waarheid is natuurlik dat die wedergebore kind van God nuutgemaak is. Die ou mens het gesterf saam met Christus (Rom.6:8). Hy is dood, mordsdood. Hy leef nie meer nie. Hy het opgehou om te bestaan. Daar is nie meer iemand soos die ou mens oor nie. Daarom kan God verklaar dat Hy nie meer aan die sondes van die ou mens dink nie. Daar is nie meer 'n ou mens om aan te dink

nie. Hy het opgehou om te bestaan. Satan kan dit nie aanvaar nie en poog, soms baie effektief, om die gelowige aan hierdie waarheid te laat twyfel. Kom ons kyk wat sê God in hierdie verband:

1. *Mat.16:24: Hy wat agter My aan wil kom, moet homself verloën, sy kruis opneem en My volg. (deur die dood en die opstanding).*
2. *Gal. 2: 20: Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.*
3. *2 Kor. 5:17: Alles het nuut geword. Die ou dinge het verbygegaan.*
4. *Rom.6:1: Hoe kan ons wat dood is vir die sonde nog daarin voortlewe? Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie. 6. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Dood, morsdood, afgehandel, verby, bestaan nie meer nie.*

Elpelet: God is redding.

Ongelukkig kan satan die Bybel ook teen ons gebruik soos hy dit teen Jesus probeer gebruik het. In hierdie verband het satan dit reggekry om Romeine tot groot verwarring en geestelike verswakking by die gelowige mens te gebruik. Dit is die gedeelte in Rom. 7:15 waar Paulus verklaar:

Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat juis dit doen ek.

18: Daar is by my wel die wil om die goeie te doen maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.

Baie gelowiges is al deur hierdie woorde geestelik ontspoor. Hulle redeneer dat indien Paulus nie eers met die goeie kon volhard het nie en gedurig deur die slegte oorrompel is, wanneer hy die goeie wou doen, hulle geen kans staan om die kwade te oorwin nie. Paulus word dan die voorbeeld van val en opstaan. Daarom word die eie val en opstaan verskoon en daar word verkeerdelik aangeneem dat die mens maar altyd swak sal wees en dat die ou mens maar altyd weer beheer sal kan oorneem oor die nuwe lewe in Christus.

Die feit is egter dat Paulus in hierdie gedeeltes in Romeine 7 en 8 drie tydperke in die mens se geskiedenis, van sonde tot vergifnis, beskryf; Daar is 'n tydperk

van die natuurlike sondige mens voordat die wet gekom het, dan is daar 'n tydperk wat na die wet gekom het tot voor Jesus se koms, en dan is daar 'n derde tydperk van na Jesus se koms, nadat die Heilige Gees uitgestort is. Die hele tyd is Paulus besig om te beweeg tussen hierdie drie tydperke in sy beredenering van die saak. Daar was 'n tydperk in die mens se lewe, nadat hy die wet ontvang het, voordat Jesus gekom het om hom vry te maak, dat hy onder die wet gepoog het om die wet te onderhou, maar voortdurend misluk het. Dit is vir hierdie tyd wat die verwarrende stelling van Paulus gemaak is, as 'n voorbeeld van hoe mense in daardie stadium gefunksioneer het. Na Jesus se koms en die uitstorting van die Heilige Gees het alles egter verander. Luister wat sê Paulus van hierdie heerlike lewe onder leiding van die Heilige Gees:

1. *Romeine 8:4*

Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat nie ons lewens deur die sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

2. *2 Kor. 5:17*

Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

3. *Gal. 3:25*

Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie.

4. *Efes. 1:4*

So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

5. Kol. 2:11

Deur julle verbondenheid met Hom, is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.

Moet jou dan nie laat mislei deur satan se leuens nie. Jou ou mens met sy sondige drifte en drange het gesterf. Vergeet van hom. Jy is weer gebore en 'n nuwe identiteit het ontstaan. Jesus se Heilige Gees het die nuutgebore jy se eerste lewensasem geword. Deur Sy inwoning is dit inderdaad moontlik om te *continue* en te *abide* in God se *genade* en sy *liefdevolle goedheid*.

Elsabat: God het gegee.

1. *To walk in faith you have to overcome fear.*
2. *If you will but receive.*
3. *Judge or love.*
4. *We are called not to be humble but to worship.*
5. *Live to let go- Joseph Prince*
6. *Altera- Fear not, for I am with you.*
7. *Twyfel (doubt): to think twice.*
8. *Hurry, worry, bury.*
9. *Yahwe is a verb: continuous, unfinished action.*
10. *Yehova: Vals naam om die misbruik van God se Naam te verhoed.*
11. *Yasha means: to resque, to help, to defend, to preserve, to make free, to attain victory, to bring to safety, to heal and to save.*
12. *Yasha is what we spend our lives looking for.*
13. *From the word Yasha comes the word Yeshua .*
14. *Yeshua means salvation.*
15. *The English for Yeshua is Jesus.*
